



U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · Jan. 1977

# vernuwing verslete ?

1976 was in baie opsigte 'n skouspelagtige jaar - 'n jaar waarin groot dinge tot stand gebring is en waardeur u van sowel die Universiteit as die biblioteekberoep se kant groot waardering en lof ingeoes het. So het die ingebruikneming van die nuwe Merenskybiblioteek aan die begin van verlede jaar u met 'n spanpoging vorendag laat kom wat ons nie maklik sal vergeet nie. Vir ons almal was daar baie nuwe dinge voor die deur wat ons vroegtydig op mars gebring het vir die uitdagings van die jaar en u het hulle een vir een met groot sukses die hoof gebied. U het in 1976 daarin geslaag om ons Biblioteekdiens 'n nuwe gees te laat adem en talle gebruikers het waarderend verwys na u gesindheid van vriendelike hulpvaardigheid en na die ontspanne goeie kollegiale verhoudinge wat so duidelik in ons Biblioteekdiens waarneembaar was.

Baie van u het aan die begin van verlede jaar vir die eerste keer by ons aangesluit en die entoesiasme waarmee u u nuwe taak aangepak het, was opmerklik. Ander het in 1976 die geleentheid gesien om ten opsigte van verskillende fasette van hulle werk vernuwing teweeg te bring. Almal was besiel met die gedagte om aan 'n nuwe Biblioteekdiens beslag te gee. Die vraag ontstaan of hierdie vernuwingstrewe nou aan die begin van 1977 nog in dieselfde mate by ons aanwesig is.

Ek meen my vraag hou verband met een van 1977 se belangrikste uitdagings, nl. om wanneer sake na die normale teruggekeer het en die nuutheid verslyt het nog immergroen te bly.Negentien-seween-sewentig sal 'n toets wees vir die diepte van ons toewyding en werksywer. Die nuwe dinge wat ons verlede jaar tot stand gebring het, moet nou op 'n realistiese en rasionele wyse gefundeer en verder uitgebou word. Die eise wat aan ons gestel sal word, is minder skouspelagtig, maar beslis meer intens. Is ek en u bereid om ons met net soveel toewyding en ywer te wy aan dié dinge wat minder opsigtelik en minder indrukwekkend is?

Die uitdaging is steeds daar, maar dit lê vanjaar op 'n ander vlak. Verlede jaar was dit byna 'n probleem om te midde van die grootsheid van alles, perspektief te behou. So is byvoorbeeld 'n rekordbedrag van digby 'n miljoen rand aan boeke en tydskrifte bestee.

Vanjaar het ons minder as helfte van daardie bedrag beskikbaar en om met die minder geld en middele tot jou beskikking steeds jou doel met entoesiasme na te streef en die nodige dienste te verskaf, stel ons voor 'n besondere uitdaging. Verlede jaar het ons met 'n groot aantal addisionele poste en nuwe personeellede die jaar tegemoet gegaan. Weens beperkte fondse sal ons vanjaar nie eers alle beskikbare poste kan vul nie - en dít terwyl daar 'n stapel aansoeke lê van persone wat verlang om by ons te kan aansluit.

Dan moet ek my taak en werk in 'n nuwe lig sien. Gedagtig aan soveel wat graag hier wil werk, moet ek die voorreg om te kan arbei, waardeer. Dit moet my aanspoor om die betrekking aan my toevertrou, waardig te wees. Per slot van sake word die sukses van my werk nie gemeet aan 'n tydelike skouspelagtige prestasie nie, maar veel eerder aan my getrouheid in die kleine en my volharding oor die lang termyn. Ek moet waak teen 'n ongebalanseerde hunkering na die nuwe wat tussen my en die sukses van my dagtaak kan kom staan. Innovasie begin immers by 'n krities-realistiese benadering van die eis van elke dag. Ons strewe om iets nuuts tot stand te bring, moet vanjaar ook aansluit by 'n vasberadenheid om te verfyn en te vervolmaak. As skeppers van 'n nuwe bedeling moet ons ons nou ook as meesters van die situasie bewys.

Prof. E D Gerryts
DIREKTEUR VAN BIBLIOTEEKDIENS.

# van die buiteposte
## diskoteek

Terwyl mev. Cecile Coertze Desembermaand stoksielalleen in die Toonkunsakademiegebou gesit het, het mej. Laetitia Jacobsz vir haar ouers in S.W.A. gaan kuier waar hulle 'n Strandhuis het. Daar het sy heerlik rondgery tussen Windhoek en Hentiesbaai. Hentiesbaai was glo so vol vakansiegangers dat daar nie plek vir 'n muis was nie. Dit lyk darem of Laetitia ook lekker gekuier het, want sy het met 'n pragtige goudbruin kleur teruggekeer.

Terug by die werk moes albei egter dadelik aan die werk spring, want daar was hope dinge wat gedoen moes word. Buiten al die werk het die studente ook nog met die hereksamens begin. Soos altyd bly dit een groot stryd, te oordeel aan die rooigehuilde oë!

Dit lyk of ons hier 'n baie bedrywige jaar tegemoedgaan, veral as 'n mens kyk na die baie eerstejaars wat ingeskryf het vir keuring.

---


## Uit die middestad

Op die 13de Desember 1976 gebeur dit. Die sub-aannemers oorhandig die biblioteek aan die bouaannemer, die bouaannemer aan die argitek en die argitek aan ons. Ons is tevrede met wat gebeur het en die opsigter het vir die biblioteek 'n potplant present gegee.

Intussen het ons onsself besig gehou met die "B.M.-projek" katalogus-kaartjies. 'n Stapel van sowat 8 000 het 'n lelike knou gekry. Die Wette en Ordonnansies is op datum, opskrifte is op die nuwe rakke aangebring en mnr. Theophilus du Toit skarrel heen en weer om sy rekords op hande op datum te kry.

Ons wil graag die Bindery bedank vir hulle flink en deeglike diens. Ons byna 800 tydskrifvolumes is gebind en terug op die rakke.

Met voorspoed en reën vir 'n koeler Merensky groet ons vanuit 'n snikhete middestad.



"Professor, kom kyk hier!"

# terloops...

TEGNIESE MEMORANDUM

DIE NEEM VAN STEEKPROEWE UIT DIE KATALOGUS

Van tyd tot tyd is dit nodig om ewekansige steekproewe van items in die Biblioteekdiens se katalogus te doen.

Verskillende metodes is al op die proef gestel om sulke steekproewe vinnig en doeltreffend te doen. Metodes wat berus op die tel van kaartjies (bv. neem elke 10de, 100ste of 1000ste kaartjie) het die nadeel dat hulle tydrowend is. Personeel wat die steekproef doen word dikwels onderbreek en vergeet dan waar hulle was toe hulle ophou tel het. Personeellede wat kort naels of stomp vingerpunte het, werk ook baie stadig, terwyl akute ongerief ondervind word deur diegene wat gril as hulle 'n kataloguskaartjie moet aanraak.

Om bostaande redes word die volgende metode van steekproefname aan die hand gedoen:

1. 'n Kombers word op die vloer in die middel van die uitleentoonbankarea uitgesprei.

2. Al die laaitjies word uit die katalogus verwyder en met die hyser na die derde vloer vervoer.

3. Op die derde vloer word die laaitjies in 'n willekeurige volgorde geneem, die pen word uitgehaal, en die laaitjies word bokant die opening omgekeer.

4. Al die kataloguskaartjies val nou deur die gat, verby die tweede en die eerste vloer. Teen die tyd dat hulle die grondvloer bereik, het hulle al oor 'n aansienlike area versprei. 'n Uitvoerige studie van die veranderlikes wat die spoed en rigting van vallende kataloguskaartjies beïnvloed (Joris, 1976b) het getoon dat outeur, titel en onderwerp nie as bepalende veranderlikes geld nie. Die kanse om op 'n gegewe deel van die toonbank te val, is dus gelyk vir enige kaartjie.

5. Die kaartjies wat op die kombers val, kan dus as 'n ewekansige monster beskou word.

6. Die ander kaartjies word weer geliasseer.

JORIS.

---

Biblioteekspreekwoorde

Moenie ou kaartjies uit laaie haal nie
Moenie van een kaartjie 'n hoop maak nie

# Aanval op IBL

Sedert Novembermaand is Inter se linies drasties verswak. Dit was die seisoen van eksamens, vakansies en bedankings: toestande gunstig vir die vyand! Spanning laai op langs die grense. IBL word gebombadeer met aanvraagvorms. Versterkings word vanuit die Laergrondvlak ingeroep. Met groot durf en moed takel mev. Tertia Kilian die uitdaging en die senuspanning word effens verlig. Die bondgenootskap word aan die einde van Desember weens eksterne faktore verbreek. Tertia moes haar onttrek uit die stryd. IBL gryp nou na strooihalmpies. Met groot blydskap word mev. Antoinette van Rensburg in die geledere verwelkom. Die vreugde was egter van korte duur. Slegs vier dae was hierdie styder aan ons sy toe sy wreed opgeruk word na 'n hoër vlak.

Nou verg dit fyn beplanning: hoe om die beste wyse van die bestaande vrouekrag gebruik te maak. Elkeen kry 'n taak om te verrig. Hierdie taak moet elke dag uitgevoer word, al is die opoffering hoe groot! Die dames is bedrywig soos miere voor die groot reën. Merenskybiblioteek word gepatroleer, dag en nag is hulle te bespied op die verskillende verdiepings. Elke vakgebied word leer ken en van alle kante bespied. Simpatieke ondersteuning word verkry van die derde verdieping - blykbaar was die 4 dae genoeg om 'n blywende indruk op Antoinette te maak! Die stryd word feller, die atmosfeer drukkend en benoud, dit voel asof chaos enige oomblik gaan losbars.

Skielik is daar nuwe hoop: Ansie! Nou wend ons 'n laaste desperate poging aan. Woensdag is D-dag. Na Woensdag sal IBL óf die oorwinningslied sing óf verpletter wees. IBL se vyf huurlinge gryp die oormag van 500 aan. Voete hardloop, hande soek, masjiene raas. Hoera, die stryd is gewen! Nou moet net die moeë liggame herstel en ons dank aan ons bondgenote uitgespreek word. Ons hoop dat die uitgaande pos van die volgende dag net soveel as die blomme van 19 Januarie gehelp het om 'n goeie beeld van die Merenskybiblioteek na buite te verseker.

..... maar die aanvrae snel aan, die spanning laai op en ons bondgenoot Ansie word onttrek want dit is die seisoen van siektes ....

'n Noodkreet klink deur die lug .... is dit die doodskoot?

# naslaan & v.g.

Verlede week was daar gerugte dat die regering van Benin deur 'n staatsgreep omvergewerp is. Het u al van Benin gehoor, of het u geweet dat die staat voorheen Dahomé was? 'n Baie interessante staatkundige kaart van Afrika bevat hierdie en baie ander insiggewende inligting en kan besigtig word in die algemene naslaanbiblioteek.

Wil u moontlik oorsee gaan? Of wil u deelneem aan 'n T.V.-vasvrawedstryd? Vir watter rede ookal kan u gerus hier 'n draai maak om FODOR se gidse oor Europa, Engeland en Israel van naderby te beskou.

Indien u op soek is na resensies oor onlangs gepubliseerde materiaal kan u die gesaghebbende tydskrif CHOICE raadpleeg wat ook in hierdie afdeling gehuisves word.

Daar het winde van veranderinge gewaai oor die Voorgraadse studieversameling. Ongelukkig het dit nie soos die wind gegaan om alles te verander nie. Daar is weggedoen met die ordening van boeke op die rakke volgens klassifikasienommer. Die hele versameling boeke is ingedeel volgens vakke en verder alfabeties volgens outeur binne elke vakgebied. Dit bring mee dat die gebruikers nie meer die katalogus hoef te raadpleeg om 'n klassifikasienommer te kry nie. Dit sal hopelik baie frustrasie uitskakel aan beide die personeel en student se kant. Ons hoop ook om daardeur 'n beter en flinker diens te lewer.

# gelukwense!

Biblikasie is natuurlik heeltemal bewus daarvan dat die Universiteite se eksamenuitslae in die dagpers gepubliseer word, maar ons kan nie toelaat dat die nuwe jaar begin sonder om ons kollegas se suksesse van naderby te beskou nie.

Persone wat verlede jaar afgestudeer het, is:

Mej. Inarie de Vaal - B.A.
Mnr. Pieter Ferreira - B.Com.
Mej. Amanda Mörsner - H.D.B. en
Mev. Rita Otto - B.Bibl.

Persone wat verlede jaar geslaag het maar nog besig is met hulle diplomas en grade is die volgende:

Mev. Marie Botha - H.D.B.
Mev. Alma Cronje - B.A.
Mej. Carien Human - H.D.B.
Mej. Esmarie Kotzé - B.Bibl.
Mej. Ansie Nolte - B.A.
Mnr. Tinus Pelser - B.Com.
Mnr. Jakkie Schlebusch L.D.B.
Mnr. Gerrit van Staden B.A. en
Mnr. Floors Venter - B.A.

Mejj. Amanda Nel en Elsa Muller het om hulle kennis te verbreed en uit pure verveeldheid ook vir 'n paar ekstra vakke ingeskryf en die eksamens met sukses afgelê.

Mnr. Piet de Kock, tans besig met sy L.LB. het siekte eksamen geskryf en wag in spanning vir die uitslae.

Persone wie die B.Bibl.(Hons.) geskryf het en wat hopelik suksesvol sal wees, maar van wie nog geen uitslae bekend is nie, is die volgende:

Mej. Jo Breedt
Mej. Christel Claassens
Mnr. Heinrich Heymann
Mej. Magriet Lee
Mev. Hannetjie Marnewick
Mej. Annetjie Momberg en
Mev. Dalena Stols

Mej. Ilse Pellissier het eksamen afgelê vir die Diploma in Museumkunde maar ook nog nie die uitslae ontvang nie.

Vir die persone wat geskryf en geslaag het, wil ons van harte gelukwens en vir dié wat nog nie hulle uitslae ontvang het nie, wil ons sê dat ons saam met hulle duimvashou en dat ons hoop dat alle verwagtings oortref word.

# SABV

Ten spyte van die warm weer wat ons die afgelope tyd ondervind, het ongeveer 170 bibliotekarisse van die Noord- en Suid-Transvaalse Takke van die SABV op die 19de Januarie by die Merenskybiblioteek bymekaar gekom vir die eerste byeenkoms van die jaar.

Professor Gerryts het by die geleentheid gepraat oor "Die Biblioteekdiens aan die Universiteit van Pretoria - enkele opmerkings oor sy filosofie en beleid". Aangesien die hele personeel nie die vergadering bygewoon het, wil ek graag enkele gedagtes uit sy referaat hier aanhaal.

Ter inleiding het Professor Gerryts verwys na die besondere betekenis van die universiteitsbiblioteek vir die biblioteekopleiding en die belangrike rol wat die universiteitsbiblioteek kan speel in die rekrutering vir ons beroep. Daar is veral nog 'n groot te kort aan manlike bibliotekarisse.

Die dae dat die biblioteek as 'n monumentale bergplek van literatuur beskou is, is verby. Prof. Gerryts sien die biblioteek as 'n dinamiese gebruiksinrigting waarby die ontwerp van die biblioteekgebou, sy interne uitleg, ingesteldheid van sy personeel en die skakeling met alle sektore van die universiteit, moet getuig.

Om tot sy reg te kom moet die universiteitsbiblioteek self die nodige erkenning geniet. In hierdie verband was UP bereid om ingrypende positiewe veranderings aan te bring. As die universiteitsbiblioteek werklik as 'n akademiese instelling wil funksioneer moet die biblioteekpersoneel mense wees wat begrip het vir die denkwyse en werkwyse van die dosent en navorser. Die moderne universiteitsmetodiek het belangrike implikasies vir die biblioteekdiens. Die sukses van kernaantekeninge en besprekingsklasse vereis noue samewerking tussen dosent en bibliotekaris. Aan 'n groot universiteit soos UP moet gewaak word teen die gevaar dat die student in die groter klas fasiliteite moet ontbeer wat die student in die kleiner klas wel tot sy beskikking het. Dit was een van die redes vir die instelling van die Voorgraadse Studieversameling waar meerdere kopieë van titels in oorleg met dosente gereserveer word vir studente se afhandeling van selfstudietake.

Ander belangrike aspekte wat na vore gekom het, is die belangrike rol wat die biblioteek kan speel in 'n belemmerde kommunikasiesituasie. Die noodsaaklikheid van vernuwing en ontwikkeling by die Universiteitsbiblioteek. Rassionalisasie van ons besteding aan boeke en tydskrifmateriaal en die uitskakeling van onnodige duplisering en die vryelike onderlinge beskikbaarstelling van fasiliteite.

Professor Gerryts het sy referaat afgesluit met 'n baie belangrike opmerking, naamlik dat die werksingesteldheid en lewensbenadering van die personeel die gees en atmosfeer van die biblioteek skep, want die beeld van die beroep word tog per slot van sake bepaal deur die sukses waarmee ons dit beoefen.

Kollegas, Professor Gerryts het sy dank teenoor ons betuig vir ons aandeel in die sukses van die vergadering, maar ek dink u sal met my saamstem dat ons ook dank aan hom verskuldig is vir die ideale verwagting wat hy koester en ook by ons wek en vir die wyse waarop hy die biblioteekdiens se diensfilosofie en beleid gestel het.
Mev. A J Korkie
ERE-SEKRETARESSE: NOORD-TRANSVAALSE TAK VAN DIE SABV

# die venters

Mnr. Floris Venter besef nou dat om vis te vang aan die kus van Suidwes-Afrika 'n perd van gans ander kleur is. Nee, die vis het goed gebyt, Floris en twee vriende het eendag by Sandwichhawe 'n groot streepsak vol gevang. Sandwichhawe is 'n alombekende visvangoord in die Namidwoestyn. Om hulle oor die sand te help moes Floris-hulle eers 'n vierwielaangedrewe voertuig huur. 'n Paar keer het hulle in die sand vasgesit maar gewillige hande het hulle gou uitgehelp. By die paaltjies in die visvanggebied kon hulle nie voorbly met visse uittrek nie. Teen sesuur die aand het Floris die kleur van 'n kreef gehad en sy oë het glo soos twee hoofligte gebrand met die gevolg dat 'n sonbril vir 'n paar dae sy voorland was.

Dis toe dieselfde tyd dat Sonja Heroldt ook optree in Swakopmund. Floris koop twee sitplekke in die voorste ry vir hom en sy vrou. Die vertoning was baie goed maar toe Floris by sy motor kom, waai daar ewe parmantig 'n verkeerskaartjie aan die ruitveër. Die aanklag: die motor is meer as 450 mm. van die randsteen geparkeer!

Die res van die verblyf op Swakopmund het veilig, sonder te veel sonbrand en parkeerkaartjies verloop.

Nog 'n laaste probleem moes opduik! Met die terugtog na Pretoria het Floris se kar naby Keetmanshoop sonder brandstof gaan staan. Gelukkig was Neels Venter byderhand en het hy vir Floris ingetou Keetmanshoop toe. Nooit vantevore is 'n tenttou gebruik om 'n motor mee in te tou nie!!

Ten spyte van al die probleempies sê Floris dat dit 'n onvergeetlike vakansie was.

# LUS VIR LEES ?

792.025

HAINAUX, R
Stage design throughout the world, 1970-75. London, Harrap, 1976.

Die skrywer het in hierdie interessante boek 179 verhoogproduksies versamel met die aandag toegespits op hoe die stukke aangebied is. Dit sluit in nuwe aanbiedings van ou klassieke stukke soos Hamlet, Ring van die Niebelungen. Talle werke van moderne skrywers, komponiste en choreograwe is ook in die boek opgeneem. Maar wat die boek so geweldig interessant maak is dat die skrywer die klem laat val op die aanbieding van 'n verhoogstuk, wat in der waarheid 'n kunsvorm op sy eie is.

Om net na die talle pragtige illustrasies in hierdie boek te kyk,is op sigself 'n belewenis.

810.3 Heese, M

HEESE, M
Die Uurwerk kantel. Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 1976.

Die Uurwerk Kantel is 'n ontroerende verhaal van Maria Celliers.

Ons leer Maria ken as kleuter, skolier, jong vrou, moeder en as gryse oumens, terwyl die verhaal afspeel teen die draai van die vorige eeu. Deur die oë van Maria leer ons ook ander karakters ken: Willem, Elise, Trui, Inge en vele ander.

Marié Heese se karakters leef. Dit is die lotgevalle van mense waarmee die leser hom volkome kan vereenselwig. En waar daar raakpunte met die hoofmomente in die Suid-Afrikaanse geskiedenis aangesny word - die Tweede Vryheidsoorlog, die griepepidemie van 1918, die wêreldoorloë, die politieke stryd van 1948 - word dit met kundigheid en insig gedoen. Dit is selde dat 'n mens 'n roman opneem en weet: hier is 'n werk, lewenswaar en eg, groots van opset, maar tog onpretensieus, met 'n eenvoud wat dit 'n genotvolle leeservaring maak.

# NUUT IN DIE TUIG

Die Tydskrifte afdeling spog reeds vanaf die begin van Januarie met die flinke hulp van mejj. Inarie de Vaal en Esmarié Kotzé. Albei beoog om vanjaar verder te studeer. Inarie het verlede jaar haar B.A.-graad behaal en word in Aprilmaand mev. Annandale. Esmarié was verlede jaar in die diens van die Provinsiale Biblioteek- en Museumdiens maar sê dat met die Merenskybiblioteek so naby die klaskamer sy sommer al lus voel vir studeer. Welkom by ons!

Mej. Cora van die Merwe is ook een van die oud-onderwyseresse wat haar toevlug tot die Merenskybiblioteek geneem het. Sy was verlede jaar verbonde aan die Huishoudskool op Bethlehem en beoog om haar vanjaar vir die Hoër Diploma in Biblioteekkunde in te skryf. Mev. Jean Botha deel met Cora die werk op die derde verdieping maar beslis nie haar voorneme vir studeer nie. Jean, ook 'n oud-onderwyseres, was verlede jaar by die R.G.N. werksaam.

Mnr. Peet van der Merwe gaan die nuwe akademiese jaar tegemoet met die baie welkome hulp van mev. Antoinette van Rensburg. Die Hoërskool Langehoven se skade is ons wins. Ons hoop jy geniet die werksaamhede op die derde verdieping, Antoinette.

Ons hoop dat mnr. Jan Kruger al sy voete gevind het in die Bindery en sommer al vir mnr. Nic van Vuuren touwys kan maak. Nic was verlede jaar nog 'n Suidwester. Ons beste wense met jou beoogde studies, Nic!

Alhoewel hulle nooit weg was nie, is ons baie bly om vir mevv. Amke de Jager en Heleen Fourie vir 'n verdere jaar by ons te hê

Mev. Francien van der Laan is die vriendelike dame wat vir professor Gerryts behulpsaam is met sy tikwerk. Alhoewel ons eintlik moet groet én totsiens sê hoop ons om Francien vir langer by ons te verwelkom.

Arbeidsplig

Die mens gaan uit na sy werk en na sy arbeid tot die aand toe.


Psalm 104:23

# TOTSIENS

Mej. Jeanette Erasmus voorheen van die Bestelafdeling het ons alreeds die 21ste Januarie verlaat. Sy het besluit om haar aandag voltyds aan haar studies te wy. Geniet die student-wees, Jeanette!

Mev. Bramie de Wet verlaat ons om voltyds huisvrou te word. Ons almal wens jou net die mooiste toe vir die komende jaar!

Mejj. Entia Perreira en Edith Erasmus staan altwee reeds in nuwe betrekkings. Entia as junior lektrise in Biblioteekkunde verbonde aan UNISA en Edith bevind haar in diens van die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens.



JORIS HOU VAKANSIE

# TUSSEN ONS......

Mnr. Rudi Schwartz, 'n tokkelok, het homself verloof aan 'n nooi van Koster, mej. Heila Groenewald. Ons wens hul van harte geluk en voorspoed met die studies.

Mev. Mercia Neitz se twee Duitse herdershonde het hulle eerste verjaarsdag gevier, 'n paar dae nadat die apteker se afleweringsjoggie se trui in die slag gebly het. Haar kat het ouma geword. By verdere uitbreiding van die familie sal hulle glo verplig wees om aansoek te doen vir 'n diere-hotel lisensie.

Op 17 Januarie 1977 het mnr. Julie Luüs groot skade gehad toe daar helder oordag by sy huis in Hatfield ingebreek is.

Mej. Tertia Uys lyk sommer weer lus vir werk na haar vakansie in die Vrystaat en Natal.

Na sy verlof in die warm Upington omgewing, is mnr. Porter weer terug in die tuig.

Mev. Bramie de Wet van Tydskrifte sê vandag totsiens aan almal van ons. Beste wense vir die toekoms, Bramie! Die twee nuwelinge in die afdeling, juff. Esmarie Kotzé en Inarié de Vaal, het al heeltemal ingeburger. Hulle is albei van plan om hulle studies hierdie jaar voort te sit, en aan hulle en ons ander twee ywerige studente, mev. Alma Cronje en mnr. Jakkie Schlebusch wens ons 'n suksesvolle jaar toe.

Mej. Elsa Lategan wou te fluks wees gedurende die vakansie. Sy het probeer om die vakansiehuis se vensters te was, maar haar ywer is skielik beeindig toe sy hard met moeder aarde kennis gemaak het.

Mev. Minda Meyer wou inflasie bekamp deur tuis te bly, maar het ontdek dat sy op die ou end byna nooit by die huis was nie.

Die 24ste Januarie was almal weer terug by toonbank:

Mej. Ilse Pellisier is veilig terug na haar rustydjie in die Oos-Kaap.

Mnr. Gerhard Potgieter het skielik besluit dat die vakansie tussen Kersfees en nuwejaar te kort was en het toe nog agterna vir 'n "langnaweek" in Rhodesië gaan kuier.

Mev. Maretha Kuhles is terug na 'n heerlike toer langs die Tuinroete.

Mej. Marietjie Pauw lyk weer splinternuut na 'n vakansie in Mosselbaai.

Mej. Ansie Nolte sal nou maar alleen die fort moet hou by VG terwyl mnr. en mev. Hendrik Bosman weg is met hul wittebroodsdae.

IBL swoeg onder die vragte aanvrae en mevv. Denise Wheeler en Gerda de Bruin het al byna vergeet dat hulle in Suidwes gaan kuier het.

Aan mev. Dricky Heystek wat weens 'n operasie lank afwesig was, wil ons graag goeie gesondheid toewens en haar hartlik terugverwelkom in ons midde.

Oud-kollega mev. Wilma Nel het op Vrydag 14 Januarie 1977 'n dogter ryker geword. Baie geluk aan Frikkie en Wilma.

Mnr. Theophilus du Toit se vrou sterk tans tuis aan na 'n operasie wat sy onlangs ondergaan het.

Mev. Marie Rautenbach is van die Andrew MacColm hospitaal oorgeplaas na die Eugene Marais. Ons wens haar 'n spoedige en volkome herstel toe.

Ons vra om verskoning vir die drukfout wat in die Oktober uitgawe ingesluip het: Mev. Helene Davel was voorheen werksaam by die Nywerheid-Ontwikkelings Korporasie (N.O.K.) en nie die O.K. nie!

REDAKSIE:

Mej. I M Pellissier - redaktrise
Mnr. W P v d Merwe - sub-redakteur
Mev. M L Kuhles - sub-redaktrise

# fotoblad


## welkom !



Mejj. Esmarié Kotzé en Inarie de Vaal
Tydskrif Afdeling



Mev. Heleen Fourie
Ontsluiting



Mnre. Nic van Vuuren en Jan Kruger
Bindery



Mev. Francien vd Laan
Tikster/Sekretaresse



Mev. Antoinette van Rensburg, mej. Cora van der Merwe en mev. Jean Botha

Derde verdieping

# totsiens




Mev. Bramie de Wet
Tydskrifte Afd.



Mej. Jeanette Erasmus
Bestelafdeling



Mej. Edith Erasmus
Ontsluiting





'n Uitstalling op die grondverdieping ter nagedagtenis aan prof. M S B Kritzinger wie vroeër vanjaar oorlede is

Reëlingskomitee van die SABV-vergadering gehou op 19 Januarie 1977 by die Merenskybiblioteek

Van links na regs:

Mev. Ria Viviers
Mev. Annatjie Korkie - Ere-sekretaresse
Mej. Anne van Zyl
Mej. Bettie Coertze - Tesouriere
Mnr. Henk de Bruin






U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · FEB 1977

# onvoltooide vernuwing: aksie en reaksie


Die feit dat vernuwing nie gelyktydig oor die hele linie van UP se Biblioteekdiens kon plaasvind nie, het lastige implikasies. Een daarvan is dat wat ek vir u in hierdie rubriek te sê het nie altyd sonder meer vir u almal kan geld nie.

Ek het verlede keer afgesluit met die gedagte dat u uself as meesters van 'n nuwe situasie sal moet bewys. Daardeur gee ek nie te kenne dat u iets tot stand gebring het wat u nou nie kan bemeester nie. Tog moet u erken dat omstandighede in UP se Biblioteekdiens op sekere fronte drasties verander het. Die studente se reaksie op die vernuwing van die Hoofbiblioteek is sodanig dat u nie net wat prosedures, metodes en tegnieke betref aanpassings moet maak nie, maar dat u ook rekening moet hou met die implikasies wat die nuwe situasie vir u werksbenadering in die algemeen en veral ook vir die benadering van u gebruikers het.

Daarteenoor is daar diegene van u wat steeds worstel om die beste te probeer maak van die onbenydenswaardige professionele posisie waarin u ontoereikende fasiliteite u nog steeds plaas. U moet alles in die stryd werp om onder al moeiliker omstandighede meester van die situasie te kan bly.

As ons die studente se gebruik van die Biblioteekdiens in 1976 van nader beskou, merk ons enersyds 'n pragtige, spontane, positiewe reaksie op die vernuwing wat by die Hoofbiblioteek teweeg is. Andersyds is die somber prentjie by die afdelings en takbiblioteke wat nog op vernuwing wag 'n aansporing tot aksie om die algehele vernuwing van ons Biblioteekdiens so spoedig moontlik af te handel.


Voorverlede jaar was die nuwe Merenskybiblioteek vir die eerste keer nie 'n volle akademiese jaar tot studente se beskikking nie. Die nuwe biblioteekbedeling het 'n verblydende positiewe reaksie by die studente tot gevolg gehad en in vergelyking met die ± 44 600 uitreikings van biblioteekmateriaal in 1975 is die rekordgetal van ±69 800 uitreikings aan studente in 1976 gedoen (vgl. grafiek 1). Ons verwelkom hierdie geweldige toename in biblioteekgebruik. Dit toon immers dat die pogings om biblioteekgebruik te




grafiek 1

bevorder nie vrugteloos was nie. Dit laai egter noodwendig 'n groter werkslas op u skouers - 'n las wat onder huidige omstandighede moeilik deur die toevoeging van addisionele personeel verlig sal kan word.


Die dringende noodsaaklikheid van die voltrekking van die vernuwingsaksie oor die hele linie van ons Biblioteekdiens blyk egter baie duidelik as ons die situasie by ons takbiblioteke en afde= lings wat op vernuwing wag onder oë neem. Die uitreiking van biblioteekmateriaal het daar nie net gestabiliseer nie, maar toon selfs 'n dalen= de tendens (vgl. grafiek 2) en takbiblioteke verkeer dus nou in dieselfde benarde posisie as die Hoofbiblioteek 'n paar jaar gelede.




Grafiek 2

Grafiek 3

Die onvoltooide vernuwingsaksie bring mee dat daardie gedeeltes van ons diens wat op vernuwing wag, in terme van 'n biblioteekdiens ten behoewe van die universiteit in sy geheel, proporsioneel al minder tot hulle reg kan kom - met uiters na= delige gevolge vir daardie sektore van ons uni= versiteit (vgl. grafiek 3)




In die lig hiervan kan ek die kollegas by die takbiblioteke verseker van ons opregte waarde= ring vir die gehalte diens wat hulle onder moei= like omstandighede lewer.

Dit spreek vanself dat ek in die lig van voor= melde gegewens en in belang van die universi= teit wat ons dien, alles in my vermoë sal doen om die vernuwingsaksie so spoedig moontlik oor die hele linie van UP se Biblioteekdiens te vol= trek.

Prof. E D Gerryts
DIREKTEUR VAN BIBLIOTEEKDIENS.

# van die buiteposte

## Uit die middestad

Die Macfadyen spring weg. 'n Nuwe almanak en rekordgetalle. Dit is regwees en bontstaan in ons nuwe omgewing.

Maar dinge het 'n besparingskleur:

Alles is nog nie reg,
sê die registrateur van finansies
en ek sal nog veg,
sê ons grootbaas, vir net die beste.

Koeverte, potlode en afdrukke
word weer gebruik
en rondloop ingekort
tot tussen die biblioteekrakke.

Vir dameskoene van egte leer
betaal ons minder en nie meer,
nie vyftig rand nie, maar vyf
al is ons uitverkopingstone saans styf.

Volksies is vir ons ekonomies
maar muskietfietse meer
al sit ons in wind en weer
dis lekker om jouself te voel lewe.

Ook die telefoon het deesdae 'n leuse:
meer bel spaar meer
maar meer gesels minder
stap liewer, dis nog 'n keuse.

Twee motortjies is beter as een grote
tog sê ons vir Durban nie nee
die spoorweë neem ons mee na die see
en so gebruik ons ons verlof op hande.

Vier groetes uit die Middestad.

## Onderstepoort

Dit het maar dol gegaan die laaste paar weke hier by ons. Mej. Rita Erasmus was vir weke met siekverlof na 'n operasie. Noudat sy terug is, gaan alles weer klopdisselboom.

Ons het omtrent dertig nuwe damesstudente wat die Diploma in Diereverpleging neem. ('n Lus vir die oog vir al ons Veeartsstudente!)

Dit lyk of almal weer hard aan die werk is. Die biblioteek is nogal besig, veral die foto=staatmasjiene!

Ons werk nog lekker in ons nuwe biblioteek. Ons hoop dat die jaar net so goeie jaar sal wees as 1976.

Groete,

Rita Erasmus en Francina de Villiers.

## Landbounuus

Met die aanvang van die lesings is hier weer baie lewe op die oostelike kampus. Die land=bouers het 'n fonds vir die oog bygekry. Die ou kloosterskool in Lunnonstraat is die nuwe hoofgebou vir Tankotie. Nou is dit 'n alge=mene gesig om die landbouers voor die biblio=teek in groepies te sien rondstaan om die ta=lent op pad klas toe goed deur te kyk.

Dis opvallend en verblydend om te sien dat groot aantal lektore hulle studente biblioteek toe bring vir oriëntering. Die Meestersgraad-studente wat gereeld van die biblioteek gebruik maak se getalle groei steeds en dit staan nou op 21.

Mev. Alet Fisher en mej. Jeanette du Preez het die reuse taak van uitdunning van ou boekevoor=raad byna afgehandel. Al die landbouproefskrif=te en verhandelinge is ontvang vanaf die kelder van die Merenskybiblioteek. Die landbou-inge=nieursboeke word nou oorgeplaas na mnr. Davies by die Merenskybiblioteek.

Ons groet hier vanaf die Landboubiblioteek.

# sosiale gebeure

DIE TOTIUS-HERDENKINGSAAND

Totius (Prof. dr. Jacob Daniel du Toit) is op 21 Februarie 1877 in die Paarl gebore en is op 1 Julie 1953 in Potchefstroom oorlede.

Op Maandagaand 21 Februarie 1977 is 'n Totius-herdenkingsaand in Merenskybiblioteek gehou. Die funksie is gesamentlik deur die biblioteek en die Africana Vereniging van Pretoria gereël. Die R.G.N. het goedgunstiglik sy Totius-gedenk=uitstalling 1877 - 1977 vir dié geleentheid be=skikbaar gestel.

Toe prof. Gerryts die sowat honderd aanwesiges verwelkom het, het hy gesê dat hy protokol links laat lê en almal as liefhebbers van die Afri=kaanse taal, kultuur, godsdiens en van Totius welkom heet.

Hy het daarna die geleentheidspreker prof. P J Nienaber wat tans direkteur van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum in Bloemfontein is, aan die woord gestel en hom geloof vir die ywer wat hy deur die jare aan die dag gelê het om manuskripte, dokumente en boeke vir die na=geslag te bewaar.

Prof. Nienaber is slegs twintig minute gegun, maar dit was gou duidelik dat hy twintig uur nodig gehad het om reg te laat geskied aan sy liefde vir Totius die predikant, professor, Bybelvertaler, taalheld, volksredenaar, digter en psalmberymer.

Met sy aansteeklike humor het prof. Nienaber sy gehoor telkens aan die lag gehad. Hy het daar=

van melding gemaak dat Totius alreeds voor sy dood deur die Afrikaners gehuldig is. Grootse huldigings het hom op sy sestigste en sewentigste verjaarsdag, op 21 Februarie 1937 en 1947 te beurt geval.

Die volgende spreker, dr. C G Henning van die R.G.N. se Musiekdokumentasiesentrum het oor Totius en musiek gepraat. Hy het die feit gekonstateer dat daar gedurende die afgelope 30 jaar geen toonsettings van Totius se gedigte plaasgevind het nie. Volgens dr. Henning het komponiste sy gedigte vermy omdat hulle meer deur liriese gedigte geïnspireer word as deur gedigte wat oor die geskiedenis handel. Die Voortrekker-eeufees van 1938 het egter die toonsetting van patriotiese gedigte gestimuleer en daartoe gelei dat die gedig "Vegkop" deur beide Horace Barton en Sydney Richfield getoonset is. 'n Klankopname van albei toonsettings is deur die sanger Dawie Couzyn spesiaal vir die geleentheid gemaak en dit is voorgespeel.

Die aand is verder opgeluister met voordragte deur Anna Neethling-Pohl (psalm 130) en Carl Trichardt (psalm 8), 'n klankopname deur Miemie Coertze en 'n rolprent oor Totius. Daarna is is verversings deur die dames van die biblioteek bedien.

Die Arbeider

Soet is die slaap van die arbeider
Prediker 5:11

# Die Sosiale Klub

Aan die begin van die jaar gebeur dinge so vinnig dat 'n mens nie behoorlik kans het om die nuwe kollegas te leer ken nie. Op Vrydagaand, die 18de Maart het u die geleentheid om saam met hulle te ontspan, te eet en te dans. Net om te sorg dat almal in 'n informele en feestelike stemming kom, vra ons dat u so min of meer soos Sigeuners sal aantrek. Mnr. Biedermann sal sorg dat die Hongaarse smaak ook die spyskaart sal geur. Ons soek nog na 'n "disco" wat die musiek kan maak. Indien ons nie 'n geskikte een vind nie, is daar nie iemand uit ons eie geledere wat sou kans sien om vir ons musiek te voorsien vir die aand nie? Om die koste so laag as moontlik te hou het ons voorlopig die prys op R4,00 per persoon gestel. Ons vertrou dat u almal die aand by Huis-en-Haard sal kan bywoon.

Die Sosiale Komitee.

---


Die Sosiale komitee vir 1977 is soos volg: Mej. Jo Breed (Ontsluiting), Mej. Crhistelle Claassens (tweede verdieping), Mnr. Heinrich Heymann (eerste verdieping), Mev. Maretha Kuhles (Leenafdeling), Mej. Ingrid Orban (Derde verdieping), Mej. Chrissie Potgieter (Ontsluiting), Mej. Valerie Snodgrass (Bestelafdeling), Mev. Roelien v.d. Berg (Tydskrifte), Mej. Dalena v.d. Merwe (Bindery). Ons hoop dat hulle 'n interessante sosiale jaar beplan!

Ek kyk my in die vertes;
wat in my eng was, word nou wyd,
wat swaar was, lig ... Is dit, my siel,
geen oomblik uit die Ewigheid?

Totius.

# uit die afdelings

AFDELING BEPLANNING & ONTWIKKELING
RUIMTEBESPARENDE MAATREëLS. Voorstel nr. 1




Dra van valhelm aanbeveel gedurende eerste poging

Inflasiebekampend. Gebruik slegs swaartekrag. Geen brandstof nodig.

BEPLANNING EN ONTWIKKELING

Skakeling tussen die Biblioteekdiens en die Departement Biblioteekkunde

In die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling is 'n skakelkomitee wat verantwoordelik is vir die reël van seminaarbesprekings en die wyer bekendstelling van die aktiwiteite van die afdeling. Hierdie komitee het onlangs saam met prof. Boshoff en mnr. Van Brakel van die Departement Biblioteekkunde vergader om die grondslag vir toekomstige samewerking neer te lê.

In die verlede is reeds in beginsel besluit dat ondersoeke wat deur biblioteekpersoneel onderneem word, as nagraadse studie-materiaal aangebied kan word. Ondersoeke wat hulself hiertoe leen, asook die prosedure waarvolgens hierdie projekte georganiseer sal word, is tydens die vergadering bespreek. 'n Dokument word tans opgestel om hierdie inligting aan belangstellendes beskikbaar te stel.

Volgens die diensvoorwaardes wat sedert Junie 1975 geld, kan biblioteekpersoneel na 3 jaar diens 3 maande studie-verlof kry. Persone wat sedert Junie 1975 hier werksaam was, kom dus in Junie 1978 hiervoor in aanmerking. Hou dit gerus in gedagte wanneer u,u studie beplan.

Sake wat voortspruit uit die samewerking tussen die departement en die biblioteek en waarby die biblioteekpersoneel belang het, sal deur middel van Biblikasie bekend gemaak word.

Ontsluiting met behulp van DOBIS

As deel van die rekenariseringsprojek word die Ontsluitingsmodule van die DOBIS program-paket tans geëvalueer. 'n Steekproef van 20 boeke is gebruik om die intellektuele inset wat deur die twee stelsels vereis word, te vergelyk. Die steekproef is in 2 groepe, A en B, verdeel en die twee proefpersone, Anette Lessing en Annette Steyn het beide groepe volgens die hand=stelsel en met behulp van DOBIS ontsluit.

Hierdie fase waar die intellektuele inset ge=meet is, is afgehandel. Die intellektuele in=set, asook die rekenaartyd en kaartproduksie en -verwerking wat by die onderskeie stelsels betrokke is, sal nou na kostes verwerk word vir vergelyking. Die spoed en vaardigheid waarmee die proefpersone die inligting in Dobis inge=sleutel het, was 'n lus om te aanskou. Die graad van doeltreffendheid wat tydens die proef=neming bereik is, kan net goed voorspel vir die rekenarisering.

Dagboek-statistiek en tydmeting in die Ontsluitingsafdeling

Die DOBIS-tydmeting is uitgevoer met 'n steek=proef van 20 boeke wat nie verteenwoordigend is van al die materiaal wat deur die afdeling hanteer word nie. Die verwerking van die boeke in die handstelsel is direk vergelyk met die verwerking daarvan volgens DOBIS. Met behulp van hierdie onverteenwoordigende monster, kan 'n geldige direkte vergelyking getref word, aangesien dieselfde boeke deur beide stelsels hanteer word. Die gegewens wat met hierdie metings verkry is, kan egter nie veralgemeen word nie en om 'n volledige beeld van die ak=tiwiteite van die Ontsluitingsafdeling te ver=kry, is besluit om 'n opname te maak met be=hulp van die dagboekstelsel. 'n Volledige lys van aktiwiteite en die vorm met behulp waarvan elke ontsluiter dagboek sal hou, is deur mej. Coertze opgestel.

Deur middel van die dagboekstelsel word die tyd wat die Ontsluitingsafdeling aan die ver=skillende kategorieë materiaal, bv. konsolida=sie, herkatalogiserings ens. bestee, bereken as persentasies van die totale tyd deur die Afdeling bestee. Die tyd wat aan die verskil=lende ontsluitingsaktiwiteite bestee word, word ook gemeet. Laasgenoemde gegewens sal aandui tot watter mate die steekproef wat vir die ver=gelyking met DOBIS gebruik is, verteenwoordi=gend is.

Die twee opnames vul mekaar dus aan: die tyd=metings maak 'n direkte vergelyking met DOBIS moontlik en met behulp van die dagboekstelsel word 'n volledige beeld van die aktiwiteite van die Ontsluitingsafdeling verkry.

# EERSTEJAARS !

Die Filistyne is op ons!

Die Toonbankpersoneel skarrel van die een hoek van die toonbank na die ander. Male sonder tal word daar verduidelik waar die fotostaatmasjiene gevind kan word. By gebrek aan genoeg "toer=leiers" begelei ons troppe eerstejaars deur die biblioteek.

"Ek wil aansluit dame ..."

"Tannie(!)... ek wil graag boeke uitneem."

"Hello! Is julle nog steeds hier? Wat maak 'n mens nou weer om te registreer?"

"Voltooi asseblief hierdie vorm, onthou die pos=kodes en bring vir ons jou registrasiekaart so=dra jy dit ontvang het ..."

Hierdie en nog baie ander frases maal deur jou kop.

Meteens is dit halfvyf en die GROOT MOEG sak op jou neer. Jy wonder hoekom jy pootuit is maar besef dan dat daar gister 520 studente geregis-treer het en vandag 250. Dit is egter heerlik om die oues weer te sien en die nuwe studente te verwelkom. Is dit net nuwe besems of is dit entoesiastiese ywer?

# AANDDIENS

Op Donderdag 17 Februarie, het Annatjie Momberg naderhand tien rand belowe vir enigiemand wat dié aand vir haar sou werk. Geen toesighouer se simpatie het so ver gegaan nie, en om half=agt gebeur dit toe:

Die telefoon lui en 'n dametjie by die toonbank beantwoord dit:

Biblioteekassistente: "Merenskybiblioteek ..."

Mev. Stofberg: "Goeienaand dame. Dit is mev. prof. dr. Stofberg. My seun is in standerd 10, en hy moet 'n taak skryf oor ruimtereise van die toekoms. Kan u asb. gou vir my alle inlig-ting oor die onderwerp versamel?"

Biblioteekassistente: "... wel ... ek weet nie so mooi of ons sal kan help nie, want saans werk daar maar net 'n paar, en elkeen doen sy eie ding ..."

Mev. Stofberg: "O, maar dis jammer. Kyk maar asb. solank vir iets. Ek sal so oor 'n half= uur terug skakel om te hoor wat u kon kry."

Biblioteekassistente: ".... hum ... goed me= vrou ..."

Hierna breek daar konsternasie los in die bib= lioteek. Die persoon in beheer ontvang die boodskap met die nodige byklanke.

"Om te dink, mevrou professor doktor Stofberg .... gumf .... en nogal al die inligting, en dit oor 'n halfuur. Verbeel jou!

Intussen klim "mevrou prof. dr. Stofberg" net na die beïndiging van die gesprek in die motor, en ry na die biblioteek om goedjies wat sy daar vergeet het, te gaan haal.

Toe mev. Korkie tien minute later by die bib= lioteek instap, tref sy 'n vuurwarm toesighou= dende persoon tussen die naslaanwerke aan. Die geval-Stofberg word met kleur en gebaar en ver= ontwaardiging aan haar vertel.

Mev. Korkie byt hard op haar lip en deel heel= hartig in die verontwaardiging. Sy verseker op haar beurt die soekende Annatjie Momberg dat dié inligting wat sy het, heeltemaal voldoende is vir 'n skoolkind, beseffende dat enige ont= hullings op daardie stadium 'n geweldige anti- klimaks sou wees.

Die ergste van alles vir die verontwaardige mej. Momberg, is die feit dat mev. prof. dr. Stofberg, wat sy met soveel gemengde gevoelens gesit en inwag het, tot hede nou nog nie opgedaag het nie!

'A TALL ORDER - BUT NEVER A DULL MOMENT'

# geagte redaksie

Geagte Redaksie,

Graag wil ek namens die personeel van die Me= renskybiblioteek die redaktrise van Biblikasie, mej. Ilse Pellissier hartlik gelukwens met haar prestasie. So tussen die bedrywighede van die Leenafdeling deur het sy die moed en die durf om die nagraadse diploma in Museumkunde voltyds aan te durf en boonop met 'n onderskeiding te slaag!

Mej. Marietjie Pauw.

Bo al u donker bome, o Heer,
groei my 'n enk'le reusboom uit:
dit is die wag-'n-bietjie-bos
van U besluit.

Totius.

# LUS VIR LEES ?

N224.2(08)

PIYYUTIM

Die biblioteek het 'n baie waardevolle versameling Hebreeuse werke bekom, nl. faksimi= lie afdrukke van ou Hebreeuse manuskripte. On= der andere is daar die Piyyutim, wat bestaan uit spesiale bykomende geskrifte wat tydens spesiale Joodse godsdienstige dae gebruik word. So bv. is daar Piyyutim vir vasdae en vir, spe= siale Sabbatdienste tydens Jom Kippoer (Die Groot Versoendag) en Rosh Hashana (Joodse Nuwe= jaar).

Verder bevat een van die Piyyutimbande ou Klaag= liedere wat geskryf is na aanleiding van die vervolging van die Jode in Spanje in 1391. Hier= die Klaagliedere word nou vir die eerste keer in hierdie reeks gepubliseer.

Al die bande, in half- en kwartleer gebind, is genommerde uitgawes, wat in waarde sal toeneem en uiteindelik 'n kosbare versameling in die biblioteek sal wees.

N 588.1

JOHNSON, H
The International book of trees.
London, Beazley, 1973.

'n Mens kan vir jare in die buitelug loop sonder om werklik te sien. Of jy kan jou oë oopmaak en sien hoe fyn die boomtakke patrone teen die blou lug maak, bewus word van 'n on- eindige rykdom van oorsprong en groei, van lewe en skoonheid in elke boom in elke straat, park of veld.


In hierdie ten volle geïllustreerde boek word al die belangrikste bome in die tuine en bosse van die wêreld behandel. Dit handel oor die struktuur en lewenssiklus van bome, hulle plek in die ekologie en in die geskiedenis van die mens, oor bosbou, plant en snoei van bome, die Bonzai-kuns en die gebruik van bome in landskaps- argitektuur.

En soos 'n boom self, is hierdie boek ook tege- lykertyd prakties en pragtig, want in die slot- gedeelte vind 'n mens alles wat enige tuinier, selfs die professionele tuinier, wil weet, o.a. die seleksie van bome vir 'n spesifieke doel, behandeling van boomsiektes en peste, Griekse en Latynse name en ook landkaarte wat aandui watter bome waar groei.

'n Boek is 'n vriend; 'n goeie boek is 'n goeie vriend. Dit sal met jou praat wanneer jy wil hê dit moet praat, en dit sal swyg wanneer jy wil hê dit moet swyg - en daar is bra min vriende wat wys genoeg is om só te handel.

Lyman Abbott.

PEANUTS — deur Charles Schulz




# hekelpuntjies

LAWWE VRAE EN NOG LAWWER ANTWOORDE

Tas in die hand en hoed op die kop hardloop 'n man langs 'n trein wat uit die stasie vertrek. Ongelukkig kan hy die trein nie inhaal nie. 'n Persoon wat van die teenoorgestelde kant af aan=gestap kom, vra ewe belangstellend: "Het u die trein verpas?"

Die man haal sy hoed af en waai homself daarmee koud terwyl hy antwoord: "Nee, ek jaag die trein uit die stasie, dis my werk."

Terwyl die huisgesin se meubels in die vervoer=wa gelaai word, stap 'n man ewe nuuskierig nader en vra: "Trek julle?" Die eienaar van die meu=bels antwoord toe ewe droog: "Nee, ek laai my meubels elke maand op en gaan ry 'n entjie met hulle. Dis mos nie reg dat hulle altyd by die huis moet bly nie!"

(Met erkenning aan Fanus Rautenbach se rubriek OF SO IETS ... in Die Transvaler)

---


Gxagtx Mxnxxr,

Xk hxt hixrdix tikmasjixn by u gxkoop. Xk vind xgter dat dit 'n bixtjix moxilikhxid gxx. In plaas van 'n x tik dit 'n x.

Dix uwx,

Hxlxnx van XXdxn

PS. HXXXXXXLP ASSXBLIXF! ! !



Dis net logies, vervang dit met mikrofiche, dan voeter die tafel om.

# Welkom....totsiens

Gedurende Februarie het die Merenskybiblioteek afskeid geneem van mev. Greta Fourie. In haar afwesigheid neem ons van haar afskeid en wens haar 'n aangename tuisbly toe.

Mnr. Jan Kruger was van 16 November tot 5 Fe=bruarie by die Bindery werksaam maar is tans by die Dept. Fisiese Chemie in die tuig. Ons beste wense vergesel hom.

Mev. Linda de Villiers is nou al so 'n bekende by IBL dat haar verwelkoming byna agterweë ge=bly het! Ons hoop dat jy jou werk by IBL baie geniet en al goed tuis voel. Linda was verlede jaar nog 'n Tukkie student en is dus nie in werk=likheid 'n vreemdeling vir ons nie.

Mev. Annamaré Geldenhuys is sedert Februarie werksaam by die tydskrifafdeling. Sy is in Desember getroud en het haar onderwysopleiding aan die Wellingtonse Onderwyskollege deurloop voordat sy haar na Pretoria begewe het. Aan jou wil ons ook baie welkom sê met die hoop dat jou dienstyd in die Merenskybiblioteek aange=naam sal wees.

Persone wat hulle op 1 Maart by ons aansluit en wie ons met ope arms ontvang, is: Mev. S de Villiers, mev. A C Kleu, mej. J M Joubert en mej. A C Smuts.

Alhoewel nie 'n nuweling in ons midde nie, wens ons graag vir mev. Rita Otto geluk met haar be=vordering tot die Ontsluitingsafdeling!

---

# tussen ons gesê...

Vrydagaand, 25 Februarie vind daar groot atle=tiek op die L C de Villiers-stadium plaas. Ma=ties en Tukkies gaan kragte meet maar dit lyk nie asof die jaar by die Merenskybiblioteek en haar studies as Tukkiestudent van mej. Annatjie Momberg 'n WARE TUKKIE gemaak het nie! Haar 3-jarige klein nefie, Altus Momberg is die Ma=ties se gelukbringertjie en het met die span saamgekom vir die geleentheid. Dit is duidelik waar Annatjie se lojaliteit gaan wees met die geleentheid.

In die halfuur teepouse per dag kan berge ver= sit word. 'n Mens staan stom om al die harde werk te aanskou. Hekelpatrone word uitgeruil en diegene wat nie hou van hekel nie, brei die een trui na die ander. Ons wonder wat mev. Babs von Ehrenberg se volgende "werkstuk" gaan wees. Mej. Ingrid Orban se beddeken vorder fluks maar dit wil voorkom asof mej. Carien Human deesdae liewer net wil teedrink en ge= sels! Op 'n dag kom mej. Ilse Pellissier toe mos met 'n mandjie afvallappies en seskantige kartonnetjies daar aan. Die nuuskierigheid was groot en na 'n noukeurige verduideliking van haar kant het baie vlamgevat. Baie maak nou lappieskomberse! Die etensuur gaan vir mev. Lorraine Erasmus en mej. Anna-Mari Honiball ook geensins ledig verby nie. Die ywer waarmee hulle handwerk doen laat menige skaam staan.

Die bewoners van Buitemuurs se vierde en vyfde verdiepings wil graag die teekoppie-komitee bedank vir ons nuwe koppies van onbreekbare industriële poliuretaan. Hulle bring gewis helder sonlig in die teekamer.

Nadat die weerlig mnr. Theophilus du Toit se huis tweemaal raakgeslaan het, het hy dit raad= saam geag om sy televisie-antenna en huis te herbedraad.

Ons hartlike gelukwense aan mej. Elbie Kok en mnr. Fred Smal met hul verlowing die 29ste Januarie.

Ons wens almal wat hul biblioteekeksamens ge= slaag het, van harte geluk.

Mejj. Jo Breed en Magriet Lee het na die moei= like studietyd 'n bietjie gaan rus. Hulle het heerlik vakansie gehou en is tans weer terug in ons midde.

Mej. Manda Mörsner is tans met verlof.

Mnr. D Hughes bring sy welverdiende ruspouse in Durban deur.

Mev. D Wheeler neem nie afskeid van die perso= neel aan die einde van Februarie nie, maar gaan vir 4 maande tuis bly. Ons wens haar en mnr. Wheeler alles van die beste met die kleinding wat oppad is.

Nog 'n vreemde gesig by IBL! Dit is mev. San= nie Hattingh wat eers by Ontsluiting werksaam was. Ons dien nog nie veel van haar nie aange= sien sy nog te besig is met 'n intensiewe oplei= ding. Welkom!

'n Nuwe figuur op die laergrondverdieping is mnr. Neels Venter by die Kleingeldtoonbank. Ons moet sê die leingeldtoonbank is darem baie na= der aan die tiksters van Ontsluiting as die derde verdieping, nê Neels.


Van veranderinge gepraat, indien iemand na mnr. Tinus Pelser soek - hy hou deesdae vir mev. Ge= raldine Wilkes in die kelderverdieping geselskap Gelukkig kan Tinus nog altyd sorg dat hy gedurende spitstye die trollie by toonbank moet leegmaak. Sodoende verloor hy nie totaal kontak met die besoekers nie, want almal stel nou nie soveel belang in ou tydskrifte om spesiaal 'n draai in die kelderverdieping te maak nie!

Mej. Ansie Nolte het haar van UP se buitemuurse klasse losgemaak en by Unisa ingeskryf. Sy is alreeds druk besig met haar werksopdragte. Ons wens haar alle sukses toe en hoop sy geniet haar studies en dat die beloning aan die einde van die jaar groot sal wees. Moet net nie dat die groter vryheid jou skoon roekeloos maak nie!

Mnr. Nic van Vuuren se vader was ernstig siek na 'n trombose aanval. Hy is nog steeds in Windhoek se hospitaal. Ons wens hom 'n spoe= dige herstel toe.

Mev. Rautenbach sterk by haar dogter op Carle= tonville aan. Ons vertrou dat sy spoedig vol= kome sal herstel. Veral in die kelder mis Geral= dine en Tinus haar vrolike humor wat die sleur= werk so opgevrolik het.

---



Ja, ek weet die hoes klink beter. Ek het dan die hele nag geoefen.

---

Die "griep" of "verkoue" het die Merenskybiblio= teek nie oorgeslaan nie. Ons is bly dat mev. Helene Fourie weer terug is na 'n slegte toer= tjie met longontsteking tuis. Mev. Hannetjie Marnewick hou haar taai, maar haar ogies wil nie blink soos vroeër nie. Mev. Alida Dippe= naar hoort nog in die bed, maar haar pligsbe= sef is te sterk en sy is weer terug by haar lessenaar.

Mev. Maretha Kuhles het ook 'n dag in die bed gebly om "one day flu" op die proef te stel. Mev. Dina Smith het ons verseker dat dit die wondermiddel is wat haar weer so gou reggeruk het. Drink maar die vitamine pille en pasop vir 'n somer verkoue!

Om 7.30 nm op 23 Februarie het mev. Yvonne Crots die lewe geskenk aan 'n 8lb (Kg?) babadogter= tjie! Baie hartlik geluk Yvonne, mag sy vir julle 'n bron van baie geluk wees.

---

REDAKSIE:

Mej I M Pellissier - redaktrise
Mnr W P v.d. Merwe - sub-redakteur
Mev M L Kuhles - sub-redaktrise

# fotoblad

## welkom!



Mev. Annemaré Geldenhuys
Tydskrifafdeling



Mev. Linda de Villiers
IBL

## totsiens



Mnr. Jan Kruger
Bindery

Eerstejaars besoek Merenskybiblioteek



Mev. Daleen Stols verduidelik


Eerstejaars bestudeer 'n inligtingspamflet





Grepe uit die Totius-uitstalling
op die eerste verdieping






U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · MRT 1977

# so groei ons.... die vakbibliotekarisstelsel

Ek het verlede maand enkele besonderhede verstrek oor ons gebruikers se positiewe reaksie op die vernuwing wat by die grootste gedeelte van ons Biblioteekdiens bewerkstellig is. Die gebruikerstatistiek het eweneens aangetoon hoe noodsaaklik 'n verbetering van die fisiese fasiliteite by Buitemuurs sowel as ons mediese biblioteke is. Dit is in hierdie vroeë stadium van die jaar reeds duidelik dat ons pogings om die Macfayden-biblioteek by Buitemuurs beter toe te rus, dividende afwerp. Volgens die Takbibliotekaris, mnr. Du Toit, word die biblioteek beslis beter as in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar benut. Ten einde u almal op hoogte te stel van die omvang en inhoud van ons Biblioteekdiens se werksaamhede wil ek in die volgende paar nommers van Biblikasie enkele gegewens verstrek oor die funksionering van die verskillende afdelings in ons Biblioteekdiens.

Op die Hillcrest-kampus (d.w.s. in die Merensky-Biblioteek, Landboubiblioteek en Musiekbiblioteek) moes die Vakbibliotekarisstelsel sedert die begin van verlede jaar sy eerste treë op 'n ietwat onsekere en nuwe weg gee. Deur die instelling van die stelsel is o.a. gepoog om nog groter dividende op die Aanskafafdeling, die Ontsluitingsafdeling, die Leenafdeling en die Bindery se werk te verseker. Die harde werk deur genoemde afdelings moet immers uitmond in 'n optimale benutting van die biblioteek en die Vakbibliotekarisstelsel moes dien as 'n kommunikasie- en professionele fokuspunt waar Biblioteekdiens en gebruiker mekaar ontmoet. Die vraag is egter in watter mate die stelsel binne sy eerste bestaansjaar by dosente en studente inslag kon vind.

Die veertien Vakbibliotekarisse - hier op die Hillcrest-kampus moes - gedurende 1976 na 'n totaal van 87 departemente se belange omsien. In die meeste gevalle moes van meet af aan met departemente kontak gemaak word in 'n poging om 'n sinvolle inskakeling van die Biblioteekdiens by onderrigs- en navorsings-aktiwiteite te bevorder. Benewens die voorgraadse en honneurs studente wat by geleentheid ook aandag vra, het 'n totaal van 2 420 dosente en magister- en doktorale studente op meer persoonlike en intensiewe aandag aanspraak gemaak. Alhoewel daar nie noukeurig rekord gehou is nie, het die bibliografiese dienste wat gelewer is onder andere die opstel van 175 bibliografieë ingesluit en 'n aanvang is gemaak met die lewering van 'n lektuurberigdiens. Teen die einde van die jaar is gesamentlik 467 verskillende tydskrifte na departemente gesirkuleer. Daarbenewens is die inhoudsopgawes van 757 verdere tydskrifte (7080 aflewerings) by ontvangs gefotostateer en aan departemente beskikbaar gestel.

Die gebalanseerde en doelmatige uitbouing van alle vakversamelings aan die vakbibliotekarisse toevertrou, was een van die belangrikste en moeilikste verpligtinge. Danksy die ruim fondse beskikbaar is goeie vordering gemaak met die aanvulling van ernstige leemtes by sommige vakversamelings. In die loop van 1976 is aanbevelings vir boekbestellings ten bedrae van R263 540 deur vak- en takbibliotekarisse na die Aanskafafdeling gekanaliseer. Ten spyte daarvan was daar teen die einde van die jaar 'n totaal van 8 419 aanbevelings vir boekbestellings in die Aanskafafdeling voor hande wat weens die oorskryding van ons 1976-boekbegroting nie afgehandel kon word nie. Ten spyte van die ruim voorsiening van fondse vir 1976 moet leemtes in die vakversamelings van 72 departemente nog aandag geniet. Sedertdien het die finansiële toestand egter aansienlik versleg en dit is onwaarskynlik dat hierdie versamelings binne afsienbare tyd bevredigend aangevul sal kan word.


Benewens die sinvolle uitbouing van vakversamelings is die vakbibliotekarisstelsel ook vir die fisiese instandhouding van die versameling verantwoordelik. Teen die einde van 1976 was daar op die Hillcrest-kampus alleen 7 764 tydskrifvolumes wat nog ingebind moet word ook 4 28 boeke wat wag om herstel te word. Besonderhede oor die programmering van die Bindery se werksaamhede vir die volgende paar jaar word eersdaags aan my voorgelê. Die Adjunk-direkteur (Administratief), mnr. Duminy, is egter vol vertroue dat die huidige agterstand ten opsigte van bindwerk in ons Biblioteekdiens wel binne die volgende paar jaar uitgewis sal kan word.

Onder omstandighede is goeie vordering gemaak om die gebruik van ons fasiliteite en dienste te bevorder. Dit blyk o.a. uit die spontane wyse waarop soveel gebruikers reeds hulle waar-

dering betuig het. Tog meld die Vakbibliotekarisse in hulle jaarverslae dat daar op die hoofkampus nog ongeveer 52 departemente is wat hulle vakversamelings redelik tot swak en selfs nooit gebruik nie. Sodanige departemente sal in die loop van die jaar daadwerklike aandag van die betrokke Vakbibliotekarisse moet geniet. Dit hang saam met 'n program van onderrig in biblioteekgebruik wat in 1976 nog nie tot sy reg kon kom nie en wat elke vakbibliotekaris vanjaar in oorleg met departementshoofde moet ontwikkel. Hierdie onderrig in biblioteekgebruik dien nie ter aanvulling van die biblioteekoriëntering vir eerstejaars nie, maar is veral gerig op die behoeftes van die gevorderde en nagraadse student asook die dosent self.

Sedert November 1976 woon die hoofde van die twee mediese biblioteke en die Veeartsenykunde-biblioteek alle vakbibliotekarisvergaderings by en die Vakbibliotekarisbeginsel sal eventueel dwarsdeur ons hele Biblioteekdiens toegepas word. Die hoofde van takbiblioteke wat reeds 'n vernuwing ondergaan het (d.w.s. die Landboubiblioteek en die Veeartsenykunde-biblioteek) tree reeds ten volle op as Vakbibliotekarisse. By die BMW-biblioteek en die biblioteek by Klinies word vakbibliotekarisdiens gelewer in soverre fasiliteite dit toelaat. Sodra die verbetering van die fisiese fasiliteite afgehandel en die personeelsituasie deeglik in oënskou geneem is, sal 'n vakbibliotekarisdiens vir die fakulteite Tandheelkunde en Geneeskunde ontwikkel kan word.

Negentien-ses-en-sewentig was die geboortejaar van ons vakbibliotekarisstelsel. In 1977 moet die stelsel mondigheid bereik en sal almal hoër eise daaraan stel. Dit sal beplanning, beter organisasie en administrasie en groot aanpasbaarheid verg. Les bes sal 'n voortgesette ontwikkeling van professionele kundigheid, inisiatief en oordeelsvermoë nie agterweë mag bly nie.




Antwoord: Professor is besig om die takbibliotekaresses toe te spreek.

# van die buiteposte

## NUUS VAN DIE VOORKLINIESE BIBLIOTEEK

Hier by Voorklinies is dit deesdae baie bedrywig. Die studente het blykbaar besluit om baie aandag aan hul studies te bestee en die biblioteek word druk besoek. Ongelukkig is daar nie altyd genoeg sitplek vir al die entoesiaste nie en die vergrote biblioteek, wat tans beplan word, sal deur almal verwelkom word.

Behalwe die beperkte sitplekruimte en bergruimte, is hier nog 'n probleem: met die koeler, nat weer wat ons deesdae ondervind, word die biblioteek se deur toegehou en dis nie altyd so maklik om in die biblioteek te kom nie, want 'n mens moet nét weet hoe om die deur oop te maak. Dit is nogal komies om al die pogings te aanskou. Normaalweg moet die deur hard gestamp word en dié wat dit nie weet nie, het probleme. Partykeer egter, ek weet nie of dit van moedswilligheid is en of die deur dalk vroumensstreke uithaal nie, moet 'n mens hom net 'n sagte drukkie gee om hom oop te maak.

Dit is veral gedurende etenstye wanneer die meeste probleme opduik. Die personeellid aan diens is dan agter die toonbank wat regoor die deur is. 'n Geruk en pluk aan die deur laat 'n mens gewoonlik opkyk. Die persoon aan die ander kant pluk aan die deur en beduie met gesig en hande dat die deur nie wil oopgaan nie. Dan verskyn daar skielik so 'n begrypende uitdrukking op sy gesig en hy besluit dat die biblioteek seker etenstyd gesluit is. Die personeellid probeer van die binnekant beduie dat die Biblioteek wel óóp is en dan is dit 'n oor en weer beduiery. Partykeer is die kommunikasie nie so goed nie en draai die persoon ewe moedeloos om. Dit kos dan ratsheid van die personeellid se kant om op te spring en gou die deur oop te maak om aan die persoon te bewys dat die Biblioteek wel oop is.

Party persone raak heel aggressief en trek en stamp die deur totdat hy (die persoon, nie die deur nie!) naderhand rooi in die gesig is. As jy dan nadergaan om die deur oop te maak, en dit gebeur nogal dikwels dat die deur dan heel maklik oopgaan, is die persoon baie verleë.

Ons het selfs al kennisgewings op die deur gesit waarop "stoot" aan die buitekant en "trek" aan die binnekant staan. Dit het vir 'n rukkie goed gegaan totdat een van die studente die twee stukkies papiere omgeruil het en toe was dit eers konsternasie. Ek dink Jamie Uys sou 'n goeie "skoot" vir sy "Funny People" hier kon skiet!

Ek haat en ek het lief: ek weet nie hoe nie.
O my land, o my land: jy is ek.
Ek ken jou en ek haat jou soos ek my haat.
Ek het jou lief soos ek my soms lief durf hê.

N P van Wyk Louw
Tristia (Elegiese Verse)

# uit die afdelings

## ontsluiting

Verlede maande het Biblikasie berig oor die dagboekstelsel wat in die Ontsluitingsafdeling ingestel is vir die vergelyking van die verskillende ontsluitingsaktiwiteite in die handstelsel met die verwerking daarvan volgens DOBIS. Hierdie maand plaas ons graag 'n bladsy uit die dagboek van 'n ontsluiter.

07h30: Eers môre sê vir almal en verneem wat het gisteraand gebeur.

07h40: Water gaan haal vir die dag en benodigdhede regsit vir die ontsluitingsaksie, o.a. 'n dosyn skerp potlode en rosyne om aan te knibbel.

07h45: Eers kyk wie is in die afdelingshoof se kantoor - aag, sommer 'n vakreferent.

07h50: Die vorige dag se probleme afhandel. Statistiek: 2, want die derde is onopgelos.

08h30: Reël vir môre se koekbeurt - die minute stap aan, want almal het 'n sê in die saak, en buitendien bly Hatfieldbakkery se nommer beset.

09h30: Tyd vir kaarte inliasseer - meteens geleentheid vir kommunikasie, solank die afdelingshoof ons nie hoor nie. As ek hul nie nóú vertel van laas Saterdagaand nie, ontwikkel ek 'n geestelike wanbalans - mens kan nie alles so vir jouself hou nie.

10h15: Teetyd wat ons bietjie mag uu-ii-t-rek.

10h35: Kaartjies laat sak. Twee personeellede skryf 10 minute beseringstyd op, want X het te vinnig uit haar stoel opgestaan en die kop gekap teen 'n oop katalogus-laai bokant haar.

11h00: Die verklikker lui en almal se koppe draai. Een minuut verby ... dink net as 20 mense so tyd verspil!

12h00: Katalogusprobleme uitdeel - eers by elkeen kuier, net só lank sy nie die probleem vir jou teruggee nie.

12h10: Nou moet regtig gewerk word. Tien boeke in 'n japtrap afhandel, moet darem bietjie indruk maak.

"Jammer om te pla, maar help asb. met die hoofwoord!"

"Sê my eers hoe laat is dit?" - skryf neer, en dit neem dertig sekondes in beslag ...

Hierna 'n tydjie afknyp vir kommunikasie, nr. 37 op die lys en ook introversie, maar dit het nie 'n nommer nie - sê dus maar probleem 0 afgehandel.

13h45: Etenstyd en 'n uur later ewe soet op tyd agter die skryftafel al is die ooglede hoé swaar. Nou eers werk aan die buitemuurse probleem wat

14h30: Onderbreek word deur 'n telefoonoproep. Aangesien die tyd opgeskryf mag word, kan ek nou maar al my privaatsake met my vriendin bespreek.

14h45: Buitemuurse probleem vervolg - 'n hopelose soektog en hanteer 10 lywige stamboeke. Dit hou mens jonk en fiks.

15h15: Weer teetyd en daarna die mikrofilm gaan lees - ek moet 'n tydjie afknyp om daar in die stilte 'n uiltjie te knip, want vanaand gaan ons na die middernagsessie.

16h20: Tyd vir aanteken van statistiek - lyk maar power - skryf dus neer probleme.

16h25: Heerlike ou oppak om huiswaarts te keer.




# sosiale gebeure

Die Sigeuneraand van 18 Maart was 'n fees! Helfte van al die lekker was die voorbereidings vir dié groot aand. Die sosiale komitee het kajuitraad gehou en werk is uitgedeel. Elkeen het sy taak gehad en heel gou het nog 'n paar talente die lig gesien. Sake het egter nie altyd voor die wind verloop nie maar elke probleem is netjies gesystap.

Stringe papierblomme is gemaak, plakkate is geskilder, tafelrangskikkings is opgetower, die bindery het goedgunstiglik ingespring en gehelp met die druk van spyskaarte, die wyn moes bestel word, weer en weer is samesprekinge rondom die spyskaart gehou, die musiek moes in ons smaak val, op nommer nege-en-negentig is 'n doos sjokolade gekoop vir die mees oorspronklike sigeunerin ...

Uiteindelik het 19h00 aangebreek. By die deur is die gaste vriendelik ontvang deur mnr. en mev. Kuhles teen 'n agtergrond van egte sigeunermusiek. Heel gou het almal kennis gemaak langs die weg van vreemde dorpe en het só lekker gekuier dat sommige met moeite uit 'n gesprek losgeskeur is.

Die smaaklike Hongaarse geregte het gou-gou verdwyn en nadat die koffiekoppies teruggestoot is het die kaperjolle begin. Die mans moes gou touwys gemaak word want hul sigeunervriendinne het reeds die passies gedurende 'n paar etensure geoefen. Na 'n paar vinnige draaie op die mars van polsende ritmes, het ons maar die aftog geblaas en het die dans in alle erns begin.

Die dame wat met die sjokolade weggestap het was niemand anders as Annie Pienaar nie en Johan Annandale, Innarie de Vaal se verloofde, het koning gekraai oor die ander mans. Dit was 'n heerlike aand saam met kollegas en dit is die één aand in die jaar wat niemand mag misloop nie.

DANKIE

Die bestuur van die Sosiale Klub, asook al die personeellede wat die Sigeuneraand op die 18de Maart bygewoon het, wil graag die volgende persone bedank wat gehelp het om die lokaal te versier: ons dink veral aan die dames van die derde vlak vir die blomme wat hulle gemaak het, wat op spesiale versoek aanbly in Huis en Haard om die kafeteria te verfraai.

Baie dankie aan Ilse Pellissier en Gerhard Potgieter vir die oorspronklike plakkate vir die mure. (Dit was vir sommige mense pragtige aandenkings.
Ons hartlike dank ook aan almal wat blomme gebring het vir skouerruikers en tafelrangskikkings, asook vir dié persone wat dit so mooi verwerk het - veral Irene Venter wat haar slag hier gewys het.

# LUS VIR LEES ?

574.5

MAN, Nature and Ecology; with an introduction by Sir Julian Huxley

Die groot vraagstukke van vandag gaan nie soseer om die dreigende gevaar van 'n vernietigende oorlog of die moraliteit van kernwapens nie. Die oorkoepelende vraagstuk gaan eerder oor die kwáliteit van die lewensverwagting wat daar vir ons en ons kinders is, in 'n wêreld waarin die delikate balans tussen lewe, natuur en omgewing op vele vlakke en vanuit baie oorde bedreig word. Die belangrike vraag is: Wat lê vir ons in die toekoms voor uit 'n ekologiese oogpunt gesien?

Die is nie 'n maklike vraag om te beantwoord nie. Die lewensweb van die natuur word in oneindig ingewikkelde patrone gespin, vol komplekse nuanses en delikate balanse en die wetenskap begin maar net-net verstaan wat dit alles behels. Om 'n wêreld vir die nageslag na te laat waarin hulle kan lewe moet die vraagstuk egter dringend verstaan en opgelos word.

Hierdie boek se uitgangspunt is die balans tussen lewe en natuur voor die mens met sy tegnologie en sy uitvindings die lewe op aarde begin beïnvloed het. Vanuit hierdie basis word verduidelik presies hoe die mens die balans versteur het en daarmee word die huidige probleme in perspektief geplaas; waar die mens alreeds sy foute besef en reggestel het en in watter opsigte daar nog kans is op verbetering en regstelling. 'n Insiggewende en in baie opsigte 'n onrusbarende boek.

810.4 Villiers, D

VILLIERS, C G S

Die Sneeu van ander jare.

In hierdie boek kry mens tereg 'n herskepping van die Boereverlede van ons volk, nie net in 'n romantiese en nostalgiese sin nie, maar ook uit 'n verantwoordelikheidsbesef teenoor die hede.

Hierdie bloemlesing vertoon dr. Con de Villiers se kuns op sy beste. Sy verhale en essays is meesal uit die volksverlede gegryp, maar nie noodwendig vir die volk geskryf nie, sy werk word internasionaal. So het hy tewens self iewers in die bundel gesê: "'n Mens kan eers internasionaal voel as jy die waarde van jou eie besef aan die internasionale aan die toetssteen van die nasionale onderwerp."

Met piëteit skryf hy oor sy land en sy mense, maar veral oor die streek waar hy gebore en getoë is. Sy streekkuns is egter nie kleinkuns nie. 'n Aristokratiese afstand tot sy stof sorg dat hy nooit in kleinlike uitbeelding verval nie.

Teen hierdie agtergrond gesien, is "Die Sneeu van ander jare" 'n Overbergse skatkis, méér nog, 'n Afrikaanse erfenis.



# hekelpuntjies

## Die grootste boek

Die grootste boek in die wêreld is die "Little Red Elf", 'n storie in 64 verse, deur William P Wood, wat die boek ontwerp, gekonstrueer en gedruk het. Die hoogte van die boek is 2,2 meter en wanneer dit oop is, is die wydte 3 meter.

## Verstreke leentyd

Op 7 Desember 1968 is 'n boek wat in 1823 uitgeneem is by die Universiteit van Cincinnati se mediese biblioteek, teruggebring deur die oorspronklike lener se agter kleinseun - die boete van ongeveer R20,00 is hulle vrygeskeld.

Die redaktrise vra
'n artikel vir biblikasie.
Die ontsluiters kla
hul het nie inspirasie.
Dit laat my dink
aan die jare van 'n kind
en die nodige koerasie
vir die sluk van spinasie.
Dis darem nie so erg -
ek het sommer net geterg.

## RAAR MAAR WAAR!

MERENSKY BIBLIOTEEK UNIV. VAN PRETORIA

| Datum | Klas Nommer | Registernommer |
|---|---|---|
| 26.6.76. | 024.8. | 456.574 |


Outeur Reneker M. H.
Titel A study of Book Thefts in academic libraries
Verveldatum
Naam van lener L. D. Marais
(Blokletters)
Handtekening LDMarais
Kalligrafia-Pta-1935-G28&29

Hierdie is 'n uitstaande boek en die lener reageer nie op aanmanings nie!

## Arbeidserkenning

Erken die wat onder julle arbei, en bewys hulle in liefde die hoogste agting ter wille van hulle werk.

I Thessalonicense 5:12-13




BIBLIOTEEKVERBRUIKERS

## POEM FROM A MIND WARP: QUALIFICATIONS FOR BIBLIOGRAPHIC INSTRUCTION

Have you ever wondered who
Selects the books that you eschew,
Who chooses tomes you do not need,
But not the ones you want to read?
- It is I, the librarian.

Have you ever stared agog
Upon a complex catalog
And never wondered just who did
So much to keep your answer hid?
- It was I, the librarian.

Have you ever figured out
Why books can never be without
Dewey numbers that expand
Beyond your skill to understand?
- I willed it so, I, the librarian.

Have you ever roamed the stacks
Of books with numbers on their backs
And wondered why the numbers were
Out of place or just a blur?
- 'Twas 'cause of me, the librarian.

Have you ever sought the aid
Of reference help who quickly made
It very plain you were in pain
And wondered who your quest was vain?
- I made is so, I, the librarian.

Have you ever waited years
For I.L.L.'s that were arrears,
And wondered who would never say
A word about the long delay?
- That was I, the librarian.

So, now, who'll teach you how to use
The place in which you're so confused?
Why, of course (and its amusing)
The one who made the place confusing.

- Me, the librarian.

# Welkom...totsiens

In die Merensky-Biblioteek het daar 'n paar personeelverskuiwings plaasgevind. Alhoewel almal nie nuut in die biblioteek is nie, hoop ons dat hulle al goed op dreef is met die nuwe werk.

Mev. Alida van der Watt bring tans haar verlof deur in Natal. Ons hoop sy rus goed uit voordat sy op 1 April haar gewig by die Mediese biblioteek gaan ingooi. Mag jy baie gelukkig wees in jou nuwe werkkring en kom loer darem nou en dan by ons in!

Die toonbankpersoneel by die Merensky-Biblioteek is 'n gevoelige slag toegedien en dit sal hulle nog 'n geruime tydjie neem om dit te verwerk. Mnr. Gerhard Potgieter het 'n verhoging gekry - tot die derde verdieping! Sy manlike afwesigheid word aan beide kante van die toonbank betreur. Hou die naam van die toonbank hoog op die derde verdieping, Gerhard.

Ons moet hierdie maand afskeid neem van mev. Jean Botha; sy gaan nou voltyds huisvrou wees. Die afgelope twee weke het sy die toonbankpersoneel uit die verknorsing gehelp en het haar sô goed van haar taak gekwyt dat sy vir ons 'n dubbele verlies gaan wees. Totsiens Jean!

Die Beplanningsafdeling se geledere is in die begin van Maartversterk deur mej. Jeanne Joubert. Mej. Joubert is aangestel in die Ontsluitingsafdeling met verantwoordelikheid vir Mikro-ontsluitingstelsels, maar is vir ses maande gesekondeer na die Beplanningsafdeling waar sy 'n grondige ondersoek sal doen na die Nuwe Testamentiese Onderwerpsontsluitingstelsel (NTOOS). Die stelsel self het intussen verhuis van die tweede verdieping na 'n area in die Ontsluitingsafdeling wat spesiaal daarvoor afgeskort en ingerig is. Nadat mej. Joubert haar ondersoek voltooi het en die stelsel herontwerp is, sal sy na die Ontsluitingsafdeling verhuis waar NTOOS weer met mening bedryf sal word. Hartlik welkom by ons, Jeanne!

Verdere versterkings word in April verwag wanneer mnr. Johan Engelbrecht by ons aansluit. Ons sien gretig uit na sy koms, want daar is baie werk wat wag. 'n Grondige ondersoek na die Biblioteekdiens se lêerstelsels is waarskynlik die eerste projek wat op mnr. Engelbrecht wag.

Alhoewel Biblikasie reeds verlede maand die koms van 'n paar nuwe personeellede aangekondig het, wil ons hulle nou 'n bietjie van nader bekyk. Mev. Alet Kleu het die geledere van die Bestelafdeling aangevul en sy en mej. Elbie Kok deel die swoeg en sweet met die reeksbestellings. Alet is ook iemand wat die T.O.D. vaarwel toegeroep het om haar by ons te kom aansluit, maar nie voordat sy eers by Olympia sekretaresse was nie. Een van die groot liefdes in Alet se lewe is pottebakkery. Sy is al so ingeburger by ons dat 'n mens wil-wil vergeet dat sy 'n nuweling is!

Mev. Sheilagh de Villiers is die dame wat help om sake in die Africana-afdeling vlot te laat verloop. Sy het gekom in die plek van mnr. Hurter van Breda wat nou voltyds studeer. Sheilagh was voorheen werksaam by die Raad vir Handel en Nywerheid. Sy is die moeder van 'n seun en twee dogters en studeer vanjaar die Hoër Diploma in Biblioteekkunde. Haar liefhebbery draai rondom musiek en dit is ook in hierdie opsig wat sy van groot waarde vir die musiekversameling in die Africana-afdeling sal wees. As Kerkorreliste vind Maretha Kuhles in haar 'n geesgenoot.

Biblikasie stel graag aan u professor Gerryts se nuwe sekretaresse voor. Mej. Alida Smuts het haar opleiding in Durban gehad waarna sy daar vir die United Building Society gewerk het. Sy het ook 'n draai in Engeland gemaak waar sy vir agt maande 'n afrondingskool bygewoon en daarna rondgetoer het. Voordat sy haar by ons aangesluit het, was sy privaatsekretaresse van mev. Margaret Lessing. Alida is ook buite die Merensky-Biblioteek 'n baie bedrywige persoon. Sy dien naamlik op die dagbestuur van hulle Kerk Jeugaksie en een van haar liefhebberye is materiaaldrukwerk. Wees verseker dat jy baie welkom by ons is, Alida.

# tussen ons gesê...

Het u al die skittering in mej. Annemarie du Toit se oë opgemerk? Dit is die pragtige diamantring wat so weerkaats. Baie geluk aan haar en aan mnr. Calie Pienaar wat daarvoor verantwoordelik is.

Mej. Maritha Hindrichsen is nou weer terug in die tuig na 'n verlof van bykans drie weke. Ons vertrou dat sy goed uitgerus het.

Na velerlei verskuiwings sien die ontsluitingsafdeling nou heeltemal anders daar uit. Tot groot spyt van die betrokke partye is daar nou 'n afskorting opgerig tussen die tiksters en die kleingeldafdeling. Neels en Irene Venter se kuiertjies was maar van korte duur en die tiksters se uitsig op die talent wat kom fotostatiese afdrukke maak is ook belemmer.

Mej. Marie Schoeman het na 'n klein operasietjie besluit om vir twee weke by Ilovo saam met haar ouers te gaan vakansie hou. Ons hoop jy het goed uitgerus, Marie!

3 Maart was 'n groot dag in die lewe van Rolf en Christel Tönsing. Die gesin het 'n seun ryker geword! Ons hartlike gelukwense gaan aan julle albei en mag Tobias vir julle 'n bron van groot geluk wees.

Op die Buitemuurse front het mnr. Du Toit veilig van sy seevakansie teruggekeer. Victor het verwoonstel en Rudi koester ernstige trouplanne ...

REDAKSIE:

Mej I M Pellissier - redaktrise
Mnr W P v.d. Merwe - sub-redakteur
Mev M L Kuhles - sub-redaktrise

# fotoblad

## welkom !



Mev. Alet Kleu
Aanskafafdeling



Mev. Sheilagh de Villiers
Africana



Mev. Ingeborg van Wyk
Medies



Mev. Susan Scheepers
Leenafdeling



Mej. Alida Smuts
Direkteur se sekretaresse



Mej. Jeanne Joubert
NTOOS


## totsiens



Mev. Rieet Fourie
Medies



Mev. Jean Botha
3e Verdieping




U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · APR. 1977

# besparing – wat kan ék doen?

Almal praat vandag oor die ekonomiese krisis waaronder ons land gebuk gaan, party noem dit selfs 'n depressie. Ons lees daarvan in die pers, ons hoor dit oor die radio en televisie, maar besef ons die omvang daarvan werklik? Ons betaal weliswaar duurder vir ons lewensbehoeftes, maar probeer ons as individue werklik om te bespaar ten einde ons land uit hierdie penarie te kry. Wat doen jy by die huis en by die werk? As 'n mens kyk na al die luukshede waarop geld uitgegee word, kan jy nie anders as om te twyfel nie.

Die harde werklikheid van die situasie dring hom egter aan jou op as jy op 'n dag van die owerhede verneem dat die fondse vir die biblioteek besnoei word en dat die Universiteit opdrag van die Regering ontvang het om sy uitgawes drasties te besnoei.

Die vraag ontstaan willekeurig, wat kan ek as individu doen om die Universiteit te help in sy poging om te bespaar? Daar is soveel klein dingetjies wat elkeen van ons hier in die biblioteek kan doen om te bespaar. Ek noem net 'n paar en laat die res aan u inisiatief oor.

In die eerste plek verwys ek na die telefoonoproepe wat gemaak word. Is daardie oproep wat u wil maak werklik nodig? Kan dit nie maar bly tot vanaand wanneer u tuis is nie? As dit dan werklik nodig is om die oproep te maak, bepaal u, u by dit wat gesê moet word, of word dit 'n lekker geselsie oor die telefoon, waarmee ons die reeds oorlaaide sentrale nog verder belas?

Kom ons kyk in die tweede plek na die skryfbehoeftes wat gebruik word. Word die potlode, papier, en dies meer ten beste benut? Hoeveel papier wat nog nuttig gebruik kan word vir rofwerk, beland in die snippermandjie. Daar is op hierdie gebied so baie moontlikhede om te bespaar.


Wat van ons stiptheid? Is ons elke dag betyds op ons pos en loop ons ná sluitingstyd óf het ons die gewoonte van laat te kom en vroeg te loop?

U het onlangs 'n dag siekteverlof geneem. Was u daardie dag werklik te siek om te kom werk? Kom ons veronderstel dit was 'n vakansiedag en daar was 'n baie interessante program vir die dag vir u gereël. Sou u dan ook tuis gebly het, of sou u 'n paar hoofpynpilletjies geneem het en die dag verder gaan geniet het? Dit sal u verstom om te weet hoeveel werkstyd jaarliks net in die Merensky-biblioteek aan siekteverlof afgestaan word, dan bedoel ek net die enkel dae wat afgeneem word en nie werklike siektes wat deur 'n geneeskundige sertifikaat gestaaf word nie.

Wanneer u in die middag huis toe gaan, kan u werklik sê dat u die dag u deel van u ooreenkoms met die Universiteit nagekom het en 'n volle dag se werk gedoen het?

As elke werknemer in hierdie land, dit sluit ons in hierdie biblioteek in, elke dag sy eerlike plig doen, sal 'n baie groot deel van ons land se finansiële probleme opgelos wees.

MNR W W DUMINY
ADJUNK-DIREKTEUR VAN BIBLIOTEEKDIENS



"Ek het jou mos gesê jy moet eers toestemming kry voordat jy 'n fotokopie maak!"

# terloops...

# redaksionele nota

Met besparing op almal se lippe en gesien in die lig van die oproep tot besparing wat uit alle oorde tot ons gerig word, nooi Biblikasie elke afdeling in die biblioteekdiens uit om aan ons te vertel op welke bewuste wyse u besparing toepas. Sodanige wenke kan miskien ook in ander afdelings goed te pas kom en op hierdie wyse kan almal tot besparing 'n bydrae lewer!


# van die buiteposte

## Uit die middestad

Die diensgetalle klim hemelwaarts. Op 'n aand aan die begin van April, tussen 17h00 en 23h00, kon ons 'n rekordgetal van 137 persone bedien. Dat die Buitemuurse Biblioteek nou reg is vir groot dinge, is heeltemal duidelik.

Met elkeen op sy plek en 'n goed gemeubileerde teekamer, is almal in hul noppies. Daar het selfs 'n rusbank bygekom maar dié is slegs vir gebruik in noodgevalle. Helder geel gordyne het onlangs hul verskyning gemaak en skep 'n vrolike atmosfeer.

So groet ons uit die middestad.



"Ek verstaan hulle is gedruk vir plek"

# Welkom....totsiens

Alhoewel nie werklik nuut in ons midde nie, verwelkom ons graag vir mej. Inarié de Vaal terug as mev. Annandale. Sy is op 9 April met Johan getroud.

Hierdie maand neem ons afskeid van mnr. Gerrit van Staden. Gerhard gaan sy aandag nou voltyds aan sy studies wy. Ons wens jou alle sukses toe.

Die derde verdieping van die Merensky-biblioteek spog met die flinke hulp van drie dames wat hulle op 7 April by ons aangesluit het. Mej. Alna Jordaan wou eers 'n onderwyseres word nadat sy verlede jaar haar B A (Bk) voltooi het, maar het besluit om liewers die H D B-kursus aan te durf. Mej. Marietha du Plessis en mev. Susara van Wyk studeer ook die H D B-kursus. Susara het verlede jaar in die fototeek van die Departement van Inligting gewerk. Marieta het verlede jaar B Mus gestudeer en sy word op 2 Julie mev. Emiel Harteveld.

Mnr. Johan Engelbrecht het in Stellenbosch opgegroei en daar sy B A en H D B behaal. Daarna studeer hy aan UP en behaal hier sy B A Bibl Hons. Johan het verlede jaar in UNISA se biblioteek gewerk en het hom vanjaar ook by hierdie universiteit vir sy magister graad ingeskryf. Sukses met die studies Johan en wees verseker dat jy baie welkom by ons is.

'n Persoon wat beslis op 1 Mei met ope arms ontvang gaan word, is mej. M M Bruyns. Sy sal die vyfde voltydse personeellid by die uitleentoonbank van die Merensky-biblioteek wees.

Mnr. Marthinus Labuschagne sal vanaf 1 Mei in die Bindery werksaam wees. Ons heet hom by voorbaat welkom in ons midde.

# wat gebeur waar?

Merensky gee al weer die pas aan in die biblioteekwêreld. Hierdie keer is dit die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling, wat blykbaar tot onlangs toe taamlik enig was in sy soort. In die Februarie-uitgawe van Advanced Technical Libraries verskyn die volgende berig:

"Charles A Goodrum has been appointed director of the newly established Office of Planning and Development in the Library of Congress. Goodrum and his staff will be concerned not only with long-range planning and program development, but also with appraising CL's major on-going programs and their management."

Wat jy doen en wat jy is, raak ander mense. Dit raak hulle in so 'n mate dat die heil van hul ontsterflike siel daarvan afhang.

Berta Smit

# LUS VIR LEES ?

556.12

KRAFT, M
Volcano. New York, Abrams, 1975.

Die Franse, Maurice and Katia Krafft is die outeurs van hierdie insiggewende boek oor vulkane. Katia Krafft is die enigste vroulike vulkanoloog in die wêreld en ontvang in 1969 die Prix de la Fondation de la Vocation. Die egpaar ontvang in 1975 die Prix de l'Exploration vir hul bydrae tot vulkaniese navorsing.

Die werk is 'n wetenskaplike kunsboek, saamgestel uit foto's, teks en gedigte. Die insiggewende voorwoord is deur Eugène Ionesco geskryf. Hy vergelyk die mens onder andere met 'n vulkaan "For the moment, I exist. Passions slumber in me that may explode, then be held in check again. Jets of rage or joy lie within me, ready to burst and catch fire. In myself I am energy, fire, lawa. I am a volcano".

Die teks is wetenskaplik verantwoord en word aangevul deur diagramme. Die trefkrag van die boek is opgesluit in die pragtige kleurfotos - dikwels op dubbelblaaie. Ongewone aspekte van vulkane word uitgelig, bv. die vrugbare plantegroei wat ontstaan nadat die vulkaniese asse begin verweer en voedsame bestanddele soos kalsium en kalium vrygelaat word.

Die boek is 'n fees vir die oog en kan hoog aanbeveel word vir liefhebbers van die mooie.

---

556.474

RIKITAKE, T

Earthquake prediction. Amsterdam, Elsevier, 1976.

Aardbewings eis jaarliks miljoene lewens. Die seismoloë probeer aardbewings voorspel om sodoende lewensverlies te voorkom. Gedurende die laaste twee jaar is suksesvolle resultate bereik veral in China, die VSA en Japan. Hierdie boek handel veral oor resente navorsing op dié gebied in China, die VSA en Rusland. Die resultate word onder verskeie hoofde ingedeel byvoorbeeld geodetiese eksperimente, veranderinge in seismiese golfversnellings, geomagnetiese en geoelektriese bevindings ensovoorts. Verder word daar 'n kort samevatting oor die kontrole van aardbewings gegee.

Baie interessant is die historiese agtergrond van die ondersoek, na die ontstaan van aardbewingondersoeke asook ou legendes wat aanleiding gegee het tot die waarneming van die gedrag van diere soos visse, reptiele, voëls en insekte in omgewings waar aardbewings dikwels voorkom.

'n Interessante hoofstuk oor die noodsaaklikheid van 'n seismologiese studie om menslike reaksie op aardbewing-voorspelling te bestudeer, sluit die werk af.

Alhoewel die werk streng wetenskaplik verantwoord is, is die skryfstyl, taal en aanbieding van die stof op so 'n wyse gedoen dat dit maklik vir die leek verstaanbaar is.

---

Arbeid is nie tevergeefs nie

Omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.

1 Korinthiërs 15:58

---




Merensky-biblioteekpersoneel vanaf die parkeerterrein deur die modder op pad biblioteek toe

---

## hekelpuntjies

Die toonbanke by die uitleenafdeling en kleingeld is dikwels die bron van baie grappige insidente.

Op 'n aand was mev. Irene Venter by die uitleentoonbank aan diens. 'n Lener het nie die uitleenkaartjie volledig ingevul nie en sy het hom toe versoek om die klasnommer in die betrokke spasies in te vul.

Sy antwoord daarop was: "Ai, Mevrou, ek weet regtig nie wat die klasnommer is nie maar die klaskamer is in die kelder van die Geesteswetenskapgebou."

Dit is nou alles goed en wel dat vakreferente naambordjies het wat hul vanne en vakgebied aandui maar op 'n dag is Neels Venter as mnr. Kleingeld aangespreek!

Dit is verbasend om te weet hoeveel eerstejaars ledemate of lidmate van die Merensky-biblioteek wou word.

# tussen ons gesê...

Mnr. G vd Klashorst tree op 30 Junie met pensioen af. Oom Klassie het op 9 Januarie 1967 as Binder diens aanvaar. Ons wens hom 'n welverdiende rus toe. Om te gaan oefen om leeg te lê gaan hy eers vakansie hou in Margate vanaf Maandag 25 April.

Vandat rakke nie meer opgesit word en kassies nie meer gemaak word nie, is toestande in die Bindery weer normaal met die gevolg dat die produksie baie beter is as in die verlede.

Paasnaweek was 'n heerlike ontvlugting vir menige moeë mense. Mnr. Willie Porter het by sy naweekhuisie by die Bron gaan uitspan. Mnr. Julius Luüs se Mercedes en karavaan was swaar gelaai vir die uittog Wildtuin toe. Mnr. Nic van Vuuren is 'n haastige mens. Hy was met die hulp van S A Lugdiens vir 'n heen-en-weer Windhoek toe. Mej. Daleen vd Merwe het sommer 'n lui-lekker langnaweek deurgebring met vier bykomende dae verlof.

Mnr. Rassie Erasmus wat vir die afgelope 10 jaar onder die dennebome naby Ou Letteregebou parkeer het, is skielik versoek om ander parkeerplek te soek. Wat sou die rede wees? - red.

Mev. Helene Fourie het 'n operasie ondergaan en word alle sterkte en beterskap toegewens.

Mev. Hermine Reimann hou vakansie by Port St Johns en hoop om baie te stap en haar liefhebbery, die waarneem van voëls in hulle natuurlike omgewing, te beoefen.


Mev. Amke de Jager hou vakansie by Warner Beach en hoop om baie van alles te doen - baie swem, baie ontspan en baie slaap.

Mej. Bettie Coertze hou vakansie in die Drakensberge - ons wens haar 'n aangename rustyd toe en hoop dat sy die pragtige omgewing sal geniet.

AFDELING BEPLANNING EN ONTWIKKELING

Besparingsmemorandum nr 1

'n Algemene spoedbeperking van 5km per uur in alle biblioteeklokale word aanbeveel om slytasie van vloerbedekkings tot die minimum te beperk




Mej. Breggie Kotzé was vir 'n week met vakansie. Ons hoop sy het die rustydjie geniet en genoeg ontspan.

Die volgende persone het hulle weer op die akademiese terrein begewe en is tans besig met studie vir die graad M.Bibl.

Mej. Jo Breed
Mej. Bettie Coertze
Mev. Daleen Stols

Dit lyk asof die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling hierdie vakansie 'n uittog beplan. Byna al die personeellede gaan die een of ander tyd met vakansie. Die Bindery sal eers op 1 Mei weer voltallig wees.

Ons wens Rudi Schwartz van Buitemuurs hartlik geluk met sy huweliksbevestiging op Sondag 24 April. Die toekomstige pastoriepaar gaan hulle voorlopig in Waverley vestig.

Mercia Weitz se dieretehuis is deesdae baie suksesvol. Haar honde- en kattefamilies tel nou al amper twee dosyn. Sy belowe ons ook dat sy alle nuwe aansoek baie simpatiek sal bejeën.

In die Uitleenafdeling gaan dinge dol. Die vermindering in biblioteekbesoek gee net genoeg blaaskans om die massa opgehoopte administratiewe werk wat die toeloop van studente voor die vakansie meegebring het, weg te werk. Die personeel in hierdie afdeling bedank almal wat so gewillig is om in te spring en saam te help!

Mev. Maretha Kuhles is besig met die tik van haar man se M.A.-verhandeling. Sy is nou al so flink met die vingers dat sy slegs in elke derde reël 'n fout hoef te korrigeer! Moed hou Maretha!

Mej. Marietjie Pauw gaan vanaf 2 Mei vir 'n week by haar ouerhuis in Mosselbaai 'n draai maak. Geniet die seelug en die kuier, Marietjie.

Mev. Susan Scheepers sterk tans tuis aan. Almal wens jou beterskap toe Susan!

Ons hartlike gelukwense gaan aan mnr. Gerhard Potgieter wat op 24 Mei mondig geword het!

Mev. Heleen Fourie bedank almal in die Merensky-biblioteek vir hul vriendelike belangstelling in haar welsyn en vir die pragtige ruiker wat sy ontvang het.

Ons verwelkom graag vir mev. Marie Rautenbach terug in die Kelder van die Merensky-biblioteek met die hoop dat sy spoedig al haar kragte sal herwin.

Die redaksie wens aan almal wat die voorreg het om met vakansie te gaan, 'n heerlike rustyd toe!

REDAKSIE:

Redaktrise: Mej I M Pellissier
Sub-redaktrise: Mev M Kuhles
Sub-redakteur: Mnr W P vd Merwe

# fotoblad


## welkom!



Derde verdiening, Merensky-biblioteek:
mejj Alna Jordaan, Marietha du Plessis
en mev Susara van Wyk




Tydskrifafdeling:
Mev Inarie Annandale



Afdeling Beplanning & Ontwikkeling:
Mnr Johan Engelbrecht

B E S P A A R

Stort in .....




.... AFRICANA

## totsiens



Ekonomie & Regte: Mnr Gerrit van Staden




U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · MEI 1977

## BOEKE EN PERSONEEL - BALANS OF WANBALANS IN ONS BESTEDING


In die vorige nommer van Biblikasie het mnr W W Duminy verwys na die bydrae wat elkeen van ons kan lewer om besparing te bewerkstellig. Na aanleiding daarvan het u waarskynlik tog gewonder hoe die Biblioteekdiens sy fondse bestee. Bring die besnoeiing van fondse vir boekaan= kope mee dat noodwendig ook minder aan personeel bestee sal moet word?

Die beskikbaarstelling van biblioteek= fondse is inderdaad gerig op die kostes verbonde aan eerstens, die verskaf van biblioteekmateriaal en tweedens, die voorsiening van die personeel wat nodig is om die biblioteekdiens behoorlik te laat funksioneer. Tog benodig ons daar= benewens ook heelwat fondse vir sake soos die voorsiening van fisiese fasili= teite, ameublement en ander toerusting. Die beskikbaarstelling daarvan word eg= ter op meriete oorweeg en word beskik= baar gestel ooreenkomstig die fondse wat die universiteit in die algemeen in daar= die doel voorhande het. So sal ons ver= toë om die oprigting van 'n nuwe biblio= teekgebou of die verbetering en vergro= ting van bestaande biblioteekruimtes by= voorbeeld saam met ander akkommodasiebe= hoeftes van die universiteit oorweeg word deur die Boukomitee onder die voor= sitterskap van die Rektor.

Wat fisiese akkommodasie en fasiliteite betref, kan ons net dankbaar wees dat ons vertoë vir die verbetering daarvan (behalwe in geval van die Musiekbiblio= teek) betyds aan die universiteitsower= heid voorgelê is en dat almal goedgekeur kon word alvorens die huidige finansiële krisis ingetree het. Ons was wel genood= saak om op van hierdie projekte te be= snoei en te bespaar (bv. by die B M W- en MacFadyenbiblioteke), maar ons kan net daankbaar wees vir soveel sake wat betyds afgehandel of aangevoor kon word.

Ons het volle simpatie met ons kollegas wat onder die huidige omstandighede nuwe biblioteekfasiliteite moet probeer bekom. So verkeer die U O V S se biblioteek nou in die posisie wat Merensky was voordat die nuwe gebou opgerig is.

Daar is al baie geskryf en bespiegel oor wat die verhouding tussen 'n universi= teitsbiblioteek se besteding aan persone en biblioteekmateriaal behoort te wees. Enersyds, kan 'n lae personeelbesteding met 'n hoë uitgawe aan biblioteekmate= riaal 'n aanduiding wees dat alhoewel 'n groot versameling opgebou word, die professionele persone wat die optimale benutting daarvan moet bewerkstellig, ontbreek. Andersyds, kan 'n baie hoë uitgawe ten opsigte van personeel 'n aanduiding wees dat mannekrag verspil word as gevolg van onnodige omslagtige prosedures en swak bestuur en adminis= trasie in die algemeen. Sommige bib= liotekarisse is oortuig dat die univer= siteitsbiblioteek se uitgawe aan perso= neel en biblioteekmateriaal behoort te balanseer. Die saak is egter nie so eenvoudig nie. Eerstens, is die finan= siële implikasies van rekenarisering nog nie behoorlik uitgespel nie. Twee= dens, kan 'n situasie soos die huidige ontstaan. Die biblioteek se fondse vir



boekaankope word nie net besnoei nie, maar as gevolg van 'n styging in boek= pryse kan veel minder biblioteekmate= riaal aangeskaf word. Tog kan personeel= uitgawes nie noodwendig dienooreenkomstig verminder word nie. Soos ek in die Fe= bruarienommer van Biblikasie aangetoon het, het die gebruik van die biblioteek baie toegeneem en kan personeel nie son= der meer verminder word net om 'n balans tussen personeel- en boekuitgawes te pro= beer handhaaf nie.

In 1975 en 1976 het ons verrassend naby 'n verhouding van 50:50 gebly. In 1975 is onderskeidelik R473 637 en R452 119 aan biblioteekmateriaal en personeel be= stee - d.w.s. 'n totaal van R925 756. In 1976 het die beklemtoning van profes= sionele dienslewering en die gevolglike uitbreiding van personeel 'n geweldige styging in personeel uitgawes tot gevolg gehad. Danksy die aanwending van heel= wat verskuilde fondse is 'n rekord bedrag egter ook aan biblioteekmateriaal bestee en is 'n verrassende balans tussen per= soneel- en boekuitgawes nietemin gehand= haaf. Ons het in 1976 'n totale bedrag van R1 566 580 bestee; R869 054 daarvan aan boeke en R697 526 aan personeel!

Hierdie prentjie sal vanjaar taamlik drasties verander. Die handhawing van ons personeeluitgawes ten spyte van 'n veel laer besteding aan biblioteekmate= riaal sal slegs geregverdig kan word in= dien ons deur harde werk en toegewyde diens ons gebruikers en gevolglik ook die universiteitsowerheid, van ons on= misbaarheid oortuig. Dit hou verband met die rektor se opdrag dat geen vaka= ture voortaan gevul sal word alvorens die universiteitsowerheid hom nie opnuut van die noodsaaklikheid daarvan vergewis het nie.

Intussen het ons jaarverslag vir 1976 so pas voor die Biblioteekkomitee, die Uitvoerende Komitee van die Senaat en die Senaat self gedien. Ek wil u van harte geluk wens met die opregte waar= dering wat na aanleiding van die verslag teenoor u uitgespreek is. Die notule van die Uitvoerende Komitee van die Se= naat (d.w.s. 'n vergadering van alle de= kane onder voorsitterskap van die rek= tor) se vergadering lui onder andere soos volg:

" ... om 'n besondere woord van dank teenoor die Direkteur en sy personeel, ook by takbiblioteke, uit te spreek vir hul vriendelike en besondere tegemoet= komende optrede."


Prof E D Gerryts
DIREKTEUR: BIBLIOTEEKDIENS

GEBED VIR PINKSTERTYD

Leer ons ook wat u Woord bedoel met
"volhard in die gebed"
en "bid sonder ophou".

I L de Villiers - Manna oor die duine




BMW HET DAREM NOU LUGREËLING

# uit die afdelings

## ontsluiting

Waar begin 'n mens ... om die massa proefskrifte van ander universiteite te onttrek en as boeke op te neem, ... of om halfpad daardeur, te skryf wat alles gebeur het? Dis omtrent ewe moeilik om beide die vrae te beantwoord!

"Haal elke proefskrif van die rak af, kyk of hy anders-universiteitig is, pak jou trollie vol, onttrek die sistematiese kaarte, kontroleer of daar nie dalk 'n eksemplaar op die rak is nie, en volg verder die gewone herkatprosedure," was die opdrag na lang geredekawel om alle moontlike foute uit te skakel. Daarna is ons twee-twee (vir fisiese en morele steun) daagliks Africana toe.

Ondervinding het ons baie gou geleer dat ons uniforms glad nie gediend is om met ou proefskrifte geassosieer te word nie, en danksy 'n tydige waarskuwing, het ons liewer een dag per week met 'n proefskrifkleurige uitrusting kom werk as om smiddae bruin-bruin by die agterdeur uit te sluip.

Teen die pas van sewentig proefskrifte per dag, moes Dina, Breggie en Rinie kontroleer om by te bly ... totdat iemand ontdek dat die Africana- en Buitemuurse kaarte nooit onttrek is nie ... iets wat in die toekoms van geen waarde sou wees nie. Resultaat: terug konsepvelle toe, terug Africana toe, en ... daagliks pakkies kennisgewings van onttrekkings aan Buitemuurs!

Die skielike bombardement van kaarte en boeke wat verander moes word, het die tiksters laat wens dat die vakansie al verby was, sodat hulle almal weer terug sou wees. Andries en Frans was genoodsaak om Daniël te koöpteer om met die plak en skoonmaakwerk te kom help. Die vol trollies wat geduldig sy-aan-sy gestaan en wag het dat hulle beurt moes kom, het baie dae soos 'n volgepakte Loftus op 'n Saterdagmiddag gelyk.

Nou - vier weke en 1 400 proefskrifte later - met omtrent nog soveel voor in die volgende vier weke wonder ons of iemand nie dalk 'n proefskrif wil skryf oor die "psigo-sosiologiese invloed van die onttrekking en herkatalogisering van 3 000 proefskrifte op agtien ontsluiters" nie?

VOLMAAKTE WERK

He is the Rock. His work is perfect
Everything he does is just and fair.

Deuteronómium 32:4

# 2de verdieping

UITSTALLING: "DEVELOPMENT STUDIES"

Die Britse Ambassade onderneem op die oomblik 'n uitstalling van boeke en tydskrifte oor die ekonomiese ontwikkeling in Afrika en ander onderontwikkelde lande. Die ongeveer 350 boeke en dertig tydskrifte handel onder andere oor navorsingsorganisasies, bevolking, handel en industrie, omgewing, sosiale beplanning, finansies en internasionale ekonomie. Belangstellendes kan tot 10 Junie die uitstalling in Merensky op die tweede verdieping besigtig. Verskeie biblioteke in Suid-Afrika sal benut kry om hierdie versameling uit te stal.

# resultaat

Na die berigte in Biblikasie van Februarie en Maart oor die dagboekopname in die Ontsluitingsafdeling lyk dit asof die Beplanningsafdeling die laaste woord hieroor wil hê. Die bevindinge is as volg:

Vyftien ontsluiters het vir twee weke aan hierdie opname deelgeneem en daar is vir altesaam 1 011,7 man (??)-ure, dit is 126,5 werksdae, dagboek gehou. Dit verteenwoordig 'n enkele persoon se werk van meer as 'n halwe jaar.

Van bogenoemde tyd is 81,2% bestee aan ontsluitingsaktiwiteite, 6,7% aan nie-ontsluitingsaktiwiteite (byvoorbeeld hulp aan gebruikers) en 12,1% aan nie produktiewe aktiwiteite. Daar moet darem bygesê word dat die nie-produktiewe aktiwiteite nie net uit "kommunikasie" bestaan het nie, maar ook teetye, doktorsafsprake ensovoorts insluit. Slegs 0,4% van ontsluiters se tyd is, (in die opnametydperk in elk geval!) aan "kommunikasie" bestee.

Van die 1 537 titels wat ontsluiters in die opnametydperk hanteer het was slegs 59,5% gewone nuwe boektitels. Ander noemenswaardige kategorieë was 15,3% herkatalogiserings, 9,8% afskrywings, 7% konsolidasies en 4,8% spoedboeke.

'n Ontsluiter gebruik gemiddeld 34,9 minute om 'n nuwe titel te ontsluit. Om hierdie syfer te bereken is nie slegs direkte hantering van die 1537 titels in aanmerking geneem nie, maar ook alle ontsluitingsaktiwiteite wat

nie direk aan bepaalde tipes materiaal gekoppel kan word nie, soos afdelings= vergaderings, notule-veranderings, lias= sering van kaartjies, ensovoorts. Nie-boekmateriaal neem die langste tyd in beslag om te ontsluit, naamlik 51,1 minute per titel, terwyl die kortste tyd per titel, naamlik 28,8 minute, aan konsolidasies bestee word. Dit wat betref ontsluiting. Afskrywings vorm eintlik die teendeel van ontsluiting (de-ontsluiting? toesluiting?) - gemid= deld 12,4 minute per titel is daaraan bestee.

Ten slotte 'n woord van dank aan alle ontsluiters wat so moes kophou om al hulle aktiwiteite vir twee weke aan te teken. Dat dit maar frusterend was om boek te hou van elke minuut se werk blyk onder andere uit die feit dat ont= sluiters gedurende die twee weke heelwat meer tyd afgeneem as ingewerk het! Ons hoor gerugte dat ook die Beplanningsaf= deling op een of ander stadium gaan deurloop onder 'n dagboek-opname en ons begin nou al ure opbou om gedurende die opname elke dag vanaf 9h30 in die og= gend te kan afneem!

# bindery

'n Oudhede-versameling se mond sal water vir sommige van die voorwerpe en toerus= ting in die Bindery. Ondermeer tref ons hier 'n bindershamer aan wat deur A M van Belkum as gevangene in Batavia ge= bruik is. Hierdie hamer is aan die uni= versiteit geskenk deur sy broer. Onge= lukkig kan die datum van die skenking wat op die steel van die hamer ingebrand is nie meer uitgemaak word nie. Die hamer word byna daagliks nog gebruik.

Nog 'n artikel wat vir baie jare in ge= bruik is, is 'n erdehouer waarin lym gehou word. Vele aanbiedinge is alreeds ontvang vir hierdie voorwerpe. Jammer, maar hulle is ongelukkig nie te koop nie!



Die probleem is die persoon wat die studiehok langs die kleingeld= toonbank bespreek het is 'n meneer Nightingale ....

HULDE AAN BARUCH SPINOZA 1632-1677

"By watter altaar kan die mens heil vind as hy die Majesteit van die Rede skend?" (Tract. Theol-Pol C XV (1.545,551) )

Die Departement van Wysbegeerte van die Universiteit van Pretoria bring deur middel van 'n uitstalling op die grond= verdieping hulde aan die nagedagtenis van Baruch Spinoza. Spinoza is 300 jaar gelede oorlede en word veral ge= huldig vir die feit dat hy die eerste persoon was wat 'n poging aangewend het om die Oosterse en Westerse wysbe= geerte te verenig.

Vanjaar word aan die Universiteit van Jerusalem 'n internasionale kongres vir wysbegeerte gehou waartydens Spi= noza se werke as tema behandel sal word. Later gedurende die jaar gee die Spino= zastigting in Nederland ook 'n gedenk= seël uit.

# africana

Die opvattings wat sommige oningeligtes darem oor Africana huldig ....!

Soos die ou (wat self nog nooit 'n voet in die biblioteek gesit het nie) wat op 'n dag aan 'n Africanapersoneellid vra: "Hoe hou jy dit daar uit? Is dit nie sleg vir jou oë om aldag so onder in 'n donker kelder te wees nie ....?"

Dan was daar ook die komponis wie se komposisies op 'n dag deur Sheilagh ge= haal moes word om in die musiekversame= ling opgeneem te word. Baie bewus van die belangrikheid dat sy werk vir die nageslag behoue sal bly, lig hy sy heim= like vrese: "Maar is dit nie onverstan= dig om sulke kosbare musiek in so 'n muwwe plek te bêre nie? Dink net aan die verwerende uitwerking van al die stof en vismotte ...."

Tog skyn die wanopvattings darem nie die studente daarvan te weerhou om soms met die onmoontlikste versoeke na Afri= cana te hardloop nie!

Soos -

"Meneer, ek kom vra net asseblief Andy Caps."

"Mevrou, gee my asseblief gou vyf dub= belsinnige sinne ...."

"Tannie, sal Tannie my asseblief sê hoe lank my taak moet wees en wanneer ek moet ophou skryf?"

Een middag na vyf-uur, 'n ouerige omie: "Juffie, kyk, ek moet gou 'n plan hê van 'n kakebeenwa ...."

Gebruikers vul deesdae volledige besonderhede omtrent hulself op aansoekkaarte in wanneer hulle 'n boek wil raadpleeg. Sommige van hulle is blykbaar onder die indruk dat dit aan hulle verlof verleen om die boek uit te neem!

In antwoord op die oproep om te bespaar sal Africana voortaan slegs ou, gebruikte boeke aankoop.

Ons beste wense vir 'n spoedige beterskap vergesel mev Sheilagh de Villiers. Sy gaan vanaf 1 Julie vir ses weke met siekteverlof.

# wat gebeur waar?

KENNISGEWING AAN DAMES

Graag bring ons dit onder die aandag van die dames dat die firma Carter Harris wat ons kleredrag verskaf, nou ook 'n roomkleurige bloese van Trilobel tot ons beskikking stel. Die bloese kan by mej Ilse Pellissier besigtig en bestel word. Die prys van 'n langmou bloese is R10,95 en dié van 'n kortmou bloese R9,95.

'n Tweede item wat ook deur die firma aan ons beskikbaar gestel word, sal veral vir die dames wat stowwerige werk moet doen, van groot nut wees. Dit is naamlik 'n rooi, moulose oorjassie wat met gemak bo-oor u rokkie gedra kan word en wat sodoende u klere beskerm. Die materiaal is drupdroog en kreukeltraag. Die oorjassie kan ook by Ilse bestel word en die prys daarvan sal ongeveer R4,00 wees.

KLEREDRAG TE KOOP

Onderstaande dames wil graag splinternuwe kleredrag wat in hulle besit is, verkoop:

1. Mev H Strydom (Tydskrifte-afdeling) een 97(38) romp. Die romp is nog nooit gedra nie.

2. Mev Heleen Davel het 'n bestelling geplaas vir 'n 89(34) kortmoubaadjie en is op soek na iemand om hierdie bestelling oor te neem. Stel ons asseblief in kennis indien u belang stel.

3. Een 92(36) kortmoubaadjie - nooit gedra nie.

4. Een 81(32) rokkie. Sonder omslaanmou. Vir 'n kort persoon. Nooit gedra.

# oorsee

Ek het vol verwagting op mev Ria Viviers afgepeil. Dit was alreeds die elfde uur en daar moes naarstiglik nog nuus gevind word om 'n oop kol in Biblikasie mee op te vul. In my geestesoog het ek 'n kolom vol interessante vertellinge gesien, want Ria kan vertel!

Ria en haar man het 'n georganiseerde toer meegemaak na Rome, Griekeland, die Griekse-eilande, Turkye, Israel, Iran, Nepal, Indië en Mauritius. Ek het begin uitvra en het verstom gestaan oor wat hulle alles beleef en gesien het. Dat daar 'n bykans onoorbrugbare kloof tussen Weste en Ooste bestaan, blyk uit die geweldige armoede en agterlikheid wat in hierdie lande heers, asook hul fanatiese geloof in 'n verskeidenheid van letterlik miljoene gode.

Ek het gehoop om 'n kolom vol nuus van Ria te kry, maar het gou besef dat wat hulle alles beleef het, nie in die bestek van 'n kolom vasgepen kan word nie. As u dus 'n los tydjie het maak seker dat u vir Ria aan die gesels kry - dit is die moeite werd!

# hekelpuntjies

BELONING

Joris loof 'n stokkielekker as beloning uit aan die eerste persoon wat hierdie rekenaarboodskap vir hom kan ontsyfer:

IAMAC OMPU TERANDWI STOIN FORMYO UTHA TIHAVES CRAM BLEDMYP RINTO UT!

THE HAPPY BOOKERS

Librarians in Mesopotamia



*How to bake a book*

by Campbell Grarst





LIBRARIES IN THE MIDDLE AGES

Monastery libraries were sometimes so small that the ratio of one book per monk was considered rather good. So far it is known there was no Book-of-the-Monk Club.

"The Happy Bookers" - Richard Armour

# LUS VIR LEES ?

173.31 ALLENDORF M
Women in Socialist Society.
Edition Leipzig, 1976

Hierdie boek behandel 'n heel kontemporêre onderwerp, naamlik die vrywording van die vrou. Die titel dui aan dat die boek beslis 'n sterk politieke kleur het. Die boek handel oor die wyse waarop die vroue deur die eeue onderdruk was en feitlik slawe van die gemeenskap was.

Daar word sterk klem gelê op die feit dat die Oktoberrewolusie in 1917 in Rusland 'n groot deurbraak vir die emansipasie van die vrou was.

Heelwat aandag word gegee aan sekere vrouefigure in Rusland wat beroemd was vir hulle stryd t.o.v. die emansipasie van die vrou, soos bv. Nadezhda Krupskaya wat Lenin se gesellin was. Die emansipasie van die vrou in sosialistiese lande word breedvoerig bespreek asook die gebiede waarin die vrou begin het om haarself te laat geld.

Die boek is onderhoudend geskryf en bevat heelwat illustrasies en kleurplate wat dit 'n aantreklike voorkoms gee. Dit is egter 'n werk wat met diskriminasie gelees moet word vanweë die politieke inkleding.

745.67

COGLIATI ARANO L red
The Medieval health handbook:
Tacuinum sanitatis. London,
Barrie and Jenkins, 1976

Hierdie uitgawe is 'n replika van 'n pragtige geïllumineerde manuskrip wat in 1895 gevind is. Die boek begin met 'n aanhaling wat 'n mens dadelik interesseer.

"The Tacuinum Sanitatis is about six things that are necessary for every man in the daily preservation of his health, about their correct uses and their effects ..."

Dat die rate dateer uit die Middeleeuse en sommiges is baie humoristies. 'n Mens kan nie sê hulle spreek uit onkunde nie, want die destydse mediese kennis van die Arabiere word in hierdie werk behou.

Net om u nuuskierigheid meer te prikkel, een van die rate - die gebruik van "Beets (blete)" pl. IV:

"Nature: Warm and dry in the first degree

Optimum: Those with a sweet taste.

Usefulness: Their juice eliminates dandruff.

Dangers: They set the blood on fire.

Neutralization: With vinegar and mustard."

# Welkom....totsiens

Die groot aanwins by die uitleentoonbank sedert 1 Mei was in die persoon van mej Magriet Bruyns. Magriet was voorheen in die diens van UNISA waar sy die rekenarisering van salarisse behartig het. Dat sy 'n baie bedrywige persoon is, blyk uit die feit dat sy vanjaar vier vakke studeer, op die redaksie van Die Naguil (die Buitemuurse Studentekoerant) en op die Buitemuurse Studenteraad dien. As Studenteraadslid behartig sy die twee portefeuljes "Kuns en kultuur" asook "Interne projekte en Studenteleiding". Magriet het verder ook 'n verskeidenheid van belangstellings wat uiteenlopende dinge soos musiekmaak en stap insluit. Ons hoop dat jy alreeds goed tuisvoel Magriet en Biblikasie hoop om jou ook te mag inspan by die skryf van nuusbrokkies.

Mnr Marthinus Labuschagne is sedert 1 Mei in die Bindery werksaam. Hy het sy skoolopleiding aan die Trans Oranjeskool vir Dowes in Pretoria gehad wat ook onder meer elementêre opleiding in boekbindery ingesluit het. Waar jou aanstelling in die Bindery jou eerste betrekking is, wil ons almal jou 'n aangename toekoms in die Merensky-biblioteek toewens.

Mev Antoinette van Rensburg was slegs vir vyf maande die assistente van mnr Peet van der Merwe. Waar sy nou moeder en voltydse huisvrou gaan word wens ons haar ons allermooiste wense toe.

Mej Tertia Uys was in die ontsluitings=afdeling werksaam en het ons verlaat om haarself beter te bekwaam. Ons beste wense vergesel jou, Tertia.

## tussen ons gesê...

Mnr Nic van Vuuren was afwesig na 'n operasie aan sy oog. Gelukkig gaan dit weer heel voorspoedig met hom en het hy weer 'n gesonde uitkyk op die lewe.

Mnr Willie Porter het 'n lang langna=week geneem met drie bykomende dae verlof. Ons sal graag verneem van die berge wat hy versit het of het hy net uitgerus?

Mej Daleen van der Merwe sal vir drie weke met verlof wees. Haar motor se neus staan in die rigting van Durban en sy sal moontlik Bloemfontein ook by haar planne insluit maar die koue daar kan haar dalk van koers laat verander.

'n Erg beseerde voet as gevolg van 'n ongeluk by die huis, was die oorsaak vir mnr Julius Luüs se afwesigheid van die bindery.

Mej Susna Hurn het skaars teruggekeer van haar vakansie op Margate of sy be=sluit om die langnaweek na een week te verleng. Ons hoop jy het lekker uitge=rus, Susna.

Soos ons verneem het was die afgelope langnaweek ook goed benut deur sekere kollegas:

Mej Annatjie Momberg het die langnaweek 'n bietjie vroeër as ons almal begin en het 'n heerlike week tuis (in die Kaap natuurlik!) deurgebring.

Mej Elbie Kok en haar verloofde was baie energiek en het hul toekomstige tuiste met verf en 'n roller bygedam. Na wat verneem word, sien die nessie daar al heel snoesig uit.

Mej Annamarie du Toit se reëlings vir die grootdag begin ook al koers kry - geniet die drome en beplanning!

Mev Rita Botes staan nou wel nie meer in die onderwys nie, maar die kinders sorg dat ma nog altyd aan die skoolklok gebonde bly. Toe die laaste klok vir die eerste termyn lui, het hulle die Volksie gepak en afgesit na die Vrystaat vir twee weke.

Mev Alida Dippenaar en haar suster se toervakansie per motor in Europa kom vinnig nader. Hulle sal vanaf 23 Junie tot 30 Julie in die buiteland wees. Alida het al cholera en pokke gehad - dit is nou die inspuitings en nie die siekte nie!

Mej Ansie Nolte en mnr Hendrik Bosman het mev Anette Booysens met ope arms ontvang. Sy is hulle in die oggende behulpsaam by die Voorgraadse Studie=versameling. Dankie ook vir al jou hulp by die uitleentoonbank Anette.

Mev Denise Wheeler het op 26 April die lewe geskenk aan 'n dogtertjie. Hart=lik geluk Denise, IBL mis jou teenwoor=digheid.

Mnr en mev Neels Venter was vir drie weke in Windhoek met verlof en verruil binnekort hul woonstel vir 'n huis.

Mev Dalena Stols het twee soet-suur weke in die Kaap deurgebring: baie bly om haar ouers te sien, maar jammer om sonder manlief te wees vir die tydperk.

Mevv Elize Botha en Hermine Reimann het albei besluit om 'n week verlof te neem - Elize om tuis uit te rus en Hermine waardeer die natuurskoon van Die Eiland naby Tzaneen.

Mev Annette Lessing het tydens haar va=kansie by Bronkhorstbaai leer waterski. Ook was hul vriende in die Kaap bly om hul weer te sien.

Mnr Gerhard Potgieter vertrek op 9 Junie met gesubsidieerde vakansie van drie maande na die grens. Geniet die weg=breekkans Gerhard! Met sy terugkoms verhuis Gerhard na 'n nuwe woonplek wat glo 'n klein kombuisie ook het. Ure se kookgenot, hoor!


REDAKSIE:

Redaktrise: *Mej I M Pellissier*

Sub-redaktrise: *Mev M L Kuhles*

Sub-redaktrise: *Mev B von Ehrenberg*

Tikster: *Mev Lorraine Erasmus*

Medewerkers: Mev E W du Plessis - Bestel=afdeling; Mnr C F Buys - Bindery; Mej M M Pauw - Leendienste; Mev H Fourie - Ontsluiting; Mev M L Kuhles - Sosiale Komitee; Mev I Venter - Tiksters; Mev B C Gunther - Tydskrif-afdeling; Mej C Claassens - Vakbibliotekarisse en -assis=tente; Mnr P Lor - Mediese, veeartsenykundige en Onderstepoortse Biblioteke; Mej J du Preez - Landboubiblioteek; Mnr V E Holme - MacFadyen-biblioteek; Mev C Coertze - Diskoteek; Mnr W S H Porter en Mej W Shipman - Fisiese Versorgers.

# fotoblad


## welkom



Mej Magriet Bruyns
Uitleentoonbank



Mnr Marthinus Labuschagne
Bindery



Raai wie is dit?



Mev Antoinette
van Rensburg
Taal- en Letterkunde


## totsiens

Mej Tertia Uys
Ontsluiting







Uitstalling: Grondverdieping
HULDE AAN SPINOZA



Uitstalling: Tweede verdieping
EKONOMIESE ONTWIKKELING




U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · Jun. 1977

# NOG 'N MYLPAAL

DIE GEMODERNISEERDE MACFADYEN-BIBLIOTEEK

Donderdag 23 Junie 1977 is nou ook een van die belangrike datums in die ontwikkelingsgeskiedenis van UP se Biblioteekdiens. Met die amptelike ingebruikneming van die gemoderniseerde of gerekonstrueerde MacFadyen-biblioteek by Buitemuurs deur die Rektor, is nog 'n belangrike projek ten opsigte van die vernuwing van die Biblioteekdiens aan UP afgehandel. Vir almal wat die belange van die Buitemuurse Afdeling van ons Universiteit op die hart dra, was dit 'n heuglike gebeurtenis. Die MacFadyen-biblioteek was as gevolg van sy voorkoms en uiters ongunstige atmosferiese toestande lank reeds vir ons 'n verleentheid. U kan met reg vra hoe so 'n toestand ooit kon ontwikkel het. Laat ek die sluier so 'n bietjie vir u lig.

Die biblioteek by Buitemuurs dateer terug na ongeveer 1918. Aanvanklik is die versameling in die Departement Regte en Rekeningkunde gehuisves. Later is 'n afsonderlike biblioteekruimte voorsien en op 17 April 1958 is die biblioteek vernoem na wyle prof W A MacFadyen wat vanaf 1911 tot 1942 aan UP verbonde was en wat 'n belangrike rol by die totstandbrenging van die Buitemuurse Afdeling van die Universiteit gespeel het.

Die belangrikste rede vir die benarde posisie waarin die MacFadyen-biblioteek beland het, was die oordeelsfout wat met die oprigting van die nuwe kompleks te Proesstraat begaan is. Buitemuurs het in werklikheid nooit sy biblioteek gekry nie. Die oorspronklike plan, naamlik om die biblioteek op grondvlak, sentraal, maklik bereikbaar en digby die kafeteria te plaas, is laat vaar en in plaas daarvan is besluit om kantoorruimtes in 'n afgeleë gedeelte van die gebou as 'n biblioteek te probeer inrig. Die biblioteek wat veronderstel is om as fokuspunt by die akademiese opleiding te dien, se plek is wat ligging betref, ingeneem deur die kafeteria- en ontspanningsgeriewe. Ongelukkig was hierdie fout te ingrypend van aard om ooit weer reggestel te kon word. In die tweede helfte van 1975 is die aangeleentheid grondig ondersoek, maar ons moes rapporteer dat dit slegs reggestel sou kon word deur 'n afsonderlike biblioteekgebou by Buitemuurs op te rig - wat onder die huidige omstandighede nie moontlik was nie.

Vandag is ons dankbaar dat, te midde van al die uitdagings en werksaamhede wat met die instelling van die nuwe biblioteekbedeling in Julie 1975 gepaard gegaan het, tog onmiddellik aan die MacFadyen-biblioteek aandag geskenk kon word. Op 15 Oktober 1975 was die eerste dokument in verband met die modernisering van die MacFadyen-biblioteek reeds op my tafel. Danksy harde werk en uitstekende samewerking is besonder goed gevorder en die voltooiingsdatum vir die projek kon kort daarna gestel word op 15 Oktober 1976 - presies 'n jaar nadat met die projek begin is.

Een van die eerste uitdagings was om alle mingebruikte en oortollige materiaal te onttrek en om die biblioteek in 'n dinamiese dienspunt te omskep met 'n lewendige versameling en voldoende en aangename studieruimtes.

Vir hierdie uitdunning van die versameling was ons afhanklik van die hulp en samewerking van dosente. Na aanleiding van my versoek om die nodige hulp te verleen, het een van die departementshoofde onder andere soos volg aan my geskryf: "Waar ek ook dus graag verbetering wil sien, moet dit nou darem nie so ver gaan dat ons later net met mooi meubels en ander tierlantyntjies sonder literatuur sit nie.' Nietemin is goeie samewerking uiteindelik verkry en is die versameling met byna die helfte verminder.

Een van die dringendste sake was om die ou staal wenteltrappie tussen die twee verdiepings te verwyder en om dit met 'n behoorlike breë trapverbinding op 'n meer strategiese punt te vervang. Die vraag was of die betonvloer tussen die twee verdiepings op daardie bepaalde punt sterk genoeg sou wees om 'n groot gat in die vloer te kon sny. Eers was daar probleme om die oorspronklike ingenieurstekeninge van die bestaande gebou op te spoor, en toe dit uiteindelik gevind is, is aanvanklik beslis dat die vloer nie sterk genoeg sou wees nie. Die saak is egter weer ondersoek en uiteindelik kon die trapverbinding tog aangebring word.

In die lig van die finansiële krisis waarin die Universiteit hom teen die einde van die projek

begin bevind het, moes ons afsien van die gedagte om nuwe ameublement te voorsien. Alles in ons vermoë is gedoen om die beste bestaande ameublement uit te snuffel, en gelukkig kon die ou onaantreklike groen boekrakke oorgeverf word en lyk nou dieselfde as die rakke in die Merensky biblioteek. Die aanbring van 'n pragtige nuwe toonbank, die verskuiwing van rakke, die voorsiening van matareas by al die studieruimtes, die uitverf van die hele biblioteek en so meer, het eventueel wel 'n groot verbetering van die MacFadyen-biblioteek tot gevolg.

Ons uitgangspunt dat die voorsiening van 'n aantreklike en funksionele biblioteek essensieel is vir die bevordering van biblioteekgebruik is reeds deur 'n verandering in die gebruikspatroon van die MacFadyen-biblioteek bevestig. Soos in geval van die Merensky-biblioteek het die gebruik van die biblioteek deur studente onmiddellik dramaties toegeneem. Benewens die feit dat veel meer studente die biblioteek besoek, toon die aantal uitreikings vir die maande Maart, April en Mei 1977 'n styging van 64% in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk verlede jaar!

Die modernisering van die MacFadyen-biblioteek het vir baie van ons personeellede groot werk meegebring. Ek dink aan die meer as 21 000 bande en vragte tydskrifte wat daar verwyder is en die implikasies daarvan vir die aanpassing van ons katalogi. Die ongeveer 184 500 kataloguskaarte wat as gevolg daarvan gehanteer moes word, getuig van die groot bydrae wat baie van u gelewer het om ook hierdie projek af te handel. By die ingebruiknemingsplegtigheid kon ek met groot dankbaarheid verwys na u spanwerk en die uitstekende gesindheid waarin 'n groot taak afgehandel is. Mag die verbeterde fasiliteite ons kollegas by Buitemuurs inspireer om deur volgehoue toewyding en diensvaardigheid die biblioteekdiens by Buitemuurs uit te bou tot iets waarop almal trots is.

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR - BIBLIOTEEKDIENS

Na verskeie verplasings in die Buitemuurse gebou, stem ou Edward saam, hierdie is die plek waar 'n mens lekker werk.

## Landbounuus

Hier op die oostelike kampus skryf die Landbouers eksamen, doen mondelinge en besoek die biblioteek druk.

Die ou boekevoorraad word verkoop teen 50c stuk. Daar vind soms korrespondensie plaas tussen die biblioteek en die kopers. Onlangs het ons dié brief ontvang van Pluimveekunde:

Aan: Die Boekwurms
Van: Die Hoender-Mekênniek
Hoenderhok
14/6/77

Dit gaan van my hoenderhart af .... Ek kry eintlik hoender-vleis as ek daaraan dink ...

Maar nouja, voor mens honder-kop raak oor die ou R3-randjies- al is dit al wat ek oorgehad het tot die end van die maand - stuur ek dit met groot gekraai en vlerk-geklap!

Dankie vir die bring van die boeke na my stellasie-toe.

Sonder gekekkel.

ST

Ons is baie bevoorreg dat ons aan die beurt kan kom met bindwerk. Vir 'n hele tyd is hier druk gewerk om die tydskrifte in gereedheid te bring sodat Daniël en sy helpers dit met die blou wa kan kom laai.

Ons groet vanaf die Oos-kampus

# van die buiteposte

## Uit die middestad

Die MacFadyen hou toe openingspartytjie met reëlingsadviseuse, spysenier en met die rektor. Die nuwe biblioteek vra vir bekendstelling!

Die studente is ook in hul noppies oor die verbeterings in die Buitemuurse Biblioteek en al wat nou nog gevra word, is 'n koffiemasjien in die voorportaal vir die wakkerblyure.

Ons nooi ook baie graag alle kollegas uit om te kom kennis maak. Ons diensure is daagliks van 08h00 tot 23h00 en Saterdae tot 16h00.

".. dat u net so opgewonde as ek oor die opening van die MacFadyen ..."



# uit die afdelings

## fanie botha vs beplanning 28·5·77

"Het julle gehoor van die leeus op die Fanie Botha-voetslaanpad?!" was Breggie Kotzé se eerste woorde toe ons haar oplaai vir die uittog Ooste toe. Die Beplanners (d w s Peter Lor, Rolf Tönsing, Heinrich Heymann en Jeanne Joubert) het nou wel nie vir sulke ontmoetings vooraf beplan nie, maar ons sou seker op 'n stukkie kitsbeplanning kon staatmaak, indien omstandighede dit sou vereis. Trevor Jenkins se uitheemse Engels sou waarskynlik ook 'n indruk (op die leeus) maak.

Ons het Saterdagmiddag laat in die pad geval. Peter se pogings om vir ons 'n Franse kanon te leer, het uitgeloop op "we don't care how we pronounce it, as long as we sing it properly!" Sy weergawe van 'n Beplanningslied het egter minder byval gevind.

Ná 'n rustige nag in die Graskop Munisipale Toeristekamp het ons Sondagoggend by Mac-Mac in die pad geval - 'n mooi skoon heerlike sonskyndag. As ons maar net 'n stukkie van die vars lug kon saamsmokkel Pretoria toe ....!

Alles het goed verloop totdat Jeanne die pad byster raak. Gelukkig kon die agterlopers ons weer op die spoor bring en skielik was hulle bereid om nou leiding te neem. Die tempo was na Breggie se smaak egter nog te stadig en skielik gly sy sommer so sit-sit die steiltes af.

En toe - 'n heerlikheid! Koejawels so ver as wat die oog kan sien. Almal wou aanvanklik nie byt aan die versoeking nie, maar mettertyd het die meeste begin smul: Heinrich en Rolf het later só tussen die takke ingeklim dat hulle letterlik nie meer by die geselskap kon bybly nie. Jeanne het begin bekommerd raak oor die byval wat die geblikte koejawels vir nagereg sou vind. Die "vleis" het darem krag verskaf vir die opdraand wat gevolg het. Almal het die steilte stil-stil bekruip, behalwe Rolf en Jeanne wat, tot Peter se verbasing, genoeg asem kon vind om aanhoudend in die agterste geledere te babbel.

Die swaarkry was die moeite werd - 'n lieflike uitsig oor die omringende wêreld het vir ons gewag! Daardie middag het die vuurrooi aalwyne al langs die roete, die kameras laat knetter - die een prentjie mooier as die vorige. Intussen het die rugsakke al swaarder geraak en Peter het almal se gevoel vertolk met sy opmerking: "Fanie Botha se kilometers is langer as die gewone." Groot was die verbasing toe ons baie vroeër as wat ons verwag het op die Graskophut afstrompel. 'n Opmerking in die besoekersboek was baie raak: "Fannie (sic) Botha, your map is up the pole!"

Enkele ure later het ons heerlik aan die braaivleis weggelê. Verbasend genoeg, het die koejawels ook byval gevind. Dit was voorwaar 'n uitputtende dag vir die manne, want hulle het eerste in die slaapsakke in verdwyn. 'n Ondersoek na Peter se voete het getoon dat sy skoene hom nie die volgende dag sou dra nie.

Maandagoggend het ons uitgedunde geledere weer in die pad geval. (Peter het besluit om "birdwatching" in die letterlike sin van die woord te gaan doen, en Rolf sou die dag saam met vroulief en kinders deurbring). Die roete was heelwat minder veeleisend as die vorige dag en ons kon die uitsig vanaf die platorand na hartelus waardeer. Ongelukkig gaan die voetslaanpad na God's Window baie naby aan die grootpad verby en die gezoem van motors het kort-kort die rustigheid versteur. Maar agteros kom ook in die kraal, en toe ons by die venster uitkyk, het ons besef wat dit beteken om 'n "bird's eye view" te hê. (Peter het dit seker al vantevore besef.)

En op daardie hoë noot het ons, ons staptog afgesluit. Ongelukkig het die leeus ons nooit ontmoet nie.




Ons wil hom laat aanneem

## RAKKONTROLE

Dit het in hoogste versnelling begin en aangehou. Uitputtend was dit ook, want die rakke was deurmekaar.

Smiddae na werk moes sommige mense hard op hulle tande byt om nie regtig trane in die oë te kry nie, en eers 'n rukkie stil sit in die motor voordat hulle hulle in staat gevoel het om huis toe te bestuur. 'n Bittere tyd was dit van fisiese uitputting, hoofpyn en rooi oë van konsentrasie - maar ook van uiterste tevredenheid met die klaar produk.

Die vakbibliotekarisse wil graag almal wat met die rakkontrole gemoeid was, baie bedank vir hulle deeglike werk en positiewe ingesteldheid. Die werk word daardeur soveel vergemaklik en die gebruikers verwelkom die feit dat hulle vind sonder om te soek.

ARBEIDSTEMPO

'N PSALM VIR BESIGE MENSE

Die Here is my pas-aangeër
Ek hoef nie te jaag nie
Hy laat my asemskep in stil oomblikke
Hy voorsien die rusposes wat my weer kalmte gee.

En deur dié kalmte van gees
sowel as deur Sy vrede
lei Hy my tot vaardigheid.

Al wag daar vandag
ook 'n duisend take op my
nogtans sal ek nie
prikkelbaar wees nie
want Sy teenwoordigheid en Sy algenoegsaamheid
hou my gebalanseerd
Te midde van my baie werk,
verfris Hy my gees
met die olie van Sy kalmte.
Hy laat my beker oorloop van lewenslus.
Nuttigheid en bruikbaarheid
sal die vrug van my ure wees.

As ek werk in die pas
wat Hy vir my aangee
sal ek rus in Sy skaduwee
vir Ewig.




Kan blykbaar nie lees nie

THE BIRDS OF ACADEME

A NATURAL HISTORY FOR LIBRARIANS
by John Sherman and Robert S Nugent

(Abridged and adapted)

Nearly two decades of labour in what used to be called 'the goves of academe' affords one a familiarity with the in= habitans of those misty woodlands.

There are several libraries, in various parts of the grove, in which the authors have toiled. These often resembled de= teriorating summer villas and were li= terally overrun with numerous species of wild life. Being ornithologically in= clined, we were naturally attracted to the wondrous species of bird life. We say naturally, because we have often overheard students say, 'Those libra= rians are for the birds'. As is charac= teristic of most bird watchers, we have been dilligent in our observations and have made careful notes in our journals over the years.


We have selected a choice descriptive list of different species of bird life which we present below in the hope that this brief contribution to natural his= tory will prove enlightening to our bib= liographic colleagues who also labour in the grove.

The first species we will describe in the Blue Beaked Library Opener (Glau= corhynchus Bibliothecae Aperitor). This bird is an exceptionally early riser. Experienced bird watchers have suggested that the bird may have eccentric noctur= nal habits. Others believe that he just can't sleep. In any case, he is usually flitting about when the librarians ar= rive and is easily recognized by his rum= pled feathers and the piercing cries he utters as he dances about awaiting the opening of the front doors. He often frightens the clerical staff with his tonal range of angry sounds. However, he is quite harmless, and once the doors are open he will flit into the stacks and will not be seen or heard again all day. Or perhaps he may not enter the library at all - once the doors are open.

The Purple Vested Book Snatcher (Por= phyreo-Sternicus-Biblio-Surreptor) is often thought to be a devourer, but ac= tually it isn't. It has some characte= ristics of the Whooping Crane, in that it likes to wade into library catalogu= ing and processing areas and plunge in= to depths of unclassified materials. Of gready appetite this bird soon bal= loons with fresh acquisitions and wad= dles out loaded with new books which are often unmarked, or in early stages of processing. Ultimately this bird will disgorge and bring up materials long reserved. The usual bird frighte= ning devices such as signs and mobiles bearing such alarms as No Admittance, Keep Out, or Staff Only, have no effect. Because of its attractive plumage and pleasant chirruping, one hesitates to use buckshot in discouraging its rava= ges. Careful observation indicates the ravages of this bird are seasonal and usually correspond to periods of heavy acquisiton. A true bird lover will be keenly observant during the bird's visitation and force disgorge= ment at a convenient time, rather than resort to drastic action.

(To be continued)

# hekelpuntjies



Ek moet sê mnr Louw, die Biblioteek het groter gelyk van buite af

# LUS VIR LEES ?

968:59

Fitzsimons, F W
The Monkeyfolk of South Africa
London, Longmans, 1924

'n Uiters interessante boek (veral 'n móét vir diere- en natuurliefhebbers) wat uit korverhale bestaan waar diere hul eie storie vertel. Dit beskryf en illustreer die maniere en gewoontes van die ape in Suid-Afrika. 'n Kort anekdote van slegs 2 bladsye vertel byvoorbeeld van 'n stasiemeester, wat albei bene in 'n treinongeluk verloor het, 'n mak bobbejaan aanleer om die sinjale vir aankomende treine te verander; en hoe hy in die aand sy baas huis toe stoot op 'n treinspoorwaentjie. Fitzsimons slaag uitstekend daarin om sy belangstelling in die Suid-Afrikaanse natuur sowel as sy liefde vir diere en 'n fyn sin vir humor aan die leser oor te dra.

709.37

STRONG, D red.
Roman crafts. London, Puckworth, 1976.

Hierdie boek handel oor die vervaardigingsmetodes van die ou Romeinse wêreld. Dit beskryf hoe doodgewone daaglikse gebruiksartikels soos erdeware, glas- en metaalhouers en ysterware gemaak is, sowel as kunswerke soos marmerbeelde, brons en goue juwele. Ander bedrywe soos spin, mosaieke, die maak van muntstukke word ook behandel.

Elke hoofstuk in hierdie boek is geskryf deur 'n deskundige op sy gebied. Aangesien daar min literatuur oor die metodes van vervaardiging in die antieke geskrifte bestaan, moes elke outeur intensiewe navorsing doen.

Vir elkeen wat met verwondering na die ou antieke kunswerke kyk is hierdie boek 'n openbaring en word die ou metodes met die huidige vergelyk, besef 'n mens dat daar baie min dinge in die lewe is wat nuut is.

Die boek is ryklik met illustrasies versier en is op sigself 'n kunswerk.

O Rinie Viljoen soek gedurig iets om te doen;
N Dina Smit hou weer meer net van sit;
T Breggie Kotzé kan nooit wag vir haar tee;
S Dalena Stols wag altyd op telefoon "calls";
L Rieta Otto maak naaldwerk haar motto;
U Magriet Lee hou van vakansies by die "sea";
I Hermine Reiman gaan Merensky verruil vir Durban;
T Anette Steyn vertrek ook na Oudtshoorn met die trein;
I Anette Lessing kry elke maand 'n nuwe ring;
N Elize Botha se kinders is haar kwota;
G Anita Visser raak vir Regte al hoe lusser;
S Ina Muller - hoe meer kaartjies, hoe stiller;
Jo Breed doen niemand ooit leed;
Manda Mörsner "swot" Afrikaans vir die beker;
A Amke de Jager word by die dag maerder;
F Helen Fourie is mál oor BM en Kie;
D Bettie Coertze is van ons almal die soetste.

Vir die ontsluiter in sy soektog na die korrekte klasnommer.

Where there are many possibilities certainty is a form of blindness.

Brain W Aldiss

Raar maar waar!

599.74
Fox, M W
Behavior of wolves, dogs and related canids
511 759

# TOTSIENS

Hierdie maand neem ons afskeid van drie staatmakers in die biblioteekdiens. Mev Delene Taylor verlaat ons na vyf en 'n half jaar van diens. Delene was vir twee jaar werksaam in die deeltydse Katalogiseringsafdeling onder leiding van mev Ria Viviers. Aan die begin van 1974 is sy oorgeplaas na die Mediese biblioteek waar sy mej Sophia Moller behulpsaam was. Ons wens ook vir dr Taylor voorspoed toe waar hy nou in Fochville as tandarts gaan praktiseer.

Mej Heila Strydom gaan na die universiteit van die Oranje Vrystaat waar sy ook in hulle biblioteek werksaam sal wees. Heila was sedert November 1975 by die Voorkliniese biblioteek werksaam. Ons beste wense vergesel jou, Heila.

Mnr Gerrit van der Klashorst tree na tien en 'n half jaar af. Oom Klassie gaan darem nie net op die stoep in die sonnetjie sit nie maar beplan groot dinge vir sy groentetuin. Ons wens u 'n welverdiende rustyd toe.

Burgerlike beskerming is deesdae oral aan die orde van die dag. So ook by die Musiekdepartement waarby die Diskoteek ingesluit is. Die eerste oefening word beplan vir Donderdagmiddag 23 Junie, op die Proefplaas.

# tussen ons gesê...

Met die Julievakansie feitlik voor die deur, beplan mej Laetitia Jacobz van die Musiekbiblioteek baie hard aan wat sy met haar vakansie gaan doen. Dit lyk asof haar kop weer Windhoek se kant toe staan en haar ouers sal sekerlik bly wees om haar dan te sien.

Iemand wat met gesag oor proefhuwelike kan gesels, is mej Magriet Bruyns. Sy het haar saak met nadruk gestel tydens 'n televisieprogram "Op die Weegskaal" wat op Sondag 26 Junie uitgesaai is. Nog iemand wat 'n gereelde draai op die televisieskerm maak is mnr Piet de Kock in die program "Flink Dink". Ons hou duimvas vir die volgende rondte, Piet.

Mnre Neels Venter en Jaap Taljaard het so om die beurt 'n bietjie vakansie gaan hou. Ons hartlike dank aan almal wat met tye die Joodse klavier beman het.

Marietha du Plessis en Emiel Hartefeld het besluit om skapies bymekaar te jaag op 2 Julie. Ons wens julle twee vele jare van gelukkige saamwees toe. Gaan lees gerus Ps 37:5 as ons wens vir julle op jul lewenspad.

## Vakansies oorsee

Annatjie Korkie is teen hierdie tyd reeds 'n bedrewe hand waar dit kom by die Argeologie. Op Sondag 26 Junie vertrek sy en haar man saam met 'n argeologiese toergroep na Israel, waar hulle die werk van verlede jaar gaan voortsit.

Waar hulle hulle gaan bemoei met die opgrawing van die westelike kant van die Tell Lagis wens ons hulle alles van die beste toe, en hoop ons dat hulle ook ons lewens sal kom verryk met hulle vertellings agterna.
Mejj Annatjie Momberg en Ingrid Orban gaan binnekort vir 'n opwindende week na Mauritius. Ons sien uit na insiggewende foto's en interessante vertellings.

## Verlowing

Ons beste wense vergesel Lynette en Maritz met hulle verlowing. Dit was voorwaar 'n aangename verrassing.

## Militêre diensplig

Gerhard Potgieter is vir drie maande op "regeringsvakansie" om ons veiligheid te verseker. Ons dink aan hom in sy afwesigheid.

Aan al die tiksters wat siek was wil ons terug verwelkom en 'n volkome herstel toewens: Mevv Minda Meyer, Dricky Heystek, Irene Venter en mej Elsa Lategan.

Mejj Chrissie Potgieter en Maritha Hinrichsen was albei met verlof. Chrissie was Durban toe en Maritha was by haar ouers op hulle plaas naby Hartbeesfontein. Ons vertrou dat albei hulle vakansie baie geniet het.

Die groot werk waarna al die tiksters uitgesien het, nl rakkontrole is nou ook agter die rug. Mej Elsa Lategan het behoorlik probleme gehad met Grieks. Dit was nog regtig Grieks vir haar. Mej Maritha Hinrichsen was egter die gelukkige een wat in die afdeling die fort moes hou.

# verjaarsdae : julie

| | |
|---|---|
| 2 | Mev A M Dippenaar |
| 3 | Mnr G J Luüs |
| 7 | Mev H Davel |
| 8 | Mej I Orban |
| 11 | Mnr J Davis |
| 19 | Mev K G Viljoen |
| 29 | Mnr H Heymann |
| 31 | Mev S le R van Wyk |

Vrydag 24 Junie was 'n opwindende dag in die Bestelafdeling want mnr Floris Venter het die vader geword van 'n tweede seun. Ons hartlike gelukwense gaan aan hom en Marietjie.

Die termyn snel ten einde en ons wil vir die gelukkiges wat met vakansie gaan 'n heerlike rustyd toewens. Diegene wat tuis bly moet ook lekker uitrus vir die laaste skof van die jaar.


REDAKSIE:

| | |
|---|---|
| *Redaktrise:* | Mej I M Pellissier |
| *Sub-redaktrise:* | Mev M L Kuhles |
| *Sub-redaktrise:* | Mev B von Ehrenberg |
| *Tikster:* | Mev M-L Erasmus |
| *Medewerkers:* | |
| *Bestelafdeling* - | Mev E W du Plessis |
| *Bindery* - | Mnr C F Buys |
| *Leendienste* - | Mej M M Pauw |
| *Ontsluiting* - | Mev H Fourie |
| *Sosiale Komitee* - | Mev M L Kuhles |
| *Tiksters* - | Mev I Venter |
| *Tydskrif afdeling* - | Mev D C Gunter |
| *Vakbibliotekarisse en -assistente* - | Mej C Claassens |
| *Onderstepoort* - | Mej R Erasmus |
| *B M W* - | Mej E Klopper |
| *Medies* - | Mev A vd Watt |
| *Landbou* - | Mej J du Preez |
| *MacFadyen-biblioteek* - | Mnr V E Hulme |
| *Diskoteek* - | Mev C Coertze |
| *Fisiese Versorgers* - | Mnr W S H Porter |
| | Mej W Shipman |

# fotoblad



Mej Heila Strydom
Voorklinies



Mev Delene Taylor
Medies


## totsiens

Mnr en mev Gerrit van der Klashorst



Onder: 23 Junie 1977. Die MacFadyen-biblioteek word op gesellige wyse geopen. Gaste teenwoordig was, mnr T Louw (argitek), prof A N Pelser (Vise-Rektor), prof E Hamman (Rektor), prof E D Gerryts (Direkteur: Biblioteekdiens)






U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · JUL. 1977


## WAARHEEN MET REKENARISERING?

Aspekte van die rekenarisering van die Biblioteekdiens word reeds sedert 1975 as 'n hoë prioriteit beskou. Dit het veral die aktiwiteite van die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling geraak, maar van tyd tot tyd is ander lede van die biblioteekpersoneel en ander amptenare van die Universiteit ook hierby betrek. 'n Kleiner projek vir die skepping van 'n gerekenariseerde tydskriflys is intussen afgehandel. Verder word gewerk aan die skepping van 'n lys van materiaal in die voorgraadse versameling. Origens mag dit egter voorkom asof min vordering gemaak is met die langtermyn rekenarisering van die Biblioteekdiens. Ons neem dus graag hierdie geleentheid te baat om die een en ander hieroor te berig.

In verband met die langtermyn rekenarisering van die Biblioteekdiens kan twee sake onomwonde gestel word. Die eerste is dat indien dit bloot gegaan het om rekenarisering ter wille van rekenarisering, daar reeds 'n jaar gelede begin sou kon word. Programmatuur wat ons minstens halfpad sou neem met die rekenarisering van die interne prosseseringsfunksies van die Biblioteek was op daardie stadium reeds beskikbaar. Die tweede saak, waarby ons verder wil stilstaan, is egter dat ons hier te make het met 'n besonder ingewikkelde stel van beslissingsprobleme en oorweginge wat in die beste belang van die Biblioteekdiens en die Universiteit as geheel ontrafel moet word.

Enersyds kan grondige redes aangevoer word waarom rekenarisering nie uitgestel behoort te word nie. So word daarop gewys dat die eenheidskoste in biblioteke buite verhouding styg tot dié daar buite. In die V S A is bereken dat hierdie styging tussen 1950 en 1970 6,3% was teenoor 0,9% in die groothandelsprysindeks. Oor 'n verdere vyf-en-twintig jaar sal dit 'n totaal van 460% beloop. As redes vir hierdie stygings word onder andere aangevoer dat biblioteke as arbeidsintensiewe ondernemings beskou moet word. Verder word dan daarop gewys dat die koste van rekenarisering jaarliks met 55% daal. Die afleidinge is duidelik: Biblioteke moet iets drasties doen om hul voortbestaan te verseker. Binne die individuele biblioteek kan die styging in personeelgetalle byvoorbeeld vasgepen word. In die biblioteekwese in die algemeen moet groter samewerking en die deel van skaars hulpbronne moontlik gemaak word. In albei gevalle kan die rekenaar dit teen verlagende koste doen. Waarom dan nie sonder meer rekenariseer nie?

Die voorafgaande bring ons midde in die probleem met rekenarisering in ons eie Biblioteekdiens. Van die begin af is aanvaar dat daar weens beperkte kennis en ervaring van gerekenariseerde biblioteekstelsels op die kampus as eerste alternatief gesoek behoort te word na bestaande programmatuur. Die DOBIS-stelsel het juis op daardie tydstip bekend geraak. Ongelukkig het die stelsel nog geboorte- en ook latere groeipyne ondervind. Daar is nietemin voortgegaan om die beskikbare programmatuur vir eksperimentele doeleindes te bekom en sedert ongeveer September 1976 is stelselmatig probeer om 'n operasionele stelsel gebaseer op DOBIS na te boots. Die verwerking van die gegewens wat verkry is, is tans in 'n gevorderde stadium. Dit is duidelik dat, hoewel hierdie resultate geen finale antwoorde kan verskaf nie, dit waardevolle aanduidinge gee van die moontlike koste en voordele van 'n gesofistikeerde stelsel soos DOBIS.



"Die rekenaar bly net kaas vra!"

Die kern van die probleem bly dat sekere beleggings in terme van die ontwikkeling of aankoop van programmatuur en apparatuur aangegaan sal moet word. Daarbenewens sal rekenarisering sekere lopende koste meebring. Hierdie uitgawes sal ongelukkig nie onmiddellik deur besparings, wat moeilik elders bewerkstellig kan word, gedek kan word nie. Dit sal dus opgeweeg moet word teen voordele soos die meer effektiewe aanwending van personeel, vinnige en doeltreffende dienslewering asook verskeie ander voordele wat maklik identifiseerbaar is, maar moeilik in rand en sent uitgedruk kan word. Luukshede kan nie bekostig word nie, maar waar lê die kritiese grense tussen die oorbodige, die wenslike en die absoluut noodsaaklike? Aanduidinge is dat rekenariseringsbegrotings tot tussen 5 en 15% van 'n totale biblioteekbegroting kan beloop. Indien ons 'n gesonde biblioteekfilosofie wil handhaaf en binne die beperkings van beskikbare fondse optimale diens wil lewer, sal met die allergrootste verantwoordelikheid besin en besluit moet word oor hoeveel fondse na 'n gerekenariseerde stelsel gekanaliseer kan word.

Uit die voorafgaande moet dit duidelik wees dat die ondersoek van en besluitneming oor rekenarisering 'n ingewikkelde en langsame proses is wat nie geforseer kan word nie. Dit is die ingewikkeldste projek wat ons Biblioteekdiens nog aangepak het. Ons is dankbaar vir die vordering wat reeds gemaak is, maar die einde van dié lang pad is beslis nog nie in sig nie. Ons verseker u egter dat dit die volgehoue aandag geniet wat dit in belang van ons Universiteit en u almal verdien.

H DE BRUIN
AFDELING BEPLANNING EN ONTWIKKELING

# duur boeke

Die invoerheffing van 15 persent wat sedert 1 April op ingevoerde boeke en tydskrifte in SA geld, benadeel veral universiteitsbiblioteke.

Die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, mnr John Willemse, sê dat universiteite nou sowat 25 persent minder buitelandse boeke kan koop.


Afgesien van die invoerheffing van 15 persent stoot klaringskoste die pryse van ingevoerde boeke met nog sowat 9 persent op.

By die Universiteit van Suid-Afrika neem die biblioteekgebruik baie vinniger toe as wat die aantal studente toeneem. Dit word toegeskryf aan die feit dat minder studente dit kan bekostig om hul eie boeke te koop.

Die meerderheid boeke van akademiese en wetenskaplike biblioteke word ingevoer.

Die heffing op ingevoerde boeke en tydskrifte raak nie staat- en provinsiale biblioteke nie. Mnr Willemse sê dat Suid-Afrika een van die min Westerse lande is wat 'n heffing op ingevoerde boeke en tydskrifte het.

BEELD, 18/7/77



JONK OF OUD
FIKS OF FLOU
GRYP 'N SPAAN
EN KOM SPEEL SAAM
TAFELTENNIS VIR PLESIER
EN VERWYL DIE ETENSUUR!

(In lokaal langs die Teekamer)

# Die Sosiale Klub

Die Sosiale Klub het vir 'n geruime tyd beoog om 'n tafeltennistafel aan te skaf. Op aanbeveling van die Topbestuur moes eers vasgestel word of daar genoeg belangstelling is om 'n tafel te regverdig en of die voornemende spelers sou kans sien om die nodige bydraes te maak om die tafel te koop. Die fondse van die Sosiale Klub kon nie hiervoor aangewend word nie.

Tydens 'n oppervlakkige opname is ± 45 mense geraadpleeg en van hulle het 39 belanggestel om te speel en was ook bereid om 'n bydrae te maak. Gelukkig het mev Denise Wheeler aangebied dat ons hulle tafel, waarvoor hulle tans nie plek het nie, kan leen. Ons almal se dank aan mev Wheeler.

Balle en spane is beskikbaar by die tafel en almal is baie welkom om te kom speel. Op die oomblik is daar nog geen reëls in verband met speelbeurte nie. Indien soveel mense wil speel dat beurte gereël moet word, sal 'n eenvoudige stelsel daarvoor ingestel word. Indien daar enige haakplekke is, noem dit asseblief aan mev Maretha Kuhles.

Baie dankie aan almal wat bereid was om by te dra en nogmaals dankie aan mev Wheeler. Hou in gedagte dat ons reeds deur Unisa se biblioteek uitgedaag is.

# uit die afdelings

KENNISGEWING

Om die druk in die keldermagasyn van die hoofbiblioteek te verlig, is die tydskrifte vanaf 341(494) tot en met 35(42) geskuif na die agterkant van die blok waarin die proefskrifte staan. Origens is die volgorde nog dieselfde.

Die CHEMICAL ABSTRACTS op mikrofilm tesame met die indeks in boekvorm kan nou op die derde verdieping geraadpleeg word.

Vanaf hierdie maand is die GAS CHROMATOGRAPHY LITERATURE, ABSTRACTS, AND INDEX beskikbaar op die derde verdieping. Hierdie stel bestaan uit randponskaarte, Jonker-termatrex-loerkaarte en ekserpjoernale.

# op 'n aand in africana

'Wat máák ek vanaand om die tyd om te kry?' is 'n vraag wat meer as een maal op 'n middag deur jou kop flits as jy al beurende aan 'n trollie op pad is Africana toe, want vyf en 'n halwe uur kan letterlik "ure met horings" wees wat 'n ou so sit-sit moet deurskuur.

Dit is aande wanneer jy bly is dat studente take het - en dat die boeke gereserveer is. Dan is daar ten minste vir die grootste deel van die aand mense om jou. Anders voel dit letterlik asof die groot verlange jou toesak, en jy wil later vlug vir die spoke van die verlede en die geraamtes in die kas wat om jou vergader is.

In die somer op 'n reënaand kon mens nog altyd jou handdoek en seep saambring, en sommer klaar stort, en sodoende na werk vroeër in die bed kom, maar in die winter reën dit mos nie - en die dak lek ook nie.

En dan is daar natuurlik nog die verbanne boeke ook, wat mens trek soos Pandora se kissie, tot jy een aand gaan kyk hoe lyk 'n verbanne boek, om maar net te besef jy verstaan geen snars van Marx se "Kapital" (jou eie is duister genoeg) en Lenin se vryheidskrete nie - en dan maar gedweë die deur toesluit - en die sleutel op sy plek bêre.

"Juffrou, ek soek 'n blou proefskrif, hy's net so groot soos 'n gewone proefskrif en ek het hom nodig vir 'n Staatsleertaak. Nee, ek weet nie wat die titel, of wie die skrywer is nie, die dosent het hom net so opgelig in die klas sodat ons kan sien hoe lyk hy", of "Juffrou, 968.338 - gou, asseblief!" Op jou vraag - vergesel van 'n redelik - onnosele gesigsuitdrukking - wat jy daarmee moet maak, kom die antwoord dat daar 'n boek oor seëls staan wat dringend benodig word. Daar wás 'n boek oor seëls ... daar was twintig boeke oor seëls. Dis maar enkele van die situasies wat gereeld opduik.

Tog snaaks dat die gebruikers altyd die boeke op die onderste rakke nodig het - iets wat somtyds die vaardigheid van 'n gimnas vereis - en die geduld van Job.

Dit verg nie veel ondervinding voor jy leer om nooit 'n klasnommer in 'n gebruiker se hande te vertrou nie - hy verongeluk dit net. 'n Kode vóór die nommer, en die leestekens binne die nommer is in die meeste gevalle net 'n ongerieflike ergernis wat hy vervang met 'n meer bekende een - of sommer die hele kaboedel weglaat.

En so, hier soekend, en daar arbeidsaam gaan nog 'n aand verby wat, as jy die volgendemiddag inkopies doen, en daaraan terugdink, tog glad nie so erg was nie.

Jy vra waar al dié geskryf sy ontstaan gehad het? Een aand op diens by Africana - toe die tyd nie wou omgaan nie!

# terloops...

THE BIRDS OF ACADEME - Part II Continued

The Razor Bill Page Slasher (Oxyrhyncus Pagincidator), on the other hand is indeed a predator of the most obnoxious kind. Since it is nocturnal and extremely secretive, few librarians have ever learned enough about this bird to recognize it. Its ordinary colouration is a perfect camouflage and its lack of identifying characteristics fails to differentiate this species from other more harmless birds. When observed in predatory action, one quickly recognizes large digital claws, and the presence of claws in modern birds must be regarded as primitive remnants. One species carries saliva-soaked string in its beak. This emulsed string is surreptiously applied to the inner margin of a book page to soften the page for extraction. When apprehended in action by librarians this bird is usually netted and plucked.

The Six-Clawed Reserve Hoarder (Sexungulatus Librorum Reservatorum Conquirator) is easily identified by its distinct habits. It is a slow flier that hunts in enclosed areas, usually the stack areas. The bird has great stamina and will spend hours pecking away at titles on reading lists which it then regularly carries to the Reserve Reading desk and adds to its already growing collection. The bird appears to evolve a sense of security by placing untold numbers of books on limited reserve status. However, the bird never returns to observe if its hoard is being visited by student fledglings, and never indicates whether it has further interest in keeping its hoard on reserve after its initial action has been

taken. Some Six-Clawed Reserve Hoarders have been known to hold books on reserve for as long as two decades.

Akin to the bird just described is the Puffle-Necked Office Hoarder (Physo-Trachelosimus Archi-Thesauristes). The differentiation between these two is largely one of habit. This bird flits in and out of the library with great frequency. After meticulously pecking about he flits out again with various finds which he adds to the shelves of his office nest. Any effort to get a book away from this bird causes a spasmodic ruffling of his feathers creating the puffle-necked appearance from which the species derives its name. Its cries may be piercing and its spur-winged buffeting of anyone attemtping to raid its office hoard may discourage librarians from attemtping to cope with members of this species.

# hekelpuntjies




Die Universiteit van Aix-en-Provence het dit onlangs belewe dat 'n volledige biblioteek van 30 000 boeke, oor die ekonomie, gesteel is.

In 1975 is ene Joseph Feldman, 'n 58-jarige prokureur, gearresteer nadat 15 000 boeke van die New Yorkse Openbare Biblioteek in sy woonstel aangetref is. Sy kommentaar: 'I like to read'.

Uit: The Information Scientist 11(1) Maart '77

Student: "Sal u asseblief vir my verduidelik hoe 'n mens weet of 'n sekere boek in die biblioteek is aldan nie."

Assistent: "Meneer dáár oorkant vind u die titel- en outeurskatalogus. Alle titel- en outeurinskrywings is alfabeties deurmekaar gerangskik .....? (!?!)

An apocryphal story is told of a librarian who insisted there was no censorship in his library.

"Is 'Lady Chatterley's Lover' in stock?"
"Certainly it is."
"Is it available for anyone who wants to read it?"
"Certainly it is." Then after a pause. "It is locked up in my desk and freely available to anyone who has the damned effrontery to come and ask me for it."

# kompetisie!

KEN-U-KOLLEGAS-KOMPETISIE

Hier is 'n geleentheid om u kennis van u kollegas en terselfdertyd 'n "vet" prys los te slaan! Al wat u moet doen, is om die personeellede van die UP-Biblioteekdiens in die "skets" hieronder te identifiseer. Hier volg die wedstrydreëls:

1. Skryf die nommers 1-18 op 'n vel papier en langs elke nommer die naam van die betrokke personeellid op die foto.


2. Voeg u naam en biblioteekadres by en stuur die inskrywing aan, of lewer persoonlik af by die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling, Merensky-biblioteek.

3. Slegs personeellede van die UP-Biblioteekdiens mag deelneem en slegs een inskrywing per persoon word toegelaat.

4. Lede van die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling en "Biblikasie"-redaksielede en hulle gesinne mag nie deelneem nie.

5. Die sluitingsdatum is 12 Augustus en die wenner asook die oplossing sal in die volgende uitgawe van "Biblikasie" bekend gemaak word.

6. Die beslissing van die beoordelaars is finaal en geen korrespondensie sal gevoer word nie.



VERJAARSDAE IN AUGUSTUS

Lekker verjaar almal!

3 Mnr C F Buys - Bindery
5 Mev I Venter - Ontsluiting
13 Mej A Momberg - Aanskafafdeling
16 Mev F Heystek - Ontsluiting
19 Mnr P Erasmus - Bindery
23 Mej J Breed - Aanskafafdeling
26 Mev E Botha - Ontsluiting
27 Mej S Hurn - IBL

# augustus lank gelede

SINT BARTHOLOMEUSNAG - 24 Augustus


Die slagting van die Hugenote deur die Katolieke het op 24 Augustus 1572 in Parys begin. Dit het spoedig na die provinsies versprei en binne ses weke is meer as 10 000 Hugenote om die lewe gebring. Die Protestante se leier, Admiraal Coligny is onthoof en sy kop is na Rome gestuur. Pous Gregorius XIII het dit met vreugde ontvang en 'n gedenkmedalje laat slaan om hierdie oorwinning van die Katolieke te vier.

SIMON, E The Reformation. Time-Life International (Nederland) 1972.

ARBEIDSGENOT

En ook - dat elke mens eet en
drink en die goeie geniet by al
sy moeitevolle arbeid; dit is
'n gawe van God.

Prediker 3:13



"Mnr. Engelbrecht voel nie so lekker nie,
hy gaan maar vroeg huistoe..."

# LUS VIR LEES ?

566.835

CUBITT, G en RICHTER, J
South-West

Suidwes-Afrika is 'n land van kontraste en woelinge en is vol verhale van bomenslike opofferinge en ontberings. Hierdie boek is 'n pragtige weergawe van al hierdie aspekte. Die eerste deel is 'n kort beskrywing van die geskiedenis van die land en dan is daar 234 kleurplate wat hierdie mooi land vir ons uitbeeld in al sy verskillende fasette. Fotos van die barre Namib met net sandduine, Windhoek met sy stedelike karakter; die Visrivierafgronde in al sy grootsheid; palmbome teen 'n ondergaande son by Okavango; gemsbokke wat sierlik teen die horison afgebeeld is; die eienaardige Maribuvoël en plante soos die Welwitschia dra alles by om vir die leser 'n duidelike beeld van hierdie land van kontraste te gee. Dis 'n boek wat mens telkens weer met vreugde sal kan lees.

968:74

COETZEE, Cora

Eikestad; 'n versameling gekleurde pentekeninge van Stellenbosch. Kaapstad, Struik, 1976.

Hierdie versameling gekleurde pentekeninge vertolk die atmosfeer wat eie is aan Stellenbosch, 'n dorp wat deur die jare heen simbolies geword het van die kulturele erfenis van Suid-Afrika. Hierdie tekeninge is die kunstenares se indrukke van haar geboortedorp.

Die boek bevat 34 foliogrote pentekeninge wat duidelik die bekoring van Stellenbosch, sy natuurskoon en sy pragtige historiese geboue weerspieël.

Hierdie werk beklemtoon weer eens die noodsaaklikheid om ons kulturele erfenis vir die nageslag te bewaar.

# TOTSIENS

Mev Annette Steyn is een van die dames wat ons aan die einde van Julie moet verlaat. Haar eggenoot is na Oudtshoorn verplaas en Annette sàl noodgedwonge moet saamgaan! Annette was vir 2½ jaar werksaam in die ontsluitingsafdeling. Ons allermooiste wense vergesel jou en ons hoop jy vind die nuwe huis en tuinmakery 'n groot opwinding.

Mev Hermine Reimann verkeer op die oomblik in die Astrid Kliniek nadat sy in 'n motorongeluk betrokke was. Ons wens haar 'n spoedige en algehele herstel toe. Hermine se man is ook verplaas. Hulle gaan hulle in Amanzimtoti vestig, maar Hermine sal aanvanklik tuis bly. Sy was net soos Annette in die ontsluitingsafdeling werksaam.

Mnr Heinrich Heymann se ambisie voer hom na die openbare biblioteek in Kimberley waar hy die nuwe assistent-bibliotekaris sal wees. Heinrich was sedert Januarie 1976 in die Merensky-biblioteek werksaam. Hy gaan voorlopig in 'n hotel intrek en sal dan uitkyk vir 'n meer permanente woonplek. Hartlik geluk met jou aanstelling Heinrich, ons almal, die sosiale komitee ingesluit, betreur jou weggaan.

# NUUT IN DIE TUIG

Ons verwelkom graag twee nuwelinge in ons midde:

Mev M M Willemse sal vanaf die begin van Augustus in die Mediese biblioteek werksaam wees. Mev Willemse was voorheen in die diens van die departement Landbou Tegniese Dienste.

Mnr A van Rensburg sal van 10 Augustus die geledere in die bindery versterk.

Wees verseker dat u albei baie welkom by ons is!

# tussen ons gesê ...

Hoe lyk dit dan vir ons asof die vakansie sommige gereelde skrywers aan "Biblikasie" lam gelê het! Ons hoop egter dat u almal 'n heerlike rustyd agter die rug het.

## VAKANSIEPLANNE

Mej Marie Schoeman wat vir 'n week lank 'n skoolverlaterskamp te Badseloop as personeellid bygewoon het, lyk asof sy die kampeerdery terdeë geniet het.

Mej Elsa Lategan het vir 'n naweek die Drakensberge gaan klim. Elsa het gelukkig sonder beserings weer veilig tuisgekom. Die naweek het sy egter lus geraak vir verlof en sy is nou in Bloemfontein vir twee weke. Jy moet lekker kuier, Elsa.

## MOTORONGELUKKE

Mev Hermine Reimann (Ontsluitingsafdeling) sterk op die oomblik in die Astrid Kliniek aan nadat sy in 'n motorongeluk betrokke was. Mej Magriet Bruyns (Toonbank) was ook in 'n motorongeluk betrokke maar het gelukkiger daarvan afgekom. Haar motortjie is totaal afgeskryf en sy sal binnekort die trotse besitter van 'n nuwe een wees.

## 'N MUSIKALE RESES

Mev Maretha Kuhles het die koue van die Vrystaat getrotseer en die Schützwoche te Bloemfontein bygewoon. Asof 'n week van koorsang nie genoeg was nie, het sy daarna 'n kursus in skoolmusiek wat deur die Toonkunsakademie aangebied is, bygewoon.

## HOE LATER HOE KWATER WORD TOE 'N VLATER!

Mej Chrissie Potgieter het al klaar gereël vir mej Maritha Hinrichsen se verjaarsdag toe sy besef dat Maritha vroeg in die jaar verjaar het. Maritha het egter die gebaar van die tiksters so hoog op prys gestel dat sy almal vir ete genooi het. Baie dankie Maritha!

## ????????????????????????????????????????????????

Heleen Davel van die Tydskrifafdeling het voorwaar haar dinge mooi beplan. Sy is sô met die "sewes" deurmekaar - gelukkig tog dat sy nie sleeptong praat nie.

Sy verjaar op die sewende van die sewende maand in die jaar 1977. Ook word sy twee-en-twintig en is gebore in 1955. Tel nou die 55 en die 22 bymekaar, dan kry jy, raai, weer eens 77.


## REDAKSIE:


| | |
|---|---|
| *Redaktrise:* | Mej I M Pellissier |
| *Sub-redaktrise:* | Mev M L Kuhles |
| *Sub-redaktrise:* | Mev B von Ehrenberg |
| *Tikster:* | Mev M-L Erasmus |
| *Medewerkers:* | |
| *Bestelafdeling* - | Mev E W du Plessis |
| *Bindery* - | Mnr C F Buys |
| *Leendienste* - | Mej M M Pauw |
| *Ontsluiting* - | Mev H Fourie |
| *Sosiale Komitee* - | Mev M L Kuhles |
| *Tiksters* - | Mev I Venter |
| *Tydskrif afdeling* - | Mev B C Gunter |
| *Vakbibliotekarisse en -assistente* - | Mej C Claassens |
| *Onderstepoort* - | Mej R Erasmus |
| *B M W* - | Mej E Klopper |
| *Medies* - | Mev A vd Watt |
| *Landbou* - | Mej J du Preez |
| *MacFadyen-biblioteek* - | Mnr V E Hulme |
| *Diskoteek* - | Mev C Coertze |
| *Fisiese Versorgers* - | Mnr W S H Porter |
| | Mej W Shipman |

# fotoblad

## totsiens



Mev Hermine Reiman
Ontsluitingsafdeling




Mnr Heinrich Heymann
Departement Beplanning
en Ontwikkeling



Mej Marietha du Plessis het
op 2 Julie mev Harteveld geword.
Ons hartlike gelukwense!



Mev Annette Steyn
Ontsluitingsafdeling




U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · AUG. 1977

# ons komiteestelsel – hulp of hindernis ?

As ons terugkyk oor die afgelope twee jaar lyk dit tog asof ons pogings om die Biblioteekdiens op 'n hegte beleidsgrondslag te plaas en op 'n nuwe koers te kry nie tevergeefs was nie. Daar was in die jongste tyd verskeie interessante verwikkelinge en heelwat personeellede is betrek by projekte en komitees. Oor 'n wye front word daar besin en ondersoek ingestel met die oog op die voorlegging van allerlei bevindinge en aanbevelings aan die verskillende vaste komitees van ons Biblioteekdiens. Miskien het die vraag al by sommige van u opgekom of die kwessie van komiteevergaderings met die agendas, notules en alles wat daarmee gepaard gaan nou werklik noodsaaklik is. U mag wonder of die saak nie te ver gevoer word nie en of daar in die toekoms dalk nog 'n hele rits komitees ingestel gaan word. Laat ek u onmiddellik gerus stel. Met die instelling van die Bestuurskomitee het die laaste vaste komitee tot stand gekom en het die komiteestelsel binne ons Biblioteekdiens nou sy finale beslag gekry.

Benewens hierdie vaste komitees is daar weliswaar verskeie ad hoc komitee met verskillende ondersoeke en ander sake belas. Laasgenoemde sal voortdurend kom en gaan en in 'n volgende nommer van Biblikasie sal ek breedvoerig by die noodsaaklikheid en rol van hierdie komitee stilstaan. Besonderhede oor wat reeds langs hierdie weg gedoen is en op die oomblik nog gedoen word, sal u beslis interesseer. In hierdie aflewering laat ek die soeklig val op ons vaste komitees en skets graag die agtergrond vir die totstandbrenging daarvan.

Die doelstellings van ons Biblioteekdiens moet te alle tye alle aktiwiteite van elke personeellid bepaal. Die doeltreffendheid waarmee hierdie aktiwiteite verrig word, is elkeen se persoonlike verantwoordelikheid en dit berus by elke personeellid om voortdurend wenke en voorstelle wat doeltreffendheid kan bevorder, aanhangig te maak. U aktiwiteite word gegroepeer in funksies wat eweneens almal op die bereiking van ons algemene doelstellings gerig moet wees. Omdat hierdie funksies in seksie- of afdelingsverband uitgevoer word, is dit dus belangrik dat die personeel van elke seksie of afdeling voortdurend moet besin oor die meriete van alles wat in daardie afdeling of seksie gedoen word.


Soos verskillende aktiwiteite in funksies saamgevoeg is, was dit om bestuurs- en administratieweoorwegings ook nodig om die verskillende funksies in seksie- of afdelingsverband saam te bring. Indien 'n aantal funksies in seksieverband gegroepeer is word daardie seksies op hulle beurt weer in afdelingsverband saamgesnoer. So vind u dat die aktiwiteit om 'n lenerskaartjie te liasseer deel is van die funksies om 'n uitleenrekord in stand te hou. Dit word weer behartig deur die Seksie vir Gereserveerde Studiemateriaal wat op sy beurt deel uitmaak van die Leendienste. Na aanleiding van die magdom aktiwiteite en funksies wat uitgevoer moet word, het verskeie Seksies en Afdelings binne die Biblioteekdiens ontstaan en stappe was nodig om koordinasie te bewerkstellig en 'n voortdurende gerigtheid op die doelstellings van die Biblioteekdiens te verseker. 'n Raamwerk is geskep waarvolgens alle aktiwiteite, funksies, seksies en afdelings met een van drie soorte dienste in verband gebring word, nl. vakbibliotekarisdienste, ondersteuningsdienste en beplannings- en ontwikkelingsdienste. Die drie lede van die Biblioteekdiens se Topbestuur is elkeen verantwoordelik vir die instandhouding van een van hierdie drie dienste.

Die doeltreffendheid van 'n universiteitsbiblioteek as 'n professioneel- akademiese instelling behoort egter nie deur die deugde of tekortkominge van die Direkteur bepaal te word nie. Elke personeellid is mede-aandadig en wat bereik word, moet as die somtotaal van almal se inisiatief, intellek en werkvermoë te wees. Om dit moontlik te maak en om 'n hiërargiese en professionele gesagsstruktuur sinvol binne ons Biblioteekdiens te akkommodeer, is die komiteestelsel as bestuurshulpmiddel in werking gestel. Vier vaste komitees is in die lewe geroep, nl. die Komitee van Vakbibliotekarisse, die Komitee van Senior Ondersteuningspersoneel, die Komitee Beplannings- en Ontwikkelingspersoneel en die Bestuurskomitee. Die Komitees funksioneer reeds vlot en op die oomblik word onder andere aandag geskenk aan die uitdaging om die Biblioteekdiens op 'n hegte beleidsgrondslag te plaas en die presiese posisie en taak van elke indiwidu binne die Biblioteekdiens noukeurig uit te spel.

Benewens baie ander oorwegings was daar veral

twee faktore wat my met groot oortuiging op die instelling van die Komiteestelsel laat besluit het. Eerstens, is daar 'n groot behoefte aan 'n gereelde forum vir professionele gesprekvoering. Tweedens, wou ek aan elkeen van u die volle geleentheid bied om u besondere vermoëns en eienskappe te wy aan die voortdurende verbetering van ons Biblioteekdiens. Intussen verseker ek u van ons vasberadenheid om die Komiteestelsel nie in 'n fabrisering van onnodige papierwerk en die verspilling van kosbare manure te laat ontaard nie. Dit mag geen hindernis wees nie. Dit is 'n onmisbare hulp vir ons almal!

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR - BIBLIOTEEKDIENS.




# van die buiteposte

## Landbounuus

Die Landboufakulteit is vanjaar sestig jaar oud. Die fakulteit het in 1917 deur bemiddeling van die destydse Eerste Minister, genl. Louis Botha tot stand gekom.

In 1973 is die fakulteit deur die universiteit oorgeneem, want dit het eers onder die Departement van Landbou-tegniese Dienste sorteer. Na grootskaalse rasionalisering is hier tans nege departemente in plaas van sestien soos onder die ou bedeling.

Sedert die begin van 1973 is agt van die landboudepartemente nou op die oos-kampus in die nuwe landbou-gebou gehuisves. Die negende, Biochemie, is nog op die hoofkampus in die ou landbou-gebou. Die biblioteek beslaan die hele boonste verdieping van die ou CBC-skool.

Die Merensky-biblioteek ondervind ruimte probleme met die mingebruikte voorraad en vanaf Augustus 1976 is 'n lokaal by Landbou beskikbaar gestel vir dié doel. Mevv Marie Rautenbach en Geraldine Wilkes was verantwoordelik vir die ordening van dié voorraad. Nadat 'n duplikaatsleutel van die Landboubiblioteek laat maak is, is die mingebruikte voorraad nou ook in die aande en Saterdae beskikbaar vir gebruikers. Mnr Otto het alreeds die toesighouers op 'n uitstappie na die Landboubiblioteek gebring. Hulle was aangenaam verras met die biblioteek.

Mej Jeanette du Preez en mev Alet Fisher is ingeskakel by twee Burgerlike beskermingskomitees van landbou naamlik die Brandbestrydingskomitee en die Noodhulpkomitee.

Ons wil graag vir mev Hermine Reiman baie dankie sê dat sy altyd so gewillig was om ons hier te kom aflos. Ons wense vir 'n spoedige herstel en aangename verblyf in Amanzimtoti vergesel hulle.

Met die naderende lente in die lug groet ons vanaf die oos-kampus.

## medies

Mej Sophia Möller het so pas teruggekeer van 'n heerlike vakansie in Malawi.

Die toergeselskap het in die vroeë oggendure met "Air Malawi" vanaf Jan Smuts vertrek. Na 'n vertraging van bykans agt ure, was dit heerlik om eindelik "op pad" te wees.

Die heuwels en weelderige plantegroei stem ooreen met dié van Oos-Transvaal. Oral tussen die digte bosse het die inboorlinge hutte gebou. Visvang in die mere is vir meeste 'n tydverdryf en 'n bron van inkomste, want hul vangs is in aanvraag op die plaaslike markte. Vars vrugte en mielies is ook volop.

'n Heerlike teeparty onder die bome by die huis van die Suid-Afrikaanse ambassadeur en die warm weer, het Sophia maar traag laat voel om terug te keer na die koue Transvaal.

# uit die afdelings

F(L)IKSE BEPLANNERS

Dit gebeur soggens, smiddae en saans. "Chipboard" met fladderende papiere in die een hand, pen of potlood in die ander, draf daar elke 90 minute op geluidlose tekkies 'n beplanner deur die Biblioteek. Wat is aan die gang?

Die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling is van 19 Augustus tot 1 September besig met 'n opname van die benutting van die Merensky-Biblioteek se sitruimtes. Elke 90 minute stap een van ons die hele biblioteek van die derde verdieping tot onder in die laaste hoekie van die Kelder stelselmatig deur. Dan word vir elk van die ongeveer 54 verskillende areas wat vir die opname onderskei word, aangeteken hoeveel lesers daar sit. En elke paar dae tel ons ook die stoele en tafels in elke area. Hoewel minder beweeglik as die lesers, blyk die stoele en tafels ook 'n mobiele populasie te wees! Afhangend van hoeveel lesers daar is om te tel, duur 'n roetine draffie deur die Merensky 15-

20 minute. Slegs uitputting het ons tot dusver daarvan weerhou om die totale afstand wat afgelê is, op te meet.

Bo en behalwe ons tien daaglikse rondtes deur die biblioteek, is die meeste lede van die Afdeling ook aktief om die pingpongtafel.

Joris bied dus geen prys aan vir die korrekte antwoord op die vraag wie teen 1 September die fiksste Afdeling in die Biblioteek sal wees nie.

'N AAND BY DIE KLEINGELDTOONBANK

"Koelie-klavier", "Joodse klavier", "kasregister". Noem dit wat jy wil. Dit bly 'n afdeling waar emosies van lag tot woede vinniger as weerlig verander.

In Biblioteektaal noem ons dit 'n "metertjie", maar studente vra vir 'n "boksie", 'n "sleutel" of 'n "dingetjie". Somtyds staar jy met vrees na die wilde handgebare wat woordeloos probeer verduidelik wat die behoefte is. Sal die metertjie dan nou nie die verbeelding aangryp nie!

Onstellend is die vindingrykheid en verborg verbeeldingskrag as meneer, met 'n meter in die hand, plekke begin soek om die meter in te druk. So ontstaan daar gate waar daar voorheen geen gate was nie.


So seil die aand verby. Die "koelie-klavier" staan donker-bewolk van mense wat dingetjies, boksies, tellertjies en sleutels aanvra.

Wanneer die masjien se sein: "Call key operator" aanskakel, sal 'n ontsenude student jou gou in kennis stel: "Hy (die masjien) roep jou!"

Die res van die aand verloop nét so! dis studente wat woel en die masjiene wat kort-kort "roep". 'n Blaaskans breek selde aan.

Dankie tog vir alles - ook vir die gedreun van masjiene en die geruis van papier. Dit laat mens so lekker slaap as die stilte uiteindelik aanbreek.

# alles en nog wat



24 uur biblioteekdiens!!

# raffles slaan toe.

'n Vreemde verskynsel neem geweldige afmetings aan. Dit wil voorkom asof niks meer in die kombuis gelaat kan word nie; alles kry voete. Dit is 'n ernstige en ontstellende gedagte, want almal kom onder verdenking.

Die verkoop van pasteie moes gestaak word as gevolg van finansiële verliese. Te veel mense het "op skuld" gekoop en nooit die skuld vereffen nie. Nog ander het glad nie gekoop nie, sommer net geneem en nie boe of ba vir enige ander kollega gesê nie. Die pasteie het net verdwyn en mej Dalena van der Merwe moes dikwels die tekorte uit haar eie sak aansuiwer. Ons opregte dank aan Dalena en alle ander persone wat met groot moeite en opoffering probeer het om die saak te red.

Ander kollegas het ook al slegte ervarings gehad met yogurt of versnaperings wat hul in die yskas gelaat het. Wanneer hul dan middae of saans hul ete wil nuttig, het 'n ander hul reeds voorgespring deur daarvan of alles op te eet!

Melk word nie in onbeperkte voorraad gekoop nie en ons sal dit waardeer as almal spaarsaam te werk sal gaan, sodat die aandpersoneel ook koffie en tee met melk kan kry.

'n Vriendelike versoek word aan alle aandpersoneel gerig om asseblief die klein vleklosestaal teepot te gebruik en net genoeg tee te maak vir die paar persone wat dit sal drink. Die nuwe klein ketel behoort genoeg vars kookwater vir die doel te voorsien.

Some friendships are made by nature, some by contract, some by interest, and some by souls.

Jeremy Taylor.

# gelukwense!

Ons hartlike gelukwense aan die volgende persone:

Mej Magriet Bruyns is tot die Buitemuurse Studenteraad herkies. As voorsitster van die Publikasiekomitee, sal sy verantwoordelik wees vir die literêre versorging van studentepublikasies. Ook is sy die skakelpersoon tussen hierdie kampus en Buitemuurs. Ons wens haar alle sukses toe met haar studies en al die baie en nuwe verpligtinge.


Twee van ons personeellede, mej Bettie Coertze van Ontsluiting en mnr Rolf Tönsing van Beplanning, het die onderskeiding behaal deur PRECIS in al sy fasette binne tien dae baas te raak. Die twee het 'n kursus oor dié onderwerp van 15-24 Augustus by die Staatsbiblioteek bygewoon

en kruiwaens vol kennis na Merensky toe terug gebring. Die Beplanningsafdeling sien uit na die volgende seminare wat hulle ook in dié wysheid sal laat deel.

Mev Cora Moolman en haar man, mnr Louis Moolman. Nadat Louis tot Springbok verkies is, het die gelukwense hom en Cora uit alle oorde oorval. Ja-nee, Merensky-biblioteek het sommer nou ook Springbokstatus. Professor van der Watt het ook kom vertel hoe in sy noppies sy klein seuntjie was. Louis is dié knaap se groot held en 'n yslike foto van Louis foto is teen sy kamer se dak vasgeplak.

Die spreekwoord sê mos, "agter elke groot man, is daar altyd 'n vrou" (wat nooit 'n rok het om aan te trek nie?) Cora het beslis 'n aandeel aan Louis se sukses deur middel van haar ondersteuning, belangstelling, geduld (en soms ook haar ongeduld).

Namens almal van Merensky: nogmaals baie geluk aan die Moolman vennootskap, mejj Bettie Coertze, Magriet Bruyns en mnr Rolf Tönsing.




THE BIRDS OF ACADEME - PART III continued

The Tattle Bird (Ornis Polylogus) is a distant relative of the Horned Rumour Monger and is undistinguished in appearance. Being a common singing bird it often falls victim by yielding to the temptation to chirrup to decoys which are often set to entrap this lively fowl. The Tattle Bird perches in the library and watches and listens. Since most people talk softly in the library the Tattle Bird does not often hear the whole story, or any part of it accurately. Snatching wisps of conversation, or any general information, the bird will flit away to find a perch in the faculty dining room, or the President's Office, from whence it proceeds to crow its misinformation: 'Caw, caw, the library opened late today! Caw, caw, the librarian had a hangover! Caw, caw, Mr Gore hates Dewey!'

The White Vested Fine Beater (Leukosternicus Multavictor) is easily recognized by the sounds it makes. This begins with bill-rattling, producing a noise like that of a nutmeg-grater. This bird usually flies into the library and perches on the circulation desk. Instinctively, it arrives just before lunch, at closing time, or conveniently to interrupt one's departure for a needed coffee break. A bevey of these birds can literally ruin a circulation librarian's day. This species indulges in bill clappering, bill snapping, and defensive threatening sounds which rise in crescendo as one attempts to deal with it. The general angry squabbling and raising and flapping of wings reveals the nasty disposition of this fowl. It is always open season on this bird and a wise librarian will net it immediately and thoroughly pluck it in spite of its noise. Its pin feathers are usually collected in fine drawers.

(To be continued)

Probeer biblioteekkundige vaktydskrifte sensasiewekkend wees?

Titels van tydskrifartikels; 'n keur:

1. From prostitutes to meter maids - unholy sources of urban information.
2. News and other four-letter words.
3. The exchange: Venus de Milo and the Curse of Lacroma.

# op die grondverdieping

Vir Denise is die werk 'n plek van rus
eerder as by die huis die kleintjie te sus.
Vir Spaanse danse sien sy kans
vir Skippie moet júl net sien dans!
Van Gerda sê ons niks
dis nog vier maande se wis en gis .... !
Klein van postuur, blond met blou oë
is Susna dié model in Martinus se oë!
Linda is fluks, vir werk stuit sy niks.
Dis Orff ... en orrel wat Maretha moet speel
haar baas sê dié keer was dit te veel.
Ilse is weer van kos geroof
elke dag wil sy die snoepie beroof.
Susan het getroud geraak
maar gesneuwelde skepsels kom soek steeds raad.
Het jy al matrose so baie hoor swets
soos Magriet oor Panna kan klets?
Marietjie Maryna Meraai ... Wat is so snaaks aan Mosselbaai?
Ansie kom weer uit Suidwes
vir Unisa doen sy régtig haar bes.
Hendrik neem 'n halfuur om te snap ...
dan is die hele petalje 'n grap!
Dis net van 8 tot een wat Annette en Sannie by ons
bly want anders sal hul boerdery daaronder ly.

Van die hele ou spul is Alida die hoof
miskien wil sy ons partydae onthoof.
Vir mnr Otto het ons ontsag
as die klokkie lui laat hy nie op hom wag!

Dis sestien op grondvloer wat swoeg en sweet
maar van navrae en werk sal hul alles weet.

# toer saam!

Hier is goeie nuus vir persone wat aan die einde van die jaar 'n vakansie in Europa beplan en goeie waarde vir hul geld wil kry. Mnr C H Cilliers, sekretaris van die Bond van Oudstudente, het bekend gemaak dat die toer wat die Bond amptelik as 'n diens aan hul lede aanbied, nie alleen tot hul lede beperk is nie. Personeel van die Universiteit is dus ook welkom om die toer mee te maak.

Die toer strek oor 'n tydperk van vier-en-twintig dae - en wel van 6 tot 30 Desember. Die stede wat besoek gaan word, is Rome, Napels, Capri, Florence, Madrid, Toledo, Parys, Londen, Berlyn, Frankfurt, Heidelberg, Lucerne, Oberammergau, München, Innsbruck, Salzburg, Bergtesgaden, Ober-Salzburg, Koenig See en Athene. Die toer is so beplan dat Kersfees in Switserland deurgebring word. Die toerprys bedra R1 246 en kan teen maklike afbetalings by die reisagentskap Intur gereël word. Die hotelle waar daar tuisgegaan word is gelykstaande aan ons twee en drie ster-hotelle. Die toerprys sluit nog verder twee etes per dag, besigtigingstoere wat deur Engelse gidse vergesel word en padvervoer in luukse toerbusse, in.

Die toer vind amptelik onder beskerming van die Bond van Oudstudente plaas en is 'n toer wat u beslis nie moet misloop nie. Vir verdere besonderhede skakel mnr Louis Vogel by telefoon 74-6071 x 251, daar hy die toerleier gaan wees.

# opgrawings in Israel

Op 26 Junie 1977 het 'n groepie geesdriftiges onder leiding van prof I H Eybers, professor in Bybelkunde aan Unisa, na Israel vertrek om saam met ander studente opgrawings in die Israelitiese vesting, Lagis - Tell ed Daweir - te gaan doen. 'n Paar lede uit die groep het verlede jaar 'n soortgelyke toer saam met prof Eybers meegemaak en besluit om vanjaar weer die warm son en harde werk op Lagis te gaan trotseer. Die toer is deur Unisa se Teologiese Navorsingsinstituut in samewerking met die Argeologiese Instituut van die Tell Aviv-universiteit gereël.

Lagis lê sowat veertig kilometer suidwes van Jerusalem tussen heuwels in die Judese hoogland. Naby die ruïneheuwel of tell lê die moderne dorpie Lagis, omring deur katoenlande, vrugteboorde en sonneblomme. In die Bybelse tyd was Lagis een van die belangrikste vestings en 'n baie belangrike toegangsroete tussen Egipte en Jerusalem. Elke koning wat Jerusalem wou aanval, moes Lagis eers inneem. Toe die Israeliete Palestina binnegeval het, was dit reeds 'n vestingstad. In Josua 10: 31-32 lees ons dat dit genoeg weerstand gebied het om Josua en sy manne twee dae besig te hou. Die verhaal van koning Amasia van Juda wat tydens 'n opstand in 783 VC van Jerusalem na Lagis gevlug het en daar doodgemaak is, is in 2 Konings 14:19 opgeteken. Tydens Nebukadneser se aanval in 588 VC op Juda het hy eers Lagis verower, voordat hy Jerusalem aangeval het. Die spore van vernietiging en verbranding is vandag nog sigbaar.

Vanaf die begin van Julie tot aan die einde van Augustus vind 'n mens oral in Israel georganiseerde groepe wat besig is om die geskiedenis van 'n volk te herontdek wat 20 eeue lank buite hulle vaderland verstrooi was. Die eerste opgrawings by Lagis is gedurende 1932-1938 deur John Starkey gedoen. Hy het belangrike vondste gevind waaronder die Lagisbriewe, potskerwe met inskripsies op, seker die belangrikste is. Hierdie briewe beskryf nie net die tyd vóór die stad 3000 jaar gelede binnegeval is nie, maar bevat ook belangrike inligting oor die geskiedenis van Israel uit 'n tydperk wat vir die Bybel van belang is. Y Aharoni het die opgrawings vanaf 1966-1968 voortgesit. Die huidige opgrawings word sedert 1973 onder leiding van die Argeologiese Instituut van die Universiteit van Tel Aviv onderneem en as 'n langtermyn projek gesien.

'n Paar van ons het in die Kanaänitiese Baältempelarea onder leiding van dr Christa Clamer gewerk. Die tempel is waarskynlik deur Josua verower toe die Israeliete die beloofde land meer as drieduisend jaar gelede binnegeval het. Gewapen met die nodige toerusting soos besempies, borsels, 'n "patish" (klein pikkie), troffels en "turriye's" (skoffelpikke) het ons die verskillende bewoningslae wat uit die Middel-Bronstydperk (ongeveer 2200-1550 VC) van mekaar begin afskei. Wanneer daar tekens van 'n vloer sigbaar geword het, het ons baie versigtig gewerk omdat die meeste en ook die onbeskadigde voorwerpe gewoonlik daarop gevind word. Verder is dit ook belangrik om te onthou dat elke voorwerp binne die konteks van sy vindplek bestudeer moet word anders gaan sy historiese waarde verlore. Tydens die opgrawingsproses word daar ook noukeurig gelet op holtes, gate, klippe, die kleur en struktuur van die grond. Elke grondlaag en die versteuring daarin vertel 'n storie van die Tell. Saam met die potskerwe vorm dit onmisbare materiaal waarmee die chronologie van die kultuur wat opgegrawe word, relatief verklaar kan word.

Vondste soos dié in Tutankhamum se graf word nie dikwels gevind nie, maar die potskerwe, gedeeltes van kruike en kommetjies, selfs 'n volledige, onbeskadigde kommetjie en strukture wat blootgelê is soos die gebakte kleimuur uit die Middel-Bronstydperk, is ook belangrike bydraes om die verlede te rekonstrueer. Hierdie vondste is per slot van sake op sigself nie belangrik nie, maar dat hulle die verhaal van mense uit die verlede vertel: hulle gewoontes, die godsdiens wat hulle beoefen het of hoe hulle as 'n gemeenskap saam geleef het, bly hulle nie meer voorwerpe nie, maar word hulle 'n uitbeelding van die mense van die tyd.

Vir die meeste van ons wat die geleentheid gehad het om aan die opgrawings deel te neem, is Lagis nie net 'n ruïneheuwel nie, maar 'n stad wat voortleef om die oorwinnings, vreugde, hartseer en vrees van volkere op 'n besondere manier oor te dra.

Ons het naweke nie gewerk nie om geleentheid te kry om plekke van belang te besoek. Die laaste week het ons 'n reis tot by die See van Galilea in die noordelike deel van Israel onderneem. Om by Tiberias oor die See van Galilea te kyk is 'n belewenis wat 'n mens altyd sal bybly. Die vier Evangelies kom meteens tot lewe en die Skrif word vir jou duideliker as ooit tevore. Wanneer 'n mens die Judese woestyn rondom Ein-Gedi en Masada goed bekyk, word dit duidelik dat Dawid vir Saul daar kon weggekruip het. Wanneer jy op Massada staan waar Herodes die Grote 'n paleis opgerig het, speel die heldestryd van die Jode teen die Romeine voor jou geestesoog af. En as 'n mens daarvandaan vertrek, neem jy die boodskap met jou saam dat dit beter is om 'n einde aan jou lewe te maak as om 'n slaaf te word. Van die ewige stad, Jerusalem kan jy ook nie genoeg kry nie. Salomo het die tempel hier laat bou om dit die belangrikste middelpunt van die Israelitiese godsdiens te maak. In die Nuwe Testament word daar telkens verwys dat Jesus na Jerusalem vir feestelike geleenthede gegaan het. Hy is daar met die Paasfees gevange geneem en gekruisig. Die opstanding het hier plaasgevind én die Hemelvaart. As h mens op die Olyfberg staan en afkyk op die tuin van Getsémané met sy ou olyfbome, dink jy aan hierdie gebeurtenis en die boodskap wat dit vir die Christendom inhou.

Om na Israel te gaan is om 'n droom te laat waar word.


## uitslag

KEN-U-KOLLEGAS-KOMPETISIE

Dit wil voorkom asof ons kollegas op die "foto" in verlede maand se uitgawe van Biblikasie moeilik herkenbaar was, want geen (korrekte) inskrywings is deur die redaksie ontvang nie.

Ons verstrek derhalwe aan al ons nuuskierige lesers die name van die persone op die foto Ons hoop dat u nou meer van u kollegas sal (her)-ken.

1. Die "Groot Beer"
2. Annie Pienaar
3. Alet Fisher
4. Amke de Jager
5. Ann van Zyl
5a. Piet de Kock
6. Alet Kleu
7. Christel Claassens
8. Marie Botha
9. Carien Human
10. Dina Smith
11. Laetitia Jacobs
12. Peter Lor
13. Mnr Gagiano
14. Willie Porter
15. V B Otto
16. Jakkie Schlebusch
17. Linda de Villiers
18. Lynette de Kock



Arbeidsgenade

So het Ek julle dan 'n land gegee waar julle nie aan gearbei en stede wat julle nie gebou het nie, dat julle daarin kan woon, wingerde en olyfbome wat julle nie geplant het nie, daar eet julle van.

Josua 24:13

# LUS VIR LEES ?

N 621.9

AUTOMOBILE CLUB OF ITALY

Hierdie publikasie verskyn jaarliks vanaf 1976 en is as tydskrifreeks vir die Merensky-biblioteek bestel. Die uitgewers beoog om betroubare inligting in verband met elke tipe motor wat op die mark is te verskaf. 'n Mens merk met die deurblaai van hierdie boek dat dit werklik aan sy doel beantwoord. Deursnit-illustrasies van enjins en die interieur van die motor en ook illustrasies van die elektroniese brandstofsisteme van sekere motors sal vir die voornemende koper baie belangrik wees. Die modelle in produksie word volgens land van vervaardiging alfabeties gerangskik en alle moontlike aspekte word genoem soos prys, werkverrigting, spoed, gewig en brandstof en olieverbruik en elke model word geillustreer. Die boek bevat 'n volledige indeks en beslaan 439 bladsye. 'n Baie belangrike aspek wat deurgaans by die beskrywing van alle modelle aangetref word, is dat alle verskille wat voortspruit uit vervaardiging deur dogter-maatskappye in verskillende lande aangedui word. Die produksie van hierdie modelle wat bv. in Suid-Afrika vervaardig word, word afsonderlik aangedui.

Hierdie werk is 'n besondere waardevolle naslaanwerk vir die voornemende motoreienaar en deur die bestudering van die inligting hierin vervat kan so 'n persoon seker maak dat hy sy geld reg bestee en die regte motor vir sy persoonlike behoeftes aankoop.

# verjaarsdae

VERJAARSDAE IN SEPTEMBER

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5 | Mej M Potgieter | 18. | Mej M Mörsner |
| 6 | Mej I Pellissier | 20. | Mnr C Venter |
| 9 | Mej J M Joubert | 23. | Mej A du Toit |
| 10 | Mev H Strydom | 25. | Mev D Wheeler |
| 13 | Mev M Rautenbach | 27. | Mev R Viviers |
| 15 | Mnr D Hughes | 30. | Mnr H de Bruin |
| 17 | Mej C Claassens<br>Mej A Honiball | | |

What is a friend? A single soul dwelling in two bodies.

Aristotle.

MEAD, Frank S. The encyclopedia of religious quotations. Old Tappan, N J., Revell, 1965.

# totsiens... welkom!

Aan mej Maritha Hinrichsen wat tans met verlof is, maar ons eersdaags verlaat, wil ons alle voorspoed toewens. Dit was aangenaam om saam met jou te werk, Maritha, en ons beste wense vergesel jou.

Ons wil die volgende persone wat eersdaags by ons in diens tree, hartlik verwelkom:

Mev S Swanepoel is vanaf 1 September as biblioteek-assistente by Merensky aangestel.

Mev M M Willemse behoort al tuis te wees by BMW waar sy mev Taylor as junior Bibliotekaresse opgevolg het.

Mej D S C Malan sal op 15 September by Medies as junior bibliotekaresse, diens aanvaar.

Wanneer mnr André van Rensburg op 1 September in die Bindery begin werk, sal die personeel daar voltallig wees.

# tussen ons gesê...

Mev Alida van der Watt het haar kans waargeneem om haar ouers in Durban te gaan opsoek nadat Sophia van Malawi teruggekeer het. 'n Week se vakansie by die see help altyd om die werklus weer aan te wakker

Mev Minda Meyer is weer terug by die werk na 'n operasie. Ons is bly jy voel nou soveel beter. Soos Minda ook tereg opgemerk het: "My deus is dou weer beder".

Na 'n breinoperasie en 'n afwesigheid van 'n maand en 'n half, het mnr Paul Erasmus weer op 15 Augustus diens in die Bindery hervat. Ons vertrou dat hy spoedig weer met volle sterkte sy gewig sal ingooi.

Ons wil ook mevv Marie Rautenbach en Sheilagh de Villiers beterskap en volkome herstel toewens.

Mej Elsa Lategan het 'n nare ondervinding beleef. Sy moes die aand by toonbank werk en neem die middag af met dien verstande dat sy om halfvyf weer op haar pos sal wees. Halfvyf kom en gaan, maar Elsa bly weg. Na 'n ruk kom Elsa al blasend en bloedrooi in die gesig by toonbank aan - haar motor het by Magnoliadal gaan staan en sy het al die pad na Merensky toe gehardloop!

Mev Rita Botes hou die fort terwyl mej Annatjie Momberg in Europa kuier. Daar is 'n belofte van lekker sjokolade uit ander lande - franse parfuum is ongelukkig 'n bietjie duur.

Almal op grondvloer is bly dat mev Alida Dippenaar veilig terug is na vyf weke se rondry in Europa.

Ook in die Tydskrifte-afdeling is alles in rep en roer want mej Ann van Zijl het weer die leisels oorgeneem nadat sy ook in Europa gaan kuier het.

Op 10 September om 16h00 sal Keimoes se kerkklok die huwelik van mej Elbie Kok met mnr Fred Smal aankondig. Ons beste wense vir die eerste 60 jaar.

Die tafeltennis kry baie aftrek veral mej Marie Schoeman. Marie is baie bedrewe hiermee en speel ook elke Vrydagaand vir die KJA tafeltenniswedstryde. Wie wil Marie uitdaag?


REDAKSIE:

| | |
|---|---|
| *Redaktrise:* | Mej I M Pellissier |
| *Sub-redaktrise:* | Mev M L Kuhles |
| *Sub-redaktrise:* | Mev B von Ehrenberg |
| *Tikster:* | Mev M-L Erasmus |
| *Medewerkers:* | |
| *Bestelafdeling* - | Mev E W du Plessis |
| *Bindery* - | Mnr C F Buys |
| *Leendienste* - | Mej M M Pauw |
| *Ontsluiting* - | Mev H Fourie |
| *Sosiale Komitee* - | Mev M L Kuhles |
| *Tiksters* - | Mev I Venter |
| *Tydskrif afdeling* - | Mev B C Gunter |
| *Vakbibliotekarisse en -assistente* - | Mej C Claassens |
| *Onderstepoort* - | Mej R Erasmus |
| *B M W* - | Mej E Klopper |
| *Medics* - | Mev A vd Watt |
| *Landbou* - | Mej J du Preez |
| *MacFadyen-biblioteek* - | Mnr V E Hulme |
| *Diskoteek* - | Mev C Coertze |
| *Fisiese Versorgers* - | Mnr W S H Porter |
| | Mej W Shipman |


# fotoblad


Nå herhaaldelike tevergeefse pogings het "Biblikasie" daarin geslaag om hierdie unieke foto van die gedugte "ontspanningspan" te bekom. Hul name kan egter nie bekend gemaak word nie, aangesien die naasbestaandes nog nie in kennis gestel is nie.












Links bo:

Ons beste wense vergesel Maritha Hinrichsen wat as tikster in die Ontsluitingsafdeling werksaam was

Links onder:

Mev Marie Willemse het ons geledere in die Mediese biblioteek kom versterk. Welkom by ons!




U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · SEPT. 1977

## SUBKOMITEES - WERKSONTVLUGTING OF TAAKVERVULLING

Ons het voortdurend te doen met sake wat nader ondersoek moet word alvorens besluite geneem of beleid geformuleer kan word. Afhangende van die aard van die ondersoek wat nodig is, kan enersyds, die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling dit as 'n projek hanteer of andersyds, 'n subkomitee benoem word om die saak te ondersoek en aanbevelings te doen.

Dit is belangrik dat ons almal goed op hoogte sal wees met die Biblioteekdiens se beleid ten opsigte van soveel verskillende sake. Met verloop van tyd is verskeie beleidsreglemente voorberei en 'n reglementekomitee is aangewys om die finale formulering en redaksionele versorging van alle beleidsreglemente te behartig. Uiteindelik sal al hierdie reglemente vir elke personeellid onmiddellik beskikbaar moet wees.

Dit bring my by die behoefte wat daar bestaan aan die beskikbaarheid van 'n personeelhandleiding vir elke personeellid. So 'n handleiding kan byvoorbeeld die volgende bevat: alle beleidsreglemente, die belangrikste diensvoorwaardes, besonderhede oor die organisasie van die Biblioteekdiens, ensovoorts. Die personeelhandleiding is noodsaaklik vir effektiewe indiensopleiding en sal die inskakeling van nuwe personeellede aansienlik vergemaklik. Ons is dankbaar vir die vordering wat die komitee reeds gemaak het en ons hoop om dit vroeg in 1978 beskikbaar te kan stel.

Die doeltreffendheid van ons biblioteekdiens word in 'n hoë mate bepaal deur die wyse waarop en mate waarin ons in die inligtingsbehoeftes van ons gebruikers kan voorsien. In hierdie verband is die navraagonderhoud wat die bibliotekaris met die gebruiker voer van besondere belang. 'n Subkomitee is benoem om 'n vorm te ontwerp wat tydens so 'n onderhoud voltooi moet word. Die gebruik van hierdie vorm sal misverstand tussen gebruiker en bibliotekaris beperk en ons in staat stel om gegewens te versamel wat noodsaaklik is vir die beplanning en die verbetering van ons dienste.

Dit hou verband met die uitdaging om met die beperkte beskikbare fondse, 'n gebalanseerde en aktuele versameling op te bou. Daar is 'n behoefte aan 'n duideliker boekkeuringsbeleid en indien moontlik moet 'n formule gevind word vir die toewysing van fondse aan die verskillende departemente. Verskille in boekpryse by verskillende studierigtings en die verskillende maniere waarop departemente die biblioteek by hulle onderrigs- en navorsingsprogramme betrek, maak dit 'n ingewikkelde aangeleentheid. Die boekkeuringskomitee wat die aangeleentheid tans ondersoek, het 'n groot en uiters belangrike taak op hulle skouers.

So kan ek voortgaan. Die goeie werk van verskeie ander komitees, insluitende die Kleredragkomitee, die Bestuur van die Sosiale Klub, die Redaksie van Biblikasie en ander kan nie eers genoem word nie.

Ons het hoë waardering vir ons personeellede wat benewens hulle vaste daaglikse verpligtinge waardevolle werk in komiteeverband doen. Met hierdie mooi gesindheid en hartlike samewerking kan ons van ons Biblioteekdiens iets maak waarop ons Universiteit en ons beroep met reg trots kan wees en so ons taak en roeping vervul.

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR - BIBLIOTEEKDIENS

## ons vergader...



# van die buiteposte

## Uit die middestad

Hier op die stedelike front gaan dit lekker bedrywig. Al daardie deurgeslaapte of niebygewoonde lesings moet skielik op datum kom. Addisionele leeswerk word haastig bymekaargeskraap en daardie laaste take word in die minimum tyd afgehandel. Altwee Xeroxmasjiene kry genoeg geleentheid om die pyp te rook op die statistiekbladsy. En ou Jacob skud net sy kop.

Met drie mans om die fort te hou, beteken dit rondspring, en die oortydure-boek lê nie stil nie.

Intussen lê mev Mercia Neitz in die Zuid-Afrikaanse Hospitaal waar sy na 'n operasie aansterk. Ons hoop dat sy weer gou springlewendig by ons sal wees. Die skakelwerk word afgeskeep.

Pieter van der Merwe, wat vroeër hier by die MacFadyen-biblioteek was, is terug van Kaapstad Hy werk nou in die Pretoriase Openbare Biblioteek.

En dan was daar die nuwe lener. Klasnommer = A3-lesinglokaal; registernommer = 7730327; outeur = ouditeursklerk; " ... Waar skryf ek die boek se naam?" Soos die Engelse spreekwoord sê: "If all else fail, read the instructions!"

Of die persoon wat die Hofverslae op mikrofische wou hê. Nadat die apparaat se werking verduidelik is, vra hy vir 'n groter weergawe om liewer afdrukke van te maak.

Groete uit die stad van die gekaapte bus.

## KALAFONG

Die afgelope maand het die bindery ook hier op die Klinikalabiblioteek toegesak en sy tol geeis. Ongeveer die helfte van die tydskrifte loop deur onder mnr Willie Porter en sy span. So 'n stap is genoodsaak deur die vinnige uitbreiding van die tydskrifversameling om beter kontrole uit te oefen.

'n Soortgelyke "vreemde verskynsel" wat hom afspeel in die Merenskykombuis het nou ook hier by die Klinikalagebou sy verskyning gemaak. Die verskil is net dat dit elke naweek gebeur en dat die prioriteite baie hoër is, nl. gordyne, waaiers en verwarmers. Die afgelope naweek het die biblioteek aan die beurt gekom en die skade is een elektriese verwarmer. Maar by die skade moet mens seker dankbaar wees vir die hoflikheid om eers te wag dat die ergste winter koue agter die rug is.

## DISKOTEEK

By die Diskoteek gaan alles nou weer stil en rustig na die krisis as gevolg van die sekretaresse van die departement se weeklange afwesigheid. Die telefoon het aanhoudend gelui en tussendeur moes ons nog na die skedule se klagtes en probleme luister en probeer help waar ons kon.

Toe die sekretaresse die dag terugkom, het nie net ons nie, maar ook die dosente en studente 'n sug van verligting geslaak, want dinge kon weer glad en normaal verloop soos altyd.

---

Na aanleiding van navrae wat die Musiekbiblioteek van Merensky-biblioteekpersoneel ontvang in verband met die konserte wat die finale jaar uitvoerende studente elke jaar gee, word 1977 se program verstrek:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Saterdag | 15 Okt | - Gizela van Zijl | (sang) |
| Dinsdag | 18 Okt | - Riaan Steyn | (orrel) |
| Woensdag | 19 Okt | - Ria Venter | (klavier) |
| Donderdag | 20 Okt | - Maryna Roux | (orrel) |
| Vrydag | 21 Okt | - René Daffeu | (orrel) |
| Saterdag | 22 Okt | - Hildegardt Smit | (fluit) |
| Maandag | 24 Okt | - Esther van Rooyen | (sang) |
| Donderdag | 27 Okt | - Retha Cilliers | (fagot) |
| Vrydag | 28 Okt | - Elma Vivier | (klavier) |

Die konserte vind almal om 20h00 in die Musaion plaas behalwe die orrelkonserte wat in die Universiteitsoordkerk aangebied word.

# uit die afdelings

## NOG REKENARISERING

Pogings om die Universiteit se sentrale rekenaar selektief aan te wend om knelpunte met die skep en instandhouding van sekere katalogi te verlig, het pas die eerste produkte opgelewer. 'n Tydskrifkatalogus en 'n lys van materiaal in die gereserveerde studieversameling is op Woensdag 21 September amptelik deur die Biblioteekdiens in gebruik geneem.

### Tydskrifkatalogus

Die behoefte aan 'n openbare katalogus van die Biblioteekdiens en tydskrifbesit het sowat 'n jaar gelede onder die aandag gekom tydens 'n ondersoek na die rasionalisering van prosedures in die Afdeling Tydskrifadministrasie. Daar is onmiddellik besef dat die byhou van só 'n katalogus moeilik met die gewone handprosedures sou kon geskied en die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling het opdrag gekry om die saak met die Rekenaarsentrum op te neem. Die voorstel is gunstig ontvang en daar is begin met die ontwikkeling van die programmatuur. Laasgenoemde is deur mej E Joubert van die Rekenaarsentrum geskryf. Die Afdeling Tydskrifadministrasie was verantwoordelik vir die redigering, insleutel en proeflees van die sowat 10.700

rekords in die lêer. Vir die insleutelwerk is hulp uit die Seksie Tik en Duplisering gekry. Die Nasionale Filmraad was verantwoordelik vir die voorbereiding van die Rekenaaruitdrukmikrofiche-katalogus (RUM). Die Seksie Reprografiese Dienste en die Bindery in die Merensky-biblioteek was betrokke by die voorbereiding van 'n omslag en handleiding vir die katalogus. Voorwaar dus 'n spanpoging.

Daar is vyftien kopieë van die alfabetiese gedeelte van die katalogus en elf kopieë van die vakkodelys voorberei. Hierdie kopieë sal op strategiese punte in die Merensky-biblioteek en takbiblioteke beskikbaar wees. Kopieë is ook aan die mediese-biblioteek van die Universiteit Witwatersrand, Stellenbosch en Kaapstad voorsien. Daarmee is daar vir die eerste keer 'n volledige katalogus beskikbaar van alle tydskrifmateriaal in besit van die Biblioteekdiens. Die katalogus sal gereeld (minstens een keer per jaar) hersien word.

Two of the greatest nineteenth century British neurophysicians were Lord Russel Brain and Sir Henry Head. - Harpers Magazine.

Katalogus van Gereserveerde Studiemateriaal

Nå voltooiing van die programmatuur vir die verwerking en uitdruk van die tydskrifkatalogus, is daar op versoek van die Adjunk-direkteur (Personeel en Administrasie) ondersoek ingestel na die moontlikheid om dieselfde programmatuur aan te wend om ook 'n lys van materiaal in die gereserveerde studieversameling saam te stel. Departementshoofde moet jaarliks in kennis gestel word van titels wat vir hul departemente in die versameling opgeneem is. Dit het 'n omslagtige proses tot gevolg gehad wat jaarliks van voor af herhaal moes word. Bowendien was daar ook geen aparte katalogus van die materiaal in die versameling beskikbaar nie.

Weer eens het die Rekenaarsentrum ingewillig om te help. Binne die bestek van drie maande is die programmatuur aangepas vir die nuwe stelsel en die sowat 3.000 rekords is gekodeer, ingesleutel en geproeflees en die lys is finaal uitgedruk. Kopieë van 'n alfabetiese lys is op die grond-, tweede en derde vlak van die Merensky-biblioteek beskikbaar vir raadpleging. 'n Vakkodelys sal opgedeel word volgens departement om alle departementshoofde in te lig in verband met hul voorgeskrewe literatuur in die gereserveerde studieversameling.

Ervaring met die skepping van die tydskrifkatalogus is gunstig aangewend om hierdie tweede lys so vinnig beskikbaar te stel. Groot dank is verskuldig aan almal wat so gewilliglik saamgewerk het om hierdie twee katalogi te skep. Die instandhouding daarvan is relatief maklik.



DIT KOM DAARVAN AS JY MET DIE PLANTE PRAAT, nou lees hul die heeldag

OGGENDBLAD Maandag 19 September 1977

# Biblioteeksake by Merensky bekyk

PRETORIA. — 'n Groep van ongeveer 100 mense het op Donderdag 15 September en Vrydag 16 September die Merenskybiblioteek van die Universiteit van Pretoria besoek.

Die groep het bestaan uit bibliotekarisse, biblioteekwerkers, opleidingsbeamptes en ander wat belang het by biblioteeksake in die Staatsdiens.. Feitlik alle staatsdepartemente was verteenwoordig.

Die besoek is aangevoor deur die hoof van die afdeling biblioteekdiens in die Staatsdiens, mnr. I. de Villiers.

## *Omwenteling*

Volgens die adjunk-hoof van biblioteekdienste in die Staatsdiens, mnr. C. Vink, is die besoek georganiseer in die lig van die biblioteekomwenteling wat daar in die jongste tyd aan dié Universiteit van Pretoria plaasgevind het.

Dit het belangrike positiewe implikasies vir die gehalte van opleiding en navorsing aan die Universiteit en daar is geoordeel dat die uitgangspunte en benaderinge wat nou by lewering van biblioteekdienste geld, interessante stof vir bespreking sou bied.

## *Lesing*

Na 'n lesing deur die direkteur van biblioteekdienste aan die Universiteit van Pretoria, prof. E. D. Gerryts, het die groep die nuwe Merenskybiblioteek van die Universiteit besigtig.

Dié besoek sluit aan by die pleidooi wat dr. P. S. Rautenbach, Voorsitter van die Staatsdienskommissie, onlangs gelewer het vir nouer skakeling tussen universiteite en die praktyk.

'n Simposium hieroor is op 26 Augustus by die Universiteit van Pretoria gehou.

# wat gebeur waar?

Biblioteekassistent: "Meneer, het u die tydskrif in die katalogus opgesoek?"

"Ja ek het in die eerste kolommetjie gekyk, daar staan: Die biblioteek het 1971 minus"

Definisie van optimisme:

'n Merensky-personeellid wat 4 nm op soek is na 'n aflos vir die aand.

"BRIBERY AND CORRUPTION"

Die 8ste September was vir die Senior Ondersteuningspersoneel (=S O P) 'n hoogtepunt in hulle bestaan. Die vakbibliotekarisse het besluit om 'n "bribery and corruption"-kampanje ten opsigte van die S O P te loods, maar wat hulle nie geweet het nie was dat die S O P nie ingaan vir sulke idees nie.

Na 'n leierstoespraak wat onder druk voorberei was, het die geselligheid gevorder van 'n besadigde byeenkoms tot 'n uitbundige partytjie en is dit telkens opgeluister deur staaltjies uit die veelbewoë wedervaringe van die WWO's (=Was-weer-oorsee). Die aard van die verversings het bygedra tot die joligheid van die aand en soos dit teen die einde van alle partyjies gaan, is daar meer wyshede tydens die opruimingsaksie kwyt geraak as wat Salomo van bewus was.

Baie dankie aan die vakbibliotekarisse vir 'n blink gedagte en ons sien uit na die volgende een.

OPNAME-OPGAAF

Na aanleiding van die opnames wat in Merenskybiblioteek deur die Afdeling (Sport en) Beplanning en Ontwikkeling gemaak is en waaroor reeds in verlede maand se Biblikasie berig is, word die volgende interessante gegewens verstrek:

Daar is 106 opnames deur die hele gebou gemaak. Die afstand van elke opname was net minder as 1 km. Dit is nou gemeet aan mnr Johan Engelbrecht se treë wat 82 cm lank is. Altesaam is dus ongeveer 100 km (± 60 myl) afgelê. Dit beteken dat elke beplanner wat "aktief" aan die opnames deelgeneem het sowat 16 km (of 10 myl) moes aflê. Aangesien elke opname 15-20 minute geduur het, het die opnames plaasgevind teen die asemrowende spoed van 3-4 km/uur! Wie gaan nog sê daar is geen beweging in die biblioteekwêreld nie?

VERJAARSDAE IN OKTOBER

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6 | Mev C Botha | - | 3de verdieping |
| 6 | Mev A Booysen | - | Voorgraads |
| 6 | Mej C Muller | - | Ontsluiting |
| 10 | Mev M Smith | - | Ontsluiting |
| 10 | Mev A Visser | - | Ontsluiting |
| 22 | Mej V Snodgrass | - | Aanskafafdeling |
| 24 | Mev R Otto | - | Ontsluiting |
| 26 | Mej E Lategan | - | Ontsluiting |
| 27 | Mej C Human | - | 2de verdieping |
| 30 | Mej B Kotze | - | Ontsluiting |

Arbeidswins

In enige moeitevolle arbeid (arbeid wat met inspanning gepaard gaan) is voordeel (wins), maar praatjies (leë woorde) is net tot gebrek. Spreuke 14:23

# trouery

Waar kry mens deesdae nog 'n hartlike, gesellige plattelandse troue? Ek het onlangs so 'n almal-ken-vir-almal troue op Friersdale bygewoon. Mej Elbie Kok was 'n baie stralende bruid aan die arm van 'n selfversekerde bruidegom.

Die seremoniemeester het vir die tweede keer sy plek op dieselfde plaas volgestaan. Eers met die troue van Elbie se ouers en nou met dié van hul oudste dogter. Met al die goeie wense en heildronke afgehandel, het die geurige braaivleis aan die beurt gekom en sowat van tuisgebak sien mens seker nie gou weer nie.

Die bruidegom is darem toegelaat om met sy bruid die baan te open, maar daarna moes hy haar vele kere afstaan. Al die jonges - sommige jonk in jare en andere jonk van gees - het ingeval en deurgedruk tot middernag.

Na so 'n aand kon mens die gasvrou opreg bedank vir 'n geleentheid wat al die vriende nog lank sal onthou.

# drama

Drama Departement van die Universiteit van Pretoria bied aan

DIE MENSE VAN SOETWATER!

Die twee ou-ouvroutjies van Soetwater, tant Jaatjie en Naatjie, sorg vir patos en liefde. Bella en haar dogter, Dot, (met haar oliekop kêrel Arthur Drew) is die groepie wat jou laat lag. Maar daar is tog 'n onderlinge hartseer by die lag. George Ullman en sy vuil vrou Hetta, het die kêffie op die dorp en op hierdie kêffie se stoep word daar altyd gekuier en al die lekker nuus uitgeruil.

Moet tog nie van Oom Gawie Diepwater vergeet nie! Hy is dié wonderwerk van die dorpie: loop nog op sy hande, slaan die askoek en soek voortdurend vir hom 'n nuwe vrou. Susara, die oujongnooi orreliste, word sy derde!

By dié groepie sluit Issie Lourens, die sosiale werkster, aan. Sy raak lief vir hulle, skryf oor hulle en so raak hulle menslikheid verewig.

'n Verhaal vol liefde en verdraagsaamheid

Die Dramadepartement spog met 'n draaiverhoog met sewe lokaliteite waarop die stuk aangebied word.

Die speelvak is vanaf 1 Oktober tot 8 Oktober om 20h00. Die Kaartjies is teen R1-50 per stuk verkrygbaar by Computicket.

# LUS VIR LEES ?

186.3

TAYLOR, B J
When I do, I learn. Provo, Bingham Young UP, 1975.

Wat laat 'n kind met verwondering stilstaan? Miskien het hy 'n voëltjie gevind wat hy wil help om te vlieg, of hy staan gehipnotiseerd en kyk hoe 'n besie teen 'n blaar opkruip, hoe 'n haelkorrel smelt in sy hand, die ruising van die wind deur 'n boom se blare.

"When I do, I learn" is 'n boek wat geskryf is om die volwassene te help om die jong kind te leer hoe om sy omgewing te ontdek en te ken. Hierdie boek bied talle voorbeelde en metodes van hoe die kind leer om in sy omgewing en met sy medemens saam te leef aan. Verder is hierdie boek ryklik en met warmte geïllustreer en help nie net die kind om die wonderwêreld van sy omgewing te leer ken nie, maar help ook die ouer en opvoeder om die wonderwêreld van die groeiende kind met sy ontluikende gemoed te verstaan, te lei en te waardeer.

968:709


PAGER, H
Ndedema; a documentation of the rock paintings of the Ndedema Gorge.

Hierdie boek is die eerste werk oor rotskuns en primitiewe kuns wat gebaseer is op die werkmetodes van die argeologie, naamlik om die hele omgewing behoorlik op te meet en elke moontlike monster te versamel en te klassifiseer en beskryf, dit argeologies te dateer en alle omgewingsdata te versamel.

Hierdie navorsingsprojek is gedoen by die Ndedema-kloof, Bergville, Natal. Die omvang van die navorsing was geweldig groot en 'n mens kry 'n idee daarvan wanneer jy na die omvang van hierdie boek kyk. Dit beslaan 325 foliobladsye.

Hierdie werk is uiters belangrik vir die navorser op argeologiese gebied, maar die teks is ten spyte van sy streng wetenskaplike inslag, nie buite die begrip van die leek wat bloot 'n belangstelling in hierdie onderwerp toon nie. Die groot aantal illustrasies en gedetailleerde tekeninge dra baie by tot die waarde van hierdie boek.

Die vakbibliotekaris se beloning:



"Ek sal hierdie een neem, dankie!"

Man does not die of his diseases alone, but of his whole life.

THE BIRDS OF ACADEME, PART IV

Ou next feathered visitor is the Addlepated Book Loser (Malaco-Cephalico-Biblio-Perditor)

This ungamely bird has an omnivorous appetite and an irrascible disposition. It is not strictly a bird of prey. However, its failure to remember where it has deposited borrowed library books, leads this bird to make dangerous inroads in a collection. When confronted this feathered creature resorts at first to songflights of explanation which soon deteriorate into snapping and squabbling. After much bill clappering the fowl will usually disgorge payment for lost books, but not usually without confrontation by a threat of a general plucking.

The Rainy-Day Visitor (Ombrico-Hemerico-Visitator) - of ordinary coloration this bird is not recognizably different from most other birds in academe's groves. It is given to song-flights, bill-clappering and is generally omnivorous. Its one great failing, which places it in great disfavour with librarians, is its behaviour pattern in regard to returning library books. It is a great borrower, but returns its books only on rainy days, hence the name of the species. This bird will emerge from its nest carrying large numbers of unshielded books under its wings. In transit the books become thoroughly soaked, but of this fact the Rainy Day Visitor is serenely oblivious. Most librarians, upon spotting this fowl in action, will extract several large feathers in payment for the damaged books.

The last species in our list, the Wet-Eared Whipper Snapper (Ornis Hygroto-Mastigo-Fractor) is perhaps one of the most objectionable of all. This cocky little bird hops into the library and chirrups loudly; distrubing all who are within earshot. His bill clappering indicates that he thinks he knows more than most birds, and certainly more than those incompetent librarians who make stupid rules about not taking away reference books, and who annoy people about returning things to the library. This bird is always a fledgling, its habits and coloration change with maturity and it often grows up to resemble other species noted above. However, in its fledgling stages it is a holy terror to librarians and their helpers.

# Welkom. . . totsiens

Die personeel van die Merensky-biblioteek is onlangs bevoorreg met die toevoeging van mev Marietjie Willemse as tikster op die laer grondverdieping. Alhoewel 'n gebore Bloemfonteiner, is sy egter nou 'n volbloed Pretorianer en die ma van twee spruite. Marietjie was voorheen werksaam by Volkskas Bank. Ons hoop jy voel al goed tuis in julle nuwe huis!

Mev Susan Swanepoel is lank reeds goed bekend met die Tukkiekampus en Merensky-biblioteek. Sy het haar B.A.(Hons) in Sielkunde aan UP behaal en beoog om aanstaande jaar die Hoër Diploma in Biblioteekkunde aan te pak. Sy is

tans mnr Peet van der Merwe se regterhand op die derde verdieping en het ook haar kreatiwiteit gevoeg by die naaldwerksters van die eerste teepouse. (Die moontlikheid van 'n stokperdjie- en naaldwerkuitstalling in die teekamer is genoem! - Red.)

Mnr André van Rensburg is voorwaar vir ons almal 'n voorbeeld. Hy stap daagliks vanaf die Jeugtuiste in Sunnyside na die bindery toe. Met sy ouerhuis in Durban, is André verseker van 'n gereelde vakansie by die see. Ons hoop dat jy al goed ingeburger is op die laer grondvloer.

Mej Cora Malan was voorheen werksaam by die Raad op Atoomkrag. As oud-Tukkie is sy darem nie heeltemal onbekend met die biblioteekdiens nie. Jy is 'n groot aanwins vir die Mediese biblioteek en ons wens jou alles van die beste toe hier by ons.

Die gedagte dat mev Gerda de Bruin nie meer by IBL te vinde is nie, wil nog nie by die personeel van grondverdieping inslag vind nie. In haar afwesigheid wil ons haar baie vreugde en geluk toewens met die koms van die nuweling in die gesin.

Die grôôt dag in mej Marietjie Pauw se lewe breek kort duskant Kersfees aan. Sy het net vir 'n week by ons kom inklok na 'n vakansie van bruin brand en rus. Ons beste wense vergesel jou Marietjie. Ons sal jou baie mis.

# tussen ons gesê...

Baie geluk aan mej Cora van der Merwe wat so stil-stil oor die langnaweek aan die "goeie vriend" Tom de Wet verloof geraak het. Ons beste wense vergesel hulle.

Mej Elsa Muller het 'n "onderskeiding" te beurt geval toe iemand by geleentheid ewe nonchalant opmerk: "Hene Elsa, jy werk nou al jare by Merensky. Jy het teen hierdie tyd seker al âl die boeke gelees ....!"

Welkom terug aan mnr Gerhard Potgieter. Die man kon net nie gewoond raak aan teerstrate, 'n kam en veral meisies nie! Dit lyk darem asof hy alweer goed aangepas het.

Annie het nôg 'n publikasie gehaal. Ek haal aan: "In besonder ook 'n woord van dank aan mej Pienaar van die Merensky-biblioteek ..." Dr Hough is sô tevrede met haar hulp dat hy haar seker een van die dae as sy biblioteeksekretaresse sal aanstel - om boodskappe van die studente te neem!

Boekaankondigings maak onse Babsie (dit is nou mev Babs von Ehrenberg) sô lam; die arme mens sit steeds toegegooi onder die goed. Een van die Teologiedepartemente het iewers 'n storie gehoor dat daar nog baie geld vir boeke beskikbaar is. (Was iemand in die biblioteek dalk by Oppenheimer gewees?)

Arme mev Ria Viviers! As sy verjaar moet daar altyd iets skeef loop. Kry toe mos 'n souttert by die buurvrou. Nou ja, Dinsdagaand wou sy die ou tertjie in die oond druk - en wat was haar verbasing groot - dis weg en agter haar lek die hond sy lippe af! Vandag se honde darem; g'n maniere nie!

Mej Marie Schoeman is deesdae baie bedrywig want sy kamp bykans elke naweek saam met die KJA. Wat sou die trekpleister wees, Marie?

Mej Elsa Lategan staar 'n baie besige naweek in die gesig - sy trek na 'n nuwe woonstel. Voorspoed met die inpakkery, Elsa.

Mej Magriet Bruyns het besluit dat die AJO ook vir haar nie meer die ideale verblyfplek is nie. Ongelukkig was haar eerste nag in die nuwe woonstel glad nie so rustig as wat sy haar dit voorgestel het nie. Ons vertrou dat sy nog baie gelukkige dae in haar nuwe tuiste sal beleef.

Die "eksamen atmosfeer" word oral merkbaar en ons wens almal wat daarby betrokke is, voorspoed en sukses toe! Ons vertrou dat mej Ansie Nolte en mnr Hendrik Bosman hul roosters bevredigend sal kan uitwerk. Aan mev Annette Booysen wat die fort moet hou, wil ons die versekering gee dat die grondvlak personeel die situasie fyn sal dophou.

Praat van geduld! Mev Susara van Wyk se hekelwerk wil maar nie vorder nie. Sowat van lostorring het jy nog nie gesien nie. Moedhou, Susara!

Septembermaand is bonusmaand en by die Moolmans beteken 'n meevallertjie net een ding - hoeveel stene kan mens daarmee koop? Cora het egter besluit dat sy nie stene kan aantrek werk toe nie en het toe liewers 'n paar rokkies daarmee gekoop. Wyse besluit, Cora!


REDAKSIE:

| | |
|---|---|
| *Redaktrise:* | Mej I M Pellissier |
| *Sub-redaktrise:* | Mev M L Kuhles |
| *Sub-redaktrise:* | Mev B von Ehrenberg |
| *Tikster:* | Mev M-L Erasmus |
| *Medewerkers:* | |
| *Bestelafdeling* - | Mev E W du Plessis |
| *Bindery* - | Mnr C F Buys |
| *Leendienste* - | Mej M M Pauw |
| *Ontsluiting* - | Mev H Fourie |
| *Sosiale Komitee* - | Mev M L Kuhles |
| *Tiksters* - | Mev I Venter |
| *Tydskrif afdeling* - | Mev B C Gunter |
| *Vakbibliotekarisse en -assistente* - | Mej C Claassens |
| *Onderstepoort* - | Mej R Erasmus |
| *B M W* - | Mej E Klopper |
| *Medics* - | Mev A vd Watt |
| *Landbou* - | Mej J du Preez |
| *MacFadyen-biblioteek* - | Mnr V E Hulme |
| *Diskoteek* - | Mev C Coertze |
| *Fisiese Versorgers* - | Mnr W S H Porter |
| | Mej W Shipman |

# REKENARISERING !

Die staande grappie "Ons gaan rekenariseer"
Het by Tydskrifte-afdeling begin visualiseer
Verlede November sê die Topbestuur mos
"Lyk ons Tydskrifte se hande is glad te los"
En net daar moet óns toe die grappie begin
maar gelukkig weet ons van wat kom, toe nog min
Vol verwagting en moed, maar ai, o, tog so dom
Besluit ons toe maar om dit te vat soos dit kom
Dit klink so eenvoudig as die Base so praat
"Dis net oorstap in die oggend en oorgaan tot die daad
Die tiksters gaan sit net en tik dat dit klap
En elke dag is daar uit die werk 'n groot hap
Die Groot Masjien sit daar net reg vir sy job
En as jý jou deel doen gaan dit disselboom-klop"

Maar kyk, laat ons jul 'n ietsie vertel
(Dis nou net tussen ons en dus reguit gestel)
Die fênsie masjien het ook sy afdag
dan sit hy daar doodstil in sy staal-mou en lag
en hy weier volstrek om te kwiek of te kwaak
of selfs om 'n piepgeluidjie te maak
Dan kom die twee tiksters baie verleë maar terug
Al wat ons kan doen? - Trek oë en sug
Mnr. de Bruin het gelukkig sakke vol moed
En sê: "Vir al wat jul weet gaan dit môre weer goed"
So beur ons maar voort en word slimmer by die dag
Al moet Eleanore Joubert ook partykeer net lag
Want die foute is daar, dit kan julle wel glo
Maar wat, by Tydskrifte hou ons die blinkkant steeds bo!

Nou's óns takie klaar en salig rus ons tien
Ons waarsku julle betyds, want julle sal nog sien
met die Prof van ons kan jy die vrede nie vertrou
Hy het nog menige projekte versteek in sy mou

---ooOoo---



Biblioteekpersoneel wat meegehelp het aan die gerekenariseerde tydskriftitellys: v.l.n.r. mev. Barbara Gunther, mejj. Chrissie Potgieter, Anne van Zyl, mev. Roléne van den Berg, mej. Anne-Marie du Toit en Heleen Davel.



Gereserveerde studieversamelingslys:
v.l.n.r.: mev. Annette Booysen, mejj. Marie Schoeman, Ansie Nolte, mev. Alida Dippenaar, mej. Chrissie Potgieter




Offisiële oorhandiging van die rekenaargeproduseerde tydskriftitellys: v.l.n.r.: mej. A.van Zyl, mnre. H. de Bruin,G. Dednam en mej. E. joubert.

# FOTOBLAD

## TOTSIENS




Ons beste wense vergesel mej Marietjie Pauw en
mev Gerda de Bruyn



Andre van Rensburg
Bindery



Mej Cora Malan
Medies



Mev Susan Swanepoel
Taal en Letterkunde

## WELKOM BY ONS !




Mev Marietjie Willemse
Tiksters



Vakbibliotekarisonthaalkomitee

v.l.n.r. mej A Pienaar, mev R Viviers
mej I Orban, mev. A Korkie




U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · Okt. 1977

# ons arbeid tevergeefs?

Die eerste aflewering van 'Biblikasie' het op 30 Junie 1976 verskyn. Ek het my bydrae in daardie eerste nommer afgesluit met die volgende woorde: "Ons moet besef: hoe beter ons dienste, hoe groter die gebruik daarvan en hoe hoër die eise wat aan ons gestel word. Laat die groter benutting van ons dienste steeds 'n aansporing wees om vir die student, dosent en navorser nog onmisbaarder te word. Is daar per slot van sake 'n groter lewenskompensasie as die wete dat dit wat ek is en dit wat ek doen vir 'n ander kosbaar is?"

Nou, 'n bietjie meer as 'n jaar later, kan ek u gelukwens met die sukses wat u behaal het in u strewe om die gehalte van dienslewering te verhoog. Kommentaar in die wandelgange en korrespondensie wat op my lessenaar land, getuig daarvan. Die eerste paragraaf van 'n brief wat ek onlangs ontvang het, lui byvoorbeeld soos volg: "Dit is reeds geruime tyd 'n behoefte van die hart om u en u personeel te bedank vir die uitmuntende diens wat tans deur die biblioteek aan sowel studente as personeellede gelewer word." 'n Paar dae gelede nog het 'n departementshoof en gerespekteerde akademikus die volgende aan my geskryf: "Wat u navrae insake die Biblioteekdiens betref, is al wat ek kan antwoord dat die samewerking en ondersteuning wat ons tans van die Biblioteek geniet, eenvoudig ons hoogste verwagtings oortref."

Ons pogings om op alle vlakke beter diens te lewer, was beslis nie tevergeefs nie en is beantwoord met 'n al groter gebruik van die biblioteekdiens oor 'n wye front. Dit het immers duidelik uit ons jaarverslag vir 1976 geblyk en alle aanduidings is daar dat hierdie tendens in 1977 voortgeduur het. Baie dankie vir u positiewe reaksie daarop. Te oordeel aan briewe wat ek ontvang, het u die uitdaging aanvaar en is u vasberade om vir die student, dosent en navorser steeds onmisbaarder te word. Die volgende aanhalings uit briewe wat ek die afgelope jaar van studente ontvang het, getuig daarvan: "Ek wil graag my opregte dank uitspreek teenoor u en u biblioteekpersoneel vir die onbaatsugtige diens wat ek van u ontvang het tydens my studies aan die universiteit. .... Haar (verwysende na die betrokke vakbibliotekaresse) vriendelike en opregte belangstelling en behulpsaamheid kan niemand wat van die betrokke afdeling gebruik maak, miskyk nie. Sy het voortreflike en uitstaande ondernemingsgees en diensvaardigheid aan die dag gelê ten opsigte van elkeen van die studente wat 'n skripsie in die finale jaar (1976) moes voltooi." 'n Ander student skryf: "Ek wil graag vir u en u personeel bedank vir die behulpsaamheid met die literatuurstudie van my proefskrif. Ek mag ook nie nalaat om u en u personeel geluk te wens met die gehalte van die nuwe biblioteekdiens wat u alhier en te Buitemuurs beskikbaar gestel het nie. Ook het die deeglikheid van vriendelikheid van die biblioteekpersoneel my deurgaans opgeval. Wees daarvan verseker dat ek in die toekoms in 'n steeds ruimer mate van hierdie onontbeerlike diens gebruik sal maak."

Ook dosente het gereeld van hulle laat hoor. Een van hulle het by geleentheid byvoorbeeld soos volg aan een van ons personeellede geskryf: "Net vlugtig 'n paar woordjies om u opreg te bedank vir al die moeite wat u gedoen het om ons Hons.-studente 'n bietjie beter vertroud te maak met die biblioteek. Ek wil u verseker dat ek - en al my kollegas - die diens wat u aan ons studente (en aan ons self) lewer besonder op prys stel. Soos ek u al eerder gesê het, het u koms na die Merensky vir ons 'n nuwe bedeling ingelui. Baie dankie in die besonder vir die vriendelike en entoesiastiese gehoor wat ek persoonlik ook altyd by u kry op al my versoeke en navrae." In 'n onlangse skrywe het 'n ander personeellid hom soos volg uitgelaat oor die werk wat u lewer: "Ek glo ek vertolk die mening van baie studente, asook lede van die personeel wanneer ek sê dat ons inderdaad trots is op die werk wat by die biblioteek gedoen word en in die besonder die gesindheid waarmee u en u biblioteekpersoneel hierdie noodsaaklike dienste lewer."

Ek vertrou dat u in die vyftien maande sedert die eerste verskyning van Biblikasie dus 'n ietsie ervaar het van die vreugde wat dit bring om as persoon en as werkkrag vir 'n ander "kosbaar" te wees. En dan moet ons altyd onthou: al is dit lekker om dit soms van 'n ander te hoor en al mag dit my by geleentheid aanspoor om nog groter hoogtes te bereik, is die bron van ware arbeidsgenot daardie stille oortuiging dat ek daarin slaag om myself te gee - dat ek en my werk mekaar gevind het en dat my diensvaardigheid gevoed word uit die vreugde wat dit

bring om ook in die stilte te kan dien. Wanneer ek en u dit in ons werk ervaar, kry Salomo se woorde ook werklik betekenis: "Die siel van die luiaard begeer, en daar is niks nie, maar die siel van die vlytiges word versadig" - of soos die Good News Bible dit stel: "No matter how much a lazy person may want something, he will never get it. A hard worker will get everything he wants."

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR - BIBLIOTEEKDIENS



Mnr Piet de Kock - alom bekend (en bemind!) in U.P. se Biblioteekdiens

# van die buiteposte

## die diskoteek werskaf

Vrydag 14 Oktober, was sommer 'n groot dag hier by die Toonkunsakademie gewees. Daar is van vroeg die middag partytjie gehou om prof Malan se sestigste verjaarsdag en die Vierdejaarstudente se afskeid te vier.

Ons hier by die Diskoteek is ook genooi om saam met hulle fees te vier terwyl mev Fourie van Merensky so gaaf was om hier te kom aflos.

Dit gaan egter nie elke dag so vrolik nie, want die eksamens is mos voor die deur en krisisse word daagliks beleef. Daar kom nog gereeld studente Diskoteek toe wat dringend op soek is na nog 'n nuwe werk om vir die eksamens te speel. Dan moet ons maar weer spring om te help soek en moed in te praat. Met die verskyning van die volgende Biblikasie sal dit darem seker al heelwat rustiger gaan.

# uit die afdelings

## ontsluiting

HERRANGSKIKKING IN DIE ALFABETIESE KATALOGUS

By 'n onlangse bespreking oor knelpunte in die alfabetiese katalogus, het die kwessie van onderstreping van departemente by lande en instansies ter sprake gekom. Volgens die beleid wat tot onlangs gevolg is, is departemente van lande onderstreep en die onderstreepte gedeelte van die hoofwoord is nie in aanmerking geneem by liassering nie. By reekse is dit egter 'n noodsaaklike onderskeidingselement en is wel by liassering in ag geneem. Dit het die volgende probleme geskep:

1. 'n Noodwendige skeiding tussen hoofkaarte en reekse met dieselfde hoofwoord, wat die gebruiker verwar het en liassering bemoeilik het.

2. Niksseggende titels het verlore geraak, bv.

   VERENIGDE STATE. Department of labor
   Report.

3. Die gebruiker het twee soekpunte gehad in plaas van een wat logies gekontinueer word.

4. Werke van verskillende departemente het versprei deur die katalogus gestaan en was moeilik opspoorbaar.

Deur departemente van lande weer in aanmerking te neem by alfabetiese liassering, word hierdie probleme opgelos. Na bv. verskillende hoofkaarte van 'n departement die reeks newe-inskrywing nl. by

VERENIGDE STATE. Department of Agriculture
volg logies.

VERENIGDE STATE. Department of Agriculture.
Agricultural information bulletin, no. ...

Dit kan dalk verhoed dat studente weer vra soos 'n vorige student: "As ek die boek nie op die logiese plek kry waar dit behoort te wees nie, waar kan ek dan soek?"

Hiermee verval die kunsmatige skeiding tussen titels en reekse, liassering word vergemaklik, niksseggende titels het 'n logiese konteks, een soekpunt word sinvol gekontinueer en die werke van departemente staan bymekaar.

Herrangskikking van alfabetiese kaartjies waar departemente in aanmerking geneem word, word tans deur die ontsluiters gedoen. Sommige lande

en instansies, bv. Groot-Brittanje, Verenigde-Ste, Verenigde-Volke en so meer is reeds voltooi, ander word nog gedoen. Hou die nuwe liassering dus in gedagte wanneer u vol moed die alfabetiese katalogus nader.

## sportuitstalling

In 1957 is daar aan die Universiteit van Pretoria 'n sportburo gestig, wat hom beywer vir die nodige sportfasiliteite aan UP, in die vorm van velde en afrigting. Die Buro beywer hom ook vir die koördinering van alle sportsoorte aan Tuks.

Aanvanklik het dit bestaan uit een skakelpersoon. Tien sportsoorte is aangebied en sowat 1 045 persone het deelgeneem uit die destydse totaal van 6 300 studente aan UP.

Vanjaar, in 1977, vier die Sportburo sy twintigjarige bestaan. Die eenmankantoor het intussen uitgebrei tot 'n personeel van 13. Nege-en-twintig sportsoorte word beoefen, en 'n totaal van 4 797 studente het vanjaar van hierdie fasiliteite gebruik gemaak. (UP-personeel is net so welkom.)

Ter herdenking van die twintigjarige bestaan van die Sportburo, is daar onder andere 'n uitstalling in Merensky-biblioteek gehou van sportboeke en tydskrifte wat dien as teoretiese agtergrond vir die verskeie sportsoorte wat beoefen word.




Mej Christelle Claassens by die sportuitstalling op die tweede verdieping

## liewer dood as uit die mode

Dit is met 'n gevoel van weemoed dat die personeel van die toonbank in die Merensky-biblioteek mev Susan Scheepers aan IBL afstaan. Die dames wat nou by die toonbank die seile voor die wind span is: Maretha (Kuhles), Magriet (Bruyns), Mariëtte (Bothma), Marietjie (Verster) en (M)ilse (Pellissier). "Noem my sommer Mossie", was Hendriek Bosman se kommentaar toe hy aan die dames voorgestel is! Ma-lida Dippenaar koester hoë verwagtings van haar kroos wat nou weer voltallig is.

## mens-mense

Dit het my onlangs weer opnuut opgeval hoe opmerksaam die biblioteek se gebruikers is. Niks ontgaan hulle aandag nie - al staar hulle 'n mens soms met versluierde akademiese oë aan. Van die plante tot die haarsnit word in oënskou geneem. Laat kap jou hare in 'n ander styl en hulle wil weet: "Was manlief toe tevrede?" Daar word kommentaar gelewer op jou juwele, jou reukwater en jou middelpaadjie.

Van die gebruiker se kant kom hulle spontaan na vore met insidente en gebeure uit hul eie lewe. Die nuwe baba waarvoor daar sô baie jare gewag is; 'n student se benoudheid wat sy eie pa in dié se tweede huwelik moet bevestig, en 'n kleinding wat skarlakenkoors het. Dit is maar net om enkeles te noem. Dan is daar natuurlik ook nog die teer saak van hartsake waaroor hul dikwels raad vra.

Dankie tog dat die gebruikers ons nog sien as mens-mense en nie net as 'n boekewêreld met boekmense nie.

## beplan & ontwikkel !

RUIMTES IN MERENSKY

Gedurende die afgelope twee maande het die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling aandag geskenk aan 'n ondersoek na die akkommodasie van gebruikers in die Merensky-biblioteek. Daar bestaan reeds 'n geruime tyd kommer oor die toereikendheid van die akkommodasie wat die nuwe Merensky-biblioteek aan sy gebruikers bied. Hierdie kommer is veral aangewakker deur subjektiewe waarnemings van hoë sitplekbesetting op sekere tye en dae van die week en maande van die jaar deur die hoë tellerlesings by die verklikkerstelsel se uitgange. Veral ook deur die duidelik waarneembare tendens van stygende biblioteekgebruik wat onder andere deur die Leenafdeling waargeneem word.

Die ondersoek behels twee vlakke, naamlik

- 'n kwantitatiewe opname van sitplekbesetting
- 'n kwalitatiewe opname van sitplekbenutting

1. Sitplekbesetting

   Die doel van hierdie opname is om vas te stel in welke mate die Merensky-biblioteek in die geheel of in bepaalde areas sy gebruikers gedurende spitstye in die toekoms sal kan akkommodeer.

   Die opnames is gedoen deur elke vlak in verskillende areas in te deel en dan op spesi-

fieke tye 10 keer per dag die aantal gebruikers te tel oor 'n periode van 10 dae. Daar is gepoog om areas wat baie druk beset word as knelpunte te identifiseer. 'n Besetting van 75-80% is as kriterium gestel, d.w.s. 'n gebruiker sal op hierdie stadium ontmoedig word om in so 'n area 'n sitplek te soek.

Die volgende interessante gegewens het aan die lig gekom:

- Die maksimum besetting van die biblioteek kom tussen 10h45 en 11h15 op weeksdae voor.
- Maandag is die bedrywigste dag. Die gemiddelde aantal gebruikers per opname was 149 op 'n Maandag teenoor 91 op 'n Vrydag. Die hoogste enkele getal gebruikers vir 'n opname was 414.
- Die grondvloer word die beste benut en die kelder die swakste.
- Daar was nege areas in die biblioteek (vyf op grondvloer) wat vir meer as die helfte van al die opnames om 10h45 75% oorskry het.

2. Sitplekbenutting

Die doel van hierdie opname is om vas te stel hoe die areas in die biblioteek deur verskillende gebruikers benut word ten einde toekomstige beplanning van die biblioteek se ruimtes op 'n rasionele grondslag te plaas.

Die opname is gedoen deur op gegewe tye vier maal per dag vraelyste aan die gebruikers wat sitplekke benut, uit te deel. Die volgende inligting is verlang: akademiese status van die gebruiker, waarmee hy besig was, en watter materiaal hy gebruik. Hierdie vraelyste is ontwerp sodat die verwerking van die gegewens m.b.v. die rekenaar gedoen kan word.

Die gegewens moet nog deur die rekenaar verwerk word. Die reaksie van die gebruikers was goed. Van die 1047 vraelyste wat uitgedeel is, is 943 terug ontvang waarvan 931 bruikbaar was.

Die bedrywighede van die Afdeling Beplanning in hierdie verband is egter nog lank nie afgehandel nie. Daar word beoog om gedurende die volgende jaar telkens sulke opnames te doen ten einde gegewens oor die langtermyn in te samel.

---

Music is a moral law. It gives a soul to the universe, wings to the mind, flight to the imagination, a charm to sadness, and life to everything.

Plato.

# SABV

SAMESPREKING OOR BIBLIOTEEKREKENARISERING

'n Twintigtal verteenwoordigers van biblioteek- en inligtingsdienste, departemente biblioteekkunde en rekenaarsentra in Pretoria, het op 20 Oktober 'n samespreking oor biblioteekrekenarisering in die Merensky-biblioteek bygewoon. Die samespreking het plaasgevind onder beskerming van die Noord-Transvaalse Tak van die S A Biblioteekvereniging.

Dr E N van Deventer, direkteur van die WNNR se Rekensentrum, het opgetree as inleier van 'n lewendige bespreking oor verskillende aspekte van die rekenarisering van biblioteekfunksies. Die volgende interessanthede het na vore gekom:

- Intydse invoer- en navraagstelsels is besig om of sal algemeen raak maar die implikasies daarvan vir rekenaarsentra moet besef word;
- Minirekenaarstelsels hou groot belofte in maar die programmering van sulke stelsels moet nie onderskat word nie;
- Die koste van rekenaarapparatuur in terme van die prestasievermoë, is besig om fenomenaal te daal;
- Die plaaslike ontwikkeling van werklik gesofistikeerde rekenaarprogramme vir biblioteekdoeleindes lyk nie prakties uitvoerbaar nie;
- Die gebruikmaking van klaar programme in pakketvorm lyk na die aangewese weg, maar dan moet sodanige stelsels reeds elders beproef wees.

Ns. Ons bedank graag almal wat meegewerk het om van hierdie samespreking 'n sukses te maak baie hartlik.



v.l.n.r. Mnr J Willemse - UNISA
Dr E N van Deventer - WNNR en
Dr R van Houten - WNNR

het die samespreking oor biblioteekrekenarisering bygewoon.

## 'n wêreldreisiger

Annatjie Momberg

Vrydag 12 Augustus en katastrofe tref! My eerste dag in Athene begin met 'n verrekte rugspier wat my 'n "aangename" verjaardag op 13 Augustus in die hospitaal laat deurbring. Die besoek aan die hospitaal was egter nie sonder 'n komiese sy nie. Vuil, stowwerig, 'n gebrek aan goeie Engels, en die snaakste die feit dat wat ek vir 'n hospitaaloorjassie aangesien het, toe een van die dokters se hemde blyk te wees. Nog groter was my verstomming toe ek buite kom om te sien dat die dokter wat so pas 'n pasiënt se ongelukbeserings verbind het, besig is om met dieselfde skêr en vuil oliebesmeerde hande aan sy motor te werk tot tyd en wyl die volgende pasiënt opdaag.

Ons tydjie in Griekeland was opwindend. Daar was 'n dagtoer met die boot na die pragtige eiland van Mykonos met sy wit huisies en bekende windmeule en Delos bekend vir sy argeologiese opgrawings. Daarna vyf heerlike dae op Kreta met sy pragtige straatkafees en talle klein winkeltjies met Griekse handwerk.

Op Maandag 22 Augustus land ons in Londen. Na 'n week van Silwer Jubileum besienswaardighede, val vyf van ons die naweek in die pad met 'n gehuurde BMW en 'n goeie kaart van Devon en Cornwall. Die weer is ons goedgesind en ons sien Koning Arthur se koninkryk in sonnige glorie.

Na nog 'n paar dae in Londen, val ons die keer weer in die pad - Wallis toe. Die valleie buite Cardiff - bekend as die Rhonda Vallei - is die tipiese agtergrond vir "How green was my valley" en het 'n blywende indruk gemaak. Die hoogtepunt van die naweek was egter die koorsang van die pragtige Treorchi Walliese Mannekoor.

En so bevind ons ons weer ingegordel op die Boeing 747 terug op pad huistoe. Die Britse staking besorg ons moeg en knorrig op Jan Smuts. Maar die herinneringe aan die vakansie bly en groei dieper met die tyd - 'n aansporing om weer te begin spaar vir die volgende toer.

VERJAARSDAE IN NOVEMBER

Hartlike gelukwense aan almal!

| | | |
|---|---|---|
| 5 | Mev Lorraine Erasmus | Beplanning |
| 10 | Mev Dina Smith | Ontsluiting |
| 10 | Mev Anita Visser | Ontsluiting |
| 14 | Mej Cora van der Merwe | 3de verdieping |
| 24 | Mej Alida Smuts | Sekretaresse |
| 29 | Mej Jeanette du Preez | Landbou |

PARALLEL LANGUAGE

'N BESOEK AAN DIE WILDTUIN

Na ek Vrydag oggend die pluimvee voorsien het, het oupa, my swaer en skoonsuster, ek en vroutjie vertrek vir 'n naweek in die wildtuin. Die senustrelende natuurskoon waardeur die pad kronkel, was onbeskryflik mooi.

Almal was op hulle stukke by ons aankoms by die eerste ruskamp - dadelik is met die voorbereiding van kos begin.

Daar was 'n vreeslike verskeidenheid van kosware; dit was spek, eiers, mieliegruis, wortels, graanvlokke, braai ribbetjie, boerewors, meelblom, en koeksoda vir vetkoek. Boerebrood, grondboontjies, springmielies en brandewyn en bier vir 'n skemerkelkie!

Na 'n glasie geklink is, en aandete genuttig is, het ons maar gou-gou die bed opgesoek.

Die volgende oggend het almal vroeg wakker geskrik en na 'n vroeë ontbyt, het ons vertrek. Elkeen se oë was stip op die veld gerig om die eerste tekens van wild te bespeur. Skielik bars 'n trop vlakvarke tussen die struike deur en harloop oor die pad, met 'n luiperd kort op hulle hakke. Kort-kort is 'n paar springbokke, duikers, steenbokke en kameelperde gewaar. By 'n watergat het ons twee seekoeie sien baljaar. Ons het ook vlakhase, springhase, blesbokke, 'n yslike luislang en 'n groot rinkhals gesien.

A VISIT TO THE WILD GARDEN


After I Friday morning the plume sweeps front saw, old father, my heavy and clean sister, me and little wife, pulled far for an after week in die wild garden. The nerve-stroking nature clean where through the road winded, was unbewriting lovely.

Allmad were on their pieces by ounce oncoming by the first restcamp - immediately is with the front preparing of food began.


There was a frightful assortment of foodware; it was fat, eggs, mealie-gravel, roots, grain flakes, frying rib, farm sausage, mealie flower and cake soda for fat cake. Farmer's bread, earth beans, jumping mealies and burning wine and beer for a twilight glass!

After a small glass was tinkled and evening-eating enjoyed, we but quickly-quickly looked up the bed.

The following morning, all-mad frightended awake early and after an early breakfast, we moved far. Everyone's eyes were a dot on the veld focussed to detect the first signs of game. Suddenly burst a troop of shallow pigs between the shrubbery through and hard walked over the road, with a lazy horse short upon their heels. Shortly-shortly a pair of jumping goats, divers, brick goats and camel horses were noticed. By a water hole we saw two young sea cows ball-year. We also saw shallow hares, bald goats, an ice like lazy snake and a big ring collar.




# probeer 'n keer!



DWARS:

1. Die plek waar ons almal werk.
7. Die inhoud van tydskrifte word hierin aangedui.
10. Balpuntpenne het dit vervang.
11. Bekende Amerikaanse nuustydskrif.
12. Die kern van die Beplanningsafdeling se belangstelling.
14. Een van die hooffigure in ons eerstejaarsoriënteringsskyfies.
17. 'n Weeklikse weergawe van wêreldgebeure word hierin aangeteken.
18. Lys van onderwerpshoofde.
19. Die hoogtepunt van Woensdagoggend.
20. Afkorting van 'n klassifikasiestelsel.
21. Die tyd wanneer vakbibliotekarisse verlof mag neem.
24. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
25. As studente net wil - kan ons hulle help.
26. 'n Lys van tydskrifte, hulle adresse en pryse.
28. " ... word in context."

AF:

2. Library and Information Science Abstracts.
3. Organisation for Economic Cooperation and Development.
4. Belangrike naslaanwerke by Teologie wat na 'n walsie klink.
5. Een van die redakteure van die "Encyclopedia of Library and Information Sciences."
6. Die Nasionale boekevoorraad is hulle werksterrein.
8. Europese Ekonomiese Gemeenskapsmark.
9. Die wie, wat en waar van tydskrifte.
12. Die Johannesburgse Openbare Biblioteek stel dit op.
13. Die voorlopers van beleidsformulerings.
15. Melvil wat die wetenskap georden het.
16. 'n Griekse woordelys.
22. 'n Belangrike naslaanwerk vir Geesteswetenskappe.
23. Ons pornografiese pronkstukke.
24. Skommel Noag se huis en sit boeke daarop.
27. Regeringsverslag.

# Welkom....totsiens

Dit is nie sonder rede dat die hooftoonbank van die Merensky-biblioteek die besprekingspunt is van almal wat daar aandoen nie. Die rede vir die opgewondenheid is niemand anders as die twee nuwe dames wat in die afgelope maand hul opwagting daar gemaak het nie.

Mev Marietjie Verster het met haar B.A. en H.O.D. en al die onderwys vaarwel toegeroep maar nie voordat sy eers 'n draai by die hoërskole Wonderboom en Voortrekkerhoogte gemaak het nie. Welkom by ons Marietjie, ons is bly om jou by ons te hê!

As jooldebutante vir 1978 voer mej Mariëtte Bothma groot planne in die mou. Ons doen sommer nou al 'n beroep op almal in die Biblioteekdiens om bankvas agter haar te staan in haar geldinsamelpogings. Met Spraakwetenskap en Sielkunde as haar hoofvakke is Mariëtte al kliphard aan die studeer vir die eksamen. So tussen die naaldwerk deur is sy ook 'n ywerige fotograaf. Wees verseker daarvan dat jy vir ons by die toonbank 'n aanwins is!

Mnr Robert Evert Pols of sommer Robbie is die persoon wat vir mev G Wilkes in die kelder bystaan. Alhoewel sy aanvang by die Merensky-biblioteek nie so voorspoedig verloop het nie wens ons hom 'n spoedige herstel toe, met die hoop dat hy gou weer op die been sal wees. Robbie is 'n student in die Regsgeleerdheid en ons wil ook vir hom alle sukses met sy studies toewens.

Mev Hannetjie Marnewick was vir 1½ jaar die vakreferente vir die vakke Plantkunde, Dierkunde Chemie en Biochemie. Dat die ontbering van haar bekwame leiding aan studente en dosente 'n gevoelige slag vir die Biblioteekdiens gaan wees, is nie te betwyfel nie. Ons beste wense vergesel jou Hannetjie en mag die eersteling in die gesin julle groot vreugde verskaf.

Mej Lynette de Kock verlaat ons om haar in Piet Retief te gaan vestig. Met haar huwelik met Maritz in Februarie het sy genoeg tyd om haar eers goed in te grawe en nes te skop. Ons allermooiste wense gaan aan julle albei vir 'n baie gelukkige huwelik en verblyf in die platteland.

# tussen ons gesê ...

Baie geluk aan Johan en Alda Engelbrecht met die geboorte van hulle seun op 2 Oktober. Dat die aspirant W.P.-springbokskrumskakel Deon Engelbrecht nou in Noord-Transvaal sy rugby moet kom leer!

Almal het seker al die nuwe toevoeging tot die Aanskafafdeling opgemerk. Ons wil vir mev. Mariê Rautenbach baie welkom sê en ons hoop dat sy lekker in ons span sal saam trek. Mev. Rautenbach is lankal reeds ingeburger in die Merensky, maar het op 19 September 1977 hier by ons aangesluit.

Die Aanskafafdeling wil u almal net graag gerusstel - die geblaf hier by ons is beslis nie afkomstig van 'n troeteldier wat ons wederegtelik hier aanhou nie. Kom gerus maar nader - dit is net mej Annatjie Momberg en mev Rita Botes wat nog herstel van die GROOT-GRIEP.

Die geraas in die Bindery het meer as die helfte van die personeel verlof laat neem. Wat as 'n heen-en-weer vliegtuig ritjie beplan was, het mnr Luüs twee dae op Pietersburg laat deurbring. As gevolg van swak weer kon die vliegtuig nie vir die terugvlug opstyg nie.

Umtentwini, Otterroete, Sederberge en Kaapstad. Dis maar net 'n paar plekname op die vakansiespyskaart vir Desember en Januarie.

Mej Annie Pienaar en trawante het al gedurende Januarie vanjaar vakansieplanne begin smee. Gedurende Desember gaan hulle 'n rukkie deurbring by Umtentwini. Januarie lê die eintlike hef aan voor want dié dapper stappers gaan die Otterroete tussen Stormsriviermond en Knysna aandurf. Dis baie interessant om die voorbereiding vir so 'n staptoer gade te slaan. Dis slaapsakke, stewels wat weke voor die tyd saans en gedurende naweke gedra word, opvoubare stofies, "lavemente" (dis nou iets in die lyn van 'n mengsel van Van der Humlikeur en brandewyn waarmee die stappers 'n voetseer dag afsluit), souttablette, sjokolade en gedehidreerde groente. Ten slotte 'n wenk aan die stappers: smeer maar die wit stadsvoetjies elke aand goed met brandspiritus. Dit is goeie voorkomende behandeling teen "blaarpootjies".

Mev Marie Botha gaan net 'n paar dae van haar verlof gebruik om Port Edward se kus te geniet. Die res gaan sy benut om gordyne te maak vir hulle nuwe huis in Krugersdorp. Wat 'n lekker vooruitsig is so 'n nuwe "nes" nie!

Ons hoop dat julle nog baie jare die nuwe woonplek sal geniet.

Die Von Ehrenbergs se koppe staan ook in 'n Kaapse rigting gedurende Desember. Dit sal 'n iets-van-alles vakansie wees. Die laaste paar dae gaan hulle stap in die Sederberge.

Mev Cora Moolman se vakansieplanne sal ook wissel tussen seesand tussen die tone (gaan haar ouers besoek in Durban) en gordyne maak vir die nuwe huis.

Tekoop: 1. Wit Adidas dames ysskaatse, nommer 7, Lembeskermers ingesluit.

2. Polaroid Colorpack 80, Land Camera.

Albei artikels in baie goeie toestand, skakel mej. Dalena van der Merwe, Uitbr. 242 of na-ure 44-2743.

Aan almal wat tans eksamen skryf wil ons graag sê "stywe lyne". Ons hoop dit gaan goed.


REDAKSIE:

| | |
|---|---|
| *Redaktrise:* | *Mej I M Pellissier* |
| *Sub-redaktrise:* | *Mev M L Kuhles* |
| *Sub-redaktrise:* | *Mev B von Ehrenberg* |
| *Tikster:* | *Mev M-L Erasmus* |
| *Medewerkers:* | |
| *Bestelafdeling* | - *Mev E W du Plessis* |
| *Bindery* | - *Mnr C F Buys* |
| *Leendienste* | - *Mev M Verster* |
| *Ontsluiting* | - *Mev H Fourie* |
| *Sosiale Komitee* | - *Mev M L Kuhles* |
| *Tiksters* | - *Mev I Venter* |
| *Tydskrifafdeling* | - *Mev B C Gunther* |
| *Vakbibliotekarisse en -assistente* | - *Mej C Claassens* |
| *Onderstepoort* | - *Mej R Erasmus* |
| *B M W* | - *Mej E Klopper* |
| *Medies* | - *Mev A vd Watt* |
| *Landbou* | - *Mej J du Preez* |
| *MacFadyen-biblioteek* | - *Mnr V E Hulme* |
| *Diskoteek* | - *Mev C Coertze* |
| *Fisiese Versorgers* | - *Mnr W S H Porter* |
| | *Mej W Shipman* |

# FOTOBLAD





Mev Marietjie Verster en Mej Mariëtte Bothma
Leendienste

## totsiens



Mej Lynette de Kock
2de verdieping



Mev Hannetjie Marnewick
Vakreferente
3de verdieping


## welkom !



Mnr Robbie Pols
Kelder

Die Hoërskool Bergsig, Rustenburg se biblioteekkomitee besoek die Merensky-biblioteek






U.P. – Biblioteekdiens · nuusblad · Nov./Des. 1977

# ONS DANKBAARHEID....

Dit is gebruiklik om teen die einde van die jaar 'n publikasie soos hierdie te benut om dank en waardering te betuig teenoor almal wat op die een of ander wyse 'n bydrae gelewer het tot die sukses van die organisasie waaraan hulle verbonde is. Om op hierdie wyse dank te probeer oordra, is egter 'n risiko aan verbonde. Eerstens, mag jy aan die einde van 'n bepaalde jaar verleë voel omdat daar in daardie jaar nie juis noemenswaardige suksesse behaal is om al die lof en dank te regverdig nie. Tweedens, moet jy aanvaar dat jy waardering betuig teenoor persone wat dit nie toekom nie. Vir diegene wat dit werklik verdien, word so 'n bedankingswoord dus hol en betekenisloos.

Tog kom 'n gevoel van diepe dankbaarheid aan die einde van elke jaar sterk na vore en wil jy dit graag êrens teenoor iemand onder woorde bring. Waaraan sou hierdie gevoel van dankbaarheid dan toe te skryf wees en aan wie behoort jy in die eerste plek jou waardering te betuig?

Vir my is die antwoord voor die hand liggend. Dankbaarheid spruit voort uit geluk en ek stem saam met Thomas Carlyle wat by geleentheid met soveel oortuiging beklemtoon het dat ons geluk gebore word uit die werk wat ons doen. Hy het dit by geleentheid ook soos volg uitgedruk: "Blessed is he who has found his work; let him ask no other blessedness".

In daardie gees groet ons ook mej Pellissier, wat met hierdie aflewering die tuig as redaktrise van BIBLIKASIE neerlê. Ek vertrou dat haar arbeid aan ons blad vir sovel haarself as haar kollegas groot vreugde verskaf het. Mag almal van u wat ons diens aan die einde van die jaar verlaat in hulle nuwe werkkring die vreugde ervaar wat arbeid kan bring.

Die wese van ons dankbaarheid lê dus daarin dat ons dankie wil sê vir die voorreg om in 1977 weer eens dag na dag saam te kon arbei. Ons dankbaarheid vir die vreugde wat ek en u langs daardie weg kon ervaar, kan ons egter aan geen mens toebring nie. Dit bring ons onvermydelik by dieselfde Persoon wie se geboortedag ons op 25 Desember gedenk.

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR - BIBLIOTEEKDIENS

Die jaar snel ten einde en dit is amper Kersfees. Watter heerlike stemmingsvolle tyd van die jaar is dit nie! Vakansieopgewondenheid gemeng met die salige wete dat jy álles gaan doen waarvoor daar gedurende die jaar nooit tyd was nie, dwing al om jou gedagtes by die venster uit te voer en ná wye draaie weer op die tafel voor jou te laat neerplons. Dit is dan ook die tyd vir voorraadopname neem van die jaar wat verby is. Ek het my hand aan die onderwysploeg geslaan maar gun my die geleentheid om vir 'n wyle terug te kyk.

Om te bedank vir alles wat jy ontvang het, klink maar te dikwels holruggery want kan 'n mens werklik met dieselfde intensiteit dankie sê as waarmee jy ervaar het? My ondervinding van die biblioteekwese vanuit die ánderkant van die toonbank was as sulks 'n lewensles. Om vriendelik te wees onder moeilike omstandighede, uit te hou - al staan die insorterings hemelhoog - en taktvol te wees wetende dat jy hiérdie keer darem reg is, is maar 'n paar van die belewenisse van die leenafdeling.

Om in die kleredragkomitee te kon dien, was ook 'n openbaring. Nooit het ek besef dat ons vroulike geslag soveel voorkeure en so 'n ryke verskydenheid figure het nie - en almal moes tevrede gestel word! Ek weet darem nou wat 'n faktuur is (of is dit vakature?!) en 'n maandstaat laat my darem nie meer bleek van die groot skrik word nie!

As redaktrise van BIBLIKASIE het die nuusblad my in noue kontak met die doen en late van almal in die biblioteekdiens gebring. Dit was 'n heerlike ervaring om almal so gewillig te sien saamwerk. Mev Babs von Ehrenberg en mnr Peet van der Merwe het die taalversorging behartig en mev Maretha Kuhles was maar te gewillig om in te spring as daar op haar nommer gedruk word. Ek wil graag ook elkeen van die medewerkers bedank vir hulle groot bydrae om BIBLIKASIE vol nuus te hou, getik en betyds versorg te kry. My hartlike dank gaan aan almal wat op een of ander tydstip 'n nuusbrokkie deurgestuur het en veral aan mnre Piet de Kock en Peter Lor vir hulle kunstige sketse.

Ek wens die nuwe redaksie van BIBLIKASIE dieselfde vriendelike en welwillende ondersteuning toe as wat ek ervaar het.
Met vriendelike groete,

Mej Ilse Pellissier
REDAKTRISE

# van die buiteposte

## landbounuus

Hier by die Landboubiblioteek is ons personeel weer tweeman sterk om die wa saam die laaste entjie deur die drif te trek.

Mev Alet Fisher en haar gade het vir 'n blaaskans van twee weke weggebreek na Ramsgate. Met Santjie, Koelie en Grace in die "canopy" van die Datsun was die rit en die vakansie 'n familiefees.

Hierdie tyd van die jaar met die einde van die eksamens in sig, loop die biblioteek leeg en 'n mens kyk met aangename herinneringe terug.

Gedurende 1977 het die biblioteekpersoneel op sosiale sowel as akademiese terrein hulle bande met die personeel en studente verstewig. Ons was verteenwoordig by die kaas- en wyn onthaal wat die studente aangebied het, die landboupersoneelfunksie sowel as by die SAMSO-Studente-Mieliedag op die proefplaas. Met die landbouers hier in ons midde het ons gereeld kennis gemaak met nuwe aankomelinge by die perde, varke en beeste op die proefplaas. Uitnodigings van die departement Tuinboukunde om besoek te kom aflê is nooit van die hand gewys nie. Gedurende die vrugteseisoen is daar altyd nuwe kultivars om te proe. In die suiwellaboratorium het ons 'n demonstrasie bygewoon in die bereiding van kaas.

Op die akademiese terrein het mej Jeanetta du Preez haar vakkennis uitgebrei deur die bywoning van seminare by die verskillende departemente, 'n filmvertoning by die departement Entomologie en die bywoning van professorale intreeredes van nuut verkose departementshoofde by landbou.

Ons wil as landboubiblioteekpersoneel ons dank uitspreek vir die goeie samewerking wat ons gedurende die afgelope jaar gekry het van die verskillende afdelings by die Merensky- asook by ons mede takbiblioteke. 'n Spesiale woord van dank aan die aflospersoneel: mevv Manda Lang, Dalena Stols en mej Manda Mörsner.


Gedurende die afgelope jaar was daar 'n private spoedposdiens tussen die Fakulteit van Veeartsenykunde se biblioteek (via mej Rita Erasmus) en die Landboubiblioteek (via mej Jeanetta du Preez). Waar mej Rita Erasmus nou verhuis na Pietermaritzburg wil ons haar bedank "vir dienste gelewer" en ons mooiste wense vergesel haar.

---

Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê:
"Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie hy 'n welbehae het!"

Luk. 2: 13,14

## onderstepoort



Dis 'n baie opwindende tyd van die jaar vir ons finalejaar studente wat op die 18de November al graad "gevang" het. So nou en dan sien 'n mens 'n baie belangrike NUWE DOKTER hier rondloop. 'n Mens kan nie dink dat dieselfde (partymaal lawwe), studente, nou dokters is nie! Die tyd vlieg.

Hier by Onderstepoort het groot dinge gebeur sedert die begin van November. Rita Erasmus het besluit om na al die jare Pretoria se stof van haar voete af te skud, en die vleispotte van Pietermaritzburg op te soek. Sy het 'n pos aanvaar by die Natalse Provinsiale Biblioteekdiens en begin die 3de Januarie daar. Ons hoop dat sy haar nuwe lewe sal geniet en net so baie vriende (en katte) sal hê as hier in Pretoria. Rita het die laaste twee weke in November verlof geneem om verblyf te gaan soek.

Gelukkig kry ons iemand in Rita se plek wat glad nie 'n vreemdeling op Onderstepoort is nie. Mev Hantie Nel het in 1975 saam met Rita hier begin. In 1976 het sy "gou" haar Hoër Diploma in Biblioteekkunde gekry, en hierdie jaar werk sy by UNISA. Sy is vuur en vlam om weer by haar ou werksplek te begin. Ons sien uit daarna om haar hier te hê.

Francina de Villiers neem nie weer verlof hierdie jaar nie. Sy sê sy spaar haar verlof om volgende jaar goed te gaan kyk hoe lyk dit in die Oos-Transvaal. Sy sal darem die paar dae tussen Kersfees en Nuwe Jaar lekker "rus" by die huis.

# uitslag van blokkies-raaisel

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 B | I | B | 2 L | I | 3 O | T | E | E | 4 K |
| 5 K | | | 6 I | | | | I | | E | | | | O |
| E | | 7 I | N | D | 8 E | K | S | | C | | 9 T | | N |
| N | | | T | | E | | A | | D | | 10 I | N | K |
| 11 T | I | M | E | | G | | | | | | S | | O |
| | | | R | | | 12 R | E | 13 K | E | N | A | A | R |
| 14 I | 15 D | I | | 16 L | | E | | O | | | B | | D |
| | E | | | E | | P | | M | | | | | A |
| | W | | | 17 K | E | E | S | I | N | G | S | | N |
| 18 S | E | A | R | S | | R | | T | | | | | S |
| | Y | | | I | | 19 T | E | E | T | Y | D | | I |
| | | 20 U | D | K | | O | | E | | | | | E |
| | | | | O | | 21 R | E | S | E | 22 S | | 23 R | |
| | | 24 R | G | N | | I | | | | S | | E | |
| 25 V | R | A | | | | 26 U | L | 27 R | I | C | H | S | |
| | | 28 K | E | Y | | M | | P | | I | | | |

DWARS:

1. Die plek waar ons almal werk.
7. Die inhoud van tydskrifte word hierin aangedui.
10. Balpuntpenne het dit vervang.
11. Bekende Amerikaanse nuustydskrif.
12. Die kern van die Beplanningsafdeling se belangstelling.
14. Een van die hooffigure in ons eerstejaarsoriënteringsskyfies.
17. 'n Weeklikse weergawe van wêreldgebeure word hierin aangeteken.
18. Lys van onderwerpshoofde.
19. Die hoogtepunt van Woensdagoggend.
20. Afkorting van 'n klassifikasiestelsel.
21. Die tyd wanneer vakbibliotekarisse verlof mag neem.
24. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
25. As studente net wil - kan ons hulle help.
26. 'n Lys van tydskrifte, hulle adresse en pryse.
28. " ... word in context."

AF:

2. Library and Information Science Abstracts.
3. Organisation for Economic Cooperation and Development.
4. Belangrike naslaanwerke by Teologie wat na 'n walsie klink.
5. Een van die redakteure van die "Encyclopedia of Library and Information Sciences."
6. Die Nasionale boekevoorraad is hulle werksterrein.
8. Europese Ekonomiese Gemeenskapsmark.
9. Die wie, wat en waar van tydskrifte.
12. Die Johannesburgse Openbare Biblioteek stel dit op.
13. Die voorlopers van beleidsformulerings.
15. Melvil wat die wetenskap georden het.
16. 'n Griekse woordelys.
22. 'n Belangrike naslaanwerk vir Geesteswetenskappe.
23. Ons pornografiese pronkstukke.
24. Skommel Noag se huis en sit boeke daarop.
27. Regeringsverslag.

# jaarlikse afsluiting


Op Vrydag, 25 November, het die personeel van Merensky-biblioteek weer hulle feesgewaad aangetrek, toe hulle die oggend om 10vm. die afsluitingsfunksie van die jaar in die vorm van 'n teeparty aangebied het.

Vir dié geleentheid is, benewens al die takbiblioteke, ook die lede van die biblioteekkomitee genooi, asook die rektor, die vise-rektor en lede van administrasie wat die biblioteekpersoneel se sake behartig.

Almal het in 'n feestelike stemming verkeer - veral met die vooruitsig op 'n blaaskansie binnekort.

Nadat prof Gerrtys almal bedank het vir 'n jaar se goeie samewerking, is hy op sy beurt namens almal teenwoordig, geluk gewens deur mnr Duminy vir sy benoeming as ere-lid, van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging by hulle onlangse Raadsvergadering.

Vir die Sosiale Komitee wat verantwoordelik was vir die reëlings van die funksie, wil ons graag dankie sê vir 'n baie aangename samesyn.



DIE TRANSVALER, VRYDAG 25 NOVEMBER 1977

# TV laat nie minder lees nie

**ONDANKS die feit dat TV 'n groot deel van mense se aandag in die aande in beslag neem, en veral bioskope, daaronder gely het, lees mense nog net soveel boeke soos voorheen.**

Statistiek wat deur die Johannesburgse Munisipale Biblioteekdiens gehou word, het getoon dat in die eerste jaar dat TV in gestel was, daar 'n afname van slegs 2,76 p.s. was in die getal boeke wat uitgeleen is.

Sedertdien het die uitleensyfer egter weer met sowat een persent gestyg.

Volgens 'n woordvoerder van die biblioteekdiens het TV wel 'n uitwerking gehad op die vraag na sekere boeke. Dit was veral duidelik dat daar na sekere programme 'n groter vraag na boeke oor die onderwerp was.

Op dié wyse het daar geweldige belangstelling vir die werk van Hennie Aucamp ontstaan nadat sy Bruidsbed Vir Tant Nonnie op TV uitgesaai is.

How Green was my Valley, Rich Man Poor Man en The Saint was ook baie gewild en in sekere gevalle moes die diens van hierdie boeke bykoop om in die vraag te kan voldoen.

Daar was ook groter belangstelling in werke van sir Kenneth Clark, veral sy Civilisation, en Cook se America.

Dokumentêre programme help ook en die belangstelling in die werke van Jean Costeau was glo baie groot.

'n Ander kenmerk van die invloed van TV op die biblioteekgewoontes van mense was dat mense nie meer so baie in die aande na die biblioteek kom nie. Hulle kom nou meeste deur die dag. Om dié rede is besluit om die biblioteke Vrydagaande te sluit en Woensdagmiddae oop te hou.

Omdat TV as groot stimulant vir mense se leesgewoontes optree, probeer die biblioteke ook om hul uitstallings te skoei op programme wat aangebied is of aangebied gaan word.

Die woordvoerder het gesê dat TV en boeke mekaar goed aanvul en dat TV mense eerder aanmoedig om meer te lees as minder.

Oorsee was daar ook aanvanklik 'n afname in boeke wat uitgeleen is, maar dit het kort daarna weer begin toeneem. Die verwagting is dat dit hier ook sal gebeur en alles dui daarop dat dit wel besig is om te gebeur.

---

'Is Meneer X heus hóófd van de muziekbibliotheek? Ik dacht dat het een artiest was, die hier een kamer had ...!

## lus vir lees?

968"1879"

CLAMMER, David
The Last Zulu warrior

Die verpletterende neerlaag van die Britse magte by Isandhlwana, die dramatiese verdediging van Rorkesdrift en die tragiese dood van die jong imperiale prins vertel van 'n uitgerekte stryd om heerskappy tussen die magte van Engeland en die oorweldigende meerderheid wreedaardige Impi's van Cetshwayo. Dit is die verhaal van die laaste Zoeloe-oorlog van 1879 wat deur David Clammer aan die leser voorgehou word. Die onverskillige dapperheid en die wreedheid van die gevegte word verder toegelig deur pragtige illustrasies en sketse waarvan die mees uitstaande dié van Lady Butler van die verdediging van Rorkesdrift is.

225.1 Wartick, W
New Testament evidences.
College press, 1975.

"These are written that you might believe ... give a reason of the hope that is in you." Die wese van die Christelike godsdiens het vele fasette, maar spreek duidelik tot die rasionele in elke mens. Geloof in Christus was sekerlik nooit bedoel om op subjektiewe bewyse gebasseer te wees nie, maar eerder op objektiewe bewyse, bewyse wat die mens in staat stel om te glo aan die waarheid van die Bybel.

In hierdie boek vind mens dus sodanige objektiewe bewyse van die waarheid en egtheid van die Nuwe Testamentiese boeke, en word waardevolle antwoorde op talle vrae verskaf, veral in hierdie tyd waarin twyfel so 'n groot rol speel.





"As hy dan alles het, hoekom koop jy nie vir jouself iets nie?"

Die grootste publikasie ter wêreld is die British Parliamentary Papers (1800-1900). Die stel bestaan uit 1 200 volumes en is tussen 1967 en 1971 deur die Irish University Press gedruk. 'n Volledige stel kos £27 000 en weeg 3½ ton. Teen 'n tempo van 20 uur per dag sal dit ses jaar neem om gelees te word. Die produksie daarvan het die dood tot gevolg gehad van 34 000 Indiese bokke en goudstawe ter waarde van £15 000. Verdere volumes word beplan en die totale opgaaf is 500 stelle.

Guiness Book of Records.

# hekelpuntjies



Studente in die Regsgeleerdheid het 'n opdrag ontvang om 'n studie te maak aangaande "Die privaatregtelike status van die kranksinnige".

Op 'n dag daag 'n student by die afdeling vir Regsgeleerdheid op en vra toe:

"Ekskuus meneer, kan ek asseblief die kranksinnige taak kry?"

---

Oorerflikheid is iets waaraan ons glo, as ons slim kinders het.

---

# tonnel of toubrug?

'n Dringende noodoproep het die BIBLIKASIE-kantoor bereik vir die moontlike instelling van 'n kliplegging. Personeel van die Merensky-biblioteek sou dan versoek word om elkeen 'n paar klippe saam te bring vir die seremonie. Die doel van die kliplegging in die gebied tussen die Boukunde-parkeerterrein en die Merensky-biblioteek sou dan die bestryding van slaggate en modderpoele, wat tydens die reënseisoen ontstaan, wees.

Die geploeter deur die waterplasse mors nie alleenlik die personeel se skoene vuil nie, maar besmeer na bewering ook die hele laer grondverdieping van die biblioteek.

Die redaksie van BIBLIKASIE het 'n indringende ondersoek na die aangeleentheid gelas en het na ure van beraadslaging met die betrokke owerhede tot interessante insig gekom. (Alternatiewe parkeerplek aan die oostekant van Roperstraat is tot die beskikking van biblioteekpersoneel gestel - maar dit daar gelaat!) Die ondersoekkomitee het tot die besluit geraak, dat gesien in die lig van die huidige bouwerk wat op die betrokke terrein aangaan, die hele aangeleentheid in heroorweging geneem moes word. Die belange van die "oudstryders" wat in wind en weer van die parkeerplek onder bespreking, gebruik maak, moet ten alle koste beskerm word. Die voorstel, dat 'n toubrug bó-óór die bouwerk vanaf die parkeerterrein na die Merensky-biblioteek gespan word, is na laat nagte van samesprekinge van die hand gewys. 'n Voorstel dat 'n tonnel (iets soortgelyks aan dié van "The Great Escape") onder die gebied deurgegrawe word, is met groter entoesiasme ontvang maar dit sou blyk dat die huidige tekort aan dennehout vir stutpale, die spoedige grawe van die tonnel in die wiele sou ry.

Die komitee het weer eens koppe bymekaar gesit en daar is toe ten einde laaste besluit om die moedige parkeerders by die begin van hul tog deur die uitgrawings, klipstapels, ingeplante pale en dergelike ongerymdhede, van valhelms en waterstewels te voorsien, wat by die ingang tot die Merensky-biblioteek gelaat moet word. (Sien asseblief "Reglement insake beweging tussen parkeerterrein en Merensky-biblioteek", nommer 4 van 1977). Om te verseker dat alle personeel sonder teenspoed hul bestemming bereik sal 'n padkaart kosteloos aan almal uitgedeel word.

---

Het julle gehoor wat die katalogus deesdae genoem word? 'n Student het vir mev Dricky Heystek gevra om haar gou te help by die katoganomus.

---

'n Wesvlaamse spreuk lui: 'n mens is van nul tot twintig 'n aap; van twintig tot dertig 'n leeu; van dertig tot veertig 'n perd; van veertig tot vyftig 'n vos, en wanneer hy sestig word, stel hy vas dat hy sy hele lewe lank 'n esel was.

---

# uit die afdelings

## ibl

Die jaar het swak begin maar eindig goed. Die personeel van Interbiblioteeklenings is van vier tot vyf-en-'n-half opgeskuif en die verandering kon 'n mens dadelik opmerk. Nie net in die verbeterde dienslewering nie maar ook in die afname in gebruik van senuweeversterkers, was 'n verskil op te merk. Met die wa deur die drif, wil ons vir mevv Sannie Hattingh en Susan Scheepers 'n groot dankie sê vir hulle groot bydrae.

Die verlies aan mev Gerda de Bruin was vir hierdie afdeling 'n gevoelige slag want sy het diep in almal se harte gekruip. Na regte het sy nog nie die afdeling verlaat nie, want wanneer daar 'n geselligheid gehou word, is Gerda 'n beslisde genooide. Gerda se stoel was egter nog nie koud nie of Susan Scheepers het vanaf die toonbank oorgeloop na IBL. Susan, jy het dit miskien nie geweet nie maar jy staan hier bekend as die rooikop-mirakel!

Die veelsydige Skippie (ter wille van alle nuwelinge, dis is nou mej Wilma Shipman) en mej Susna Hurn is albei onmisbare dele van die IBL-wa. Daar is nie 'n gaatjie, rond of vierkantig, waarin hulle nie pas nie! Met 'n (tou?)-leier soos mev Denise Wheeler kán sake nie anders as goed te verloop nie. Die nuwejaar behoort geen probleme in te hou nie want dit is 'n nuwe vaartbelynde IBL waarmee vriend en vyand nou te doen kry.




The highest price a man can pay for a thing is to ask for it.

W.G. Benham.

# voorgraads

Die statistiek dui aan dat die Voorgraadse Studieversameling van die Merensky-biblioteek 'n baie bedrywige jaar beleef het. Gedurende 1977 was die hoogtepunt van 7 050 uitreikings in Augustusmaand in vergelyking met Maartmaand 1976 se 6 097.

Die driemanskap, mej Ansie Nolte, mev Annette Booysen en mnr Hendrik Bosman het lekker saamgewerk maar Hendrik gaan die afdeling nou verlaat. Ons wil Hendrik 'n aangename vakansie toewens asook 'n baie voorspoedige jaar ten opsigte van sy doktorale studies en dienspligopleiding. Die vakante pos is waarskynlik reeds gevul en ons wil die hoop uitspreek dat 1978 net so 'n goeie jaar sal wees.

Moet u nie laat mislei deur die stilte wat tans ten opsigte van gebruikers beleef word nie. Die tyd word baie nuttig gebruik om die versameling in gereedheid te bring vir 1978.

## 'n Tipiese Dag in Ontsluiting

"Dag jong - waar's al die mense?" groet ek vir Rieta toe ek half-nege die Afdeling binne draf - want ek werk vanaand.

"Gewone take", antwoord sy, "ek is juis besig om hierdie klomp Sadtlers Chemie-naslaan te maak - en daar's 200 van hulle!"

"Waar is Dina - sy moet my tydstaat kom teken" vra ek al soekende.

"Nee jong, sy tel geskenke. Daar het 'n klomp gekom, en die statistiek lol dié maand".

"En Breggie?"

"Dááár draf sy, maar jy sal moet hardloop om haar in te haal. Sy soek verlore kataloguskaarte".

"En Rinie?"

"Sy het 'n ekstra kontroleblok in die katalogus gekry, en is daarmee besig. Nou nie juis 'n benydenswaardige taak vir 'n Maandagmôre nie, maar dan is dit gelukkig vir 'n hele ruk weer verby. Terloops, ek het jou kaartjies ingesit, nou moet jy my blok kontroleer, anders was daar te veel oponthoud vanmôre".

"Dit lyk of Anita al 'n maand verlof het, so baie boeke lê en wag hier op haar tafel."

"Nee man, ek is net met 'n Regsgeleerdheidherkatprojek (!) besig, en hierdie is maar die begin. Jy moet na die klomp op die rak gaan kyk", kom 'n stem tussen die stapels boeke deur. "Wil iemand nie maar Regte by my oorneem nie?

Net die herkatte sal ook al baie help!"

"Moet jy en Anette nie sorg vir Woensdag se koek nie?"

"Nee, dis eers volgende week. Anette het verlof, en hulle is see toe. Lê seker nou lekker op die strand en braai".

"Jo, waarvoor kollekteer jy nou weer? Jy weet die maand is nog lank en die uitgawes baie!"

"Dis net die teegeld, en ek moet dit môre by Annie inbetaal. Ek moet vir Elise ook nog gaan vra, maar sy sit nog kaartjies in, ek sal hare maar later kry".

Manda Lang se tafel is enige oudiovisuele versamelaar se droom, waar sy spook om die 160 eenhede skyfies, kassette en mikrofilms georden te kry. "Die goed maak my moeg. Dit gaan so stadig, ek kry net so 25 op 'n dag afgehandel", is haar kommentaar.

"Hier's telefoon vir Leonie. Veeartseny se mense soek haar oor standkatveranderinge. Waar is sy?"

"Sy los af by Regte. Gee maar die uitbreiding vir die mense. Hierdie telefoon kan net op mooiweersdae deurskakel".

Ina stoom verby, boeke op die arm, kaartjies in die hand en 'n frons op haar voorkop.

"En nou, wat druk so swaar?"

"'n Klomp herkatte. Ek het besluit dat ek dit vandag nog moet afhandel, maar hulle het my op 'n oomblik op 'n wêreldreis tussen die Pole en Australië".

"Hoe so?"

"Die wat nie sneeubal nie, boemerang. Afhandel? Seker 'n woord wat net in Utopiase Ontsluiting gebruik sal word!"

'n Blik op Manda Mörsner se tafel verraai dat sy 'n nuwe besending Dierkundeboeke ontvang het, en besig is met die ontsluiting daarvan. "Dis lekkerder as Spraakheelkunde en makliker as Frans" verduidelik sy.

"Is Dalena met verlof? Kyk hoe netjies is haar tafel!"

"Nee, sy is met haar stofjas- en masker en handskoene by die katalogus besig om 'n klomp RP-geskenke vir Africana te kontroleer. Soek maar net die een met die buitengewone klere aan - dit sal sy wees".

Amke sit by haar tafel, en al wat uitsteek is haar kroontjie, konsentrasie en 'n katalogus laai.


"Ek is mos so geseën om die VSA in my kontroleblok te hê, en hy is deurmekaarder as Carter se buitelandse beleid. Om orde in die chaos te skep laat my somtyds terugverlang na die BM-Projek se dae!"

"Môre aan almal vir wie ek nog nie môre gesê het nie", kom dit van die glaskas se kant af.

Mej Coertze roep die drie kontroleerders om met nog 'n fase van die klapperkaartprojek te kom help, en pak dan die volgende laai kaarte met hernieude ywer aan. Dis 's projek wat elke dag nuwe moed verg, want ou moed kan dalk omsit in moedeloosheid, en wat dan ...

Om dié produk aan die Biblikasiebeampte van die Afdeling te besorg, moes ek ook by mev Fourie 'n draai gaan maak, waar sy juis besig was om die maand se Biblikasienuus in orde te kry ...

DIE TIKKEL-TOKKE



Mev Minda Meyer gaan vanaf die 3de Desember met 'n welverdiende verlof, nadat sy net so hard saam met haar twee dogters geleer het vir die eksamen. Die vooruitsigte van 'n heerlike vakansie is daar. Minda gaan in 'n groot huis bly met twee bediendes, 'n swembad, 'n speletjieskamer met tafeltennis en om die kroon te span 'n draagbare TV sowel as 'n gewone TV. Minda gaan sommer in die swembad lê en TV kyk.

Mev Irene Venter gaan ook vanaf die 15de Desember met verlof. Sy gaan nou weliswaar nie na 'n vakansiedorp in die spreekwoordelike sin van die woord nie, maar as manlief Neels daar is, is Kimberley net die plek vir 'n aangename vakansie.


Mejj Marie Schoeman, Elsa Lategan en Chrissie Potgieter voel dat hulle nie nou 'n blaaskansie nodig het nie en sal dus sorg dat die afsluitingsparty op die 23ste Desember die moeite werd sal wees.

Kindersiekte het mev Marietjie Willemse 'n lelike streep getrek. Marietjie het so vreeslik gespog met haar sewe dae verlof en daar moet sy toe noodgedwonge die kosbare verlof neem omdat haar seuntjie masels opgedoen het.

Ons is darem nou ook baie bly dat rakkontrole verby is. Dit was nogal 'n ondervinding om plat op die grond in Africana te sit en die boeke te kontroleer.

'N KELDER WAAR TYDSKRIFTE (EN NIE BOTTELS) GEBERG WORD

Die Kelder word gewoonlik as 'n stil en afgesonderde deel van die Biblioteek beskou. Ons wens almal wat met die "Groot Trek" behulpsaam gaan wees sterkte toe. Mag die rus en stilte weer spoedig in die Kelder heers.



"Jy is afgedank!"

HIER WORD HEGTE BANDE GEBIND

Die gesegde - toe kom die eerste perd derde - is algemeen. Maar wanneer die eerste perd wel eerste kom dan kry mnr Luüs kersgeskenke, sommer so R1 600 op 'n slag.

Hier is nog algehele chaos in die bindery, pakplek is beperk en die vloer kan maar net nie herstel word nie. 'n Heen-en-weertjie na die bindery beteken om by die sy deur (buitekant) toegang te verkry.

WAAR DIE BIB SE GELD BESTEE WORD:


Mej Annemarie du Toit is reeds met verlof om die finale afrondings in hul nuwe tuiste aan te bring voordat sy en Calie op 10 Desember in die huwelik bevestig word. Ons beste wense vir jare van geluk word hiermee oorgedra. Na ons verneem gaan hulle vir 'n week lui-lekker ontspan by die Wildernes.

Ons is bly om mej Annatjie Momberg weer terug in die afdeling te verwelkom. Sy het besoek gaan aflê by die Arcadia-kliniek en haar mangels daar agtergelaat.

Hier in die Aanskafafdeling is alles in rep en roer en elkeen moet sy volle gewig inwerp om al die addisionele bestellings so vinnig as moontlik deur die proses te kry. Ons hoop om teen 15 Desember die voet van die brandstofpedaal na die rem te verskuif anders sal ons dalk op 23 Desember in die ry moet uitspring. Dink gerus maar aan ons in ons ywer.

## ONS BEMAN DIE JODE KLAVIER

Kleingeld is deesdae 'n groot verskrikking vir almal wat daar moet werk. Dit is met groot dankbaarheid dat ons kennis geneem het dat mnre Tinus Pelser en Robbie Pols bedags daardie punt beman en die dames nie meer etenstye daar hoef af te los nie. Noudat die eksamens verby is wil dit selfs lyk asof Oom Gagie-hulle se vakansie alreeds aangebreek het. Ons weet egter, dat daar altyd bedrywigheid is, al word die res van die biblioteek nie gebruik nie.






## "'N BOER MAAK 'N PLAN":

Mnr Peter Lor het toe mos verlief geraak op die allermooiste Franse modelletjie, byname Snazzy. Mag hy en die Citroën saam baie gelukkige jare beleef. Ons hoop Monica sal vir haar 'n goeie oppaster wees tydens sy militêre diensplig in Desember.

Mej Jeanne Joubert het besluit diamante is 'n goeie belegging, en hiermee bedoel ons nie net die diamant aan haar vinger nie maar ook die een in die persoon van mnr Pierre Cilliers. Selfs die aanhoor van die tyding dat hy in Januarie militêre diensplig moet ondergaan het die skittering in haar oë nie laat verdof nie. Intussen gaan hulle in Desember na haar broer se troue in Windhoek ten einde vas te stel hoe die dinge gedoen word.

Mev Lorraine Erasmus het reeds haar bikini's uitgeskud vir die vakansie op Port Edward. Die vakansie sal moet opmaak vir die volgende twee jaar wanneer Danie militêre diensplig gaan doen.


Mnr Johan Engelbrecht hou vakansie op Stilbaai en Stellenbosch. Ons hoop net nie Deon gaan te veel bederf word deur albei oupas en oumas nie.

Mnr Rolf Tönsing het besluit om sy vakansie by die huis deur te bring. Ons sien hom darem af en toe wanneer hy in die Biblioteek aan sy studies kom werk.

Ons wens mnr Piet de Kock by voorbaat geluk met die uitslag van die eksamen. Dit is in elk geval nie aan die regstudies te wyte dat Piet so wetsgeleerd is nie!

Mej Marie Nortjé is natuurlik só opgewonde dat sy vir die volgende ruk aan beheer van die afdeling gaan wees dat sy net nie kan ophou om vir almal te vertel nie.

## IN TWEEDE VERSNELLING



Desembermaand! Vakansietyd! Merensky-loop-alweer-leeg-tyd! Maar, daar is egter ook die minder aangename - 'n klomp wat ons gaan verlaat.

Mev Marié Botha het klaar getrek - altans sy is nou weduwee. Haar ander helfte woon reeds in Krugersdorp - en sy vir oulaas by haar ma. Gelukkig is die 23ste om die draai.

Mej Elsa Muller is nou so moeg. Haar kop steek omtrent net-net bokant die lessenaar uit. Sy sal haar vakansie sekerlik geniet. Hoop 1978 sal minder dol wees Elsa!

Mev Cora Moolman het verlof geneem om eers al die agterstallige naaldwerk op datum te bring. Daarna gaan sy so 'n kort besoekie aan haar ouers bring. (Gelukkig is sommige ouers in Durban woonagtig!) Geniet die rustyd, Cora. Moontlik is die MBA studente van volgende jaar meer veeleisend as hierdie jaar se groep!

Onse Annie hou alreeds vakansie. Sommige van haar studente kan net nie glo dat hulle juffrou Pienaar ook vakansie kan hou nie - maar aan alle goeie dinge kom ook 'n einde - so ook aan Juffrou Pienaar se uithouvermoë. Lekker rus, Annie!

> The printing-press is either the greatest blessing or the greatest curse of modern times, one sometimes forgets which.
>
> J.M. Barrie.


## "DIE EEN HAND WAS DIE ANDER":

IBL gaan hierdie vakansie na alle windrigtings, kompleet soos die pos wat hul daagliks hanteer. Mev Denise Wheeler en klein André gaan na Welkom, terwyl Pa Richard fiks word in militêre diens.

Mev Linda de Villiers en haar man gaan Strand toe terwyl mej Susna Hurn via Kimberley na Durban gaan. Mev Susan Scheepers se "vakansie geld" is in 'n nuwe woonstel belê. Mej Wilma Shipman het reeds 'n heerlike vakansie agter die rug. Mev Sannie Hattingh verwag dat haar man reeds met Kersfees sal terug wees van sy militêre diens en dat hy dan die oestyd op die plot sal organiseer sodat sy van daardie ekstra pligte onthef kan word.

Aan almal van IBL, 'n baie aangename vakansie tydens die Kerstyd en aan almal wat weggaan, kom veilig tuis!

AFDELING VIR (WEG-)LOPENDE PUBLIKASIES




Mnr Jakkie Schlebusch en sy vrou gaan aan die Natalse kus alles van eksamens en harde werk vergeet.


Mev Barbara Gunther het ook 'n seevakansie voor, maar eers gaan hulle in 'n nuwe huis intrek. Ons hoop dit gaan die begin van 'n heerlike verblyf wees.

Mev Annemarie Geldenhuys en haar man is die toekomstige huisouers van Huis Davidtzs. Ons vertrou dat die vakansie in Namakwaland 'n goeie rustyd sal wees voordat hul hierdie nuwe pligte aanvaar.

Mej Esmarie Kotzé gaan haar goeie burgerskap daadwerklik beoefen deur vir 'n maand lank vir die weermag te gaan werk.

Mev Alma Cronjé gaan solank 'n voorsmakie kry van hoe dit in die pastorie sal gaan. Ons vertrou dat hulle die tydjie in Bethlehem sal geniet.

Mev Rolene van der Bergh is pas terug van vakansie. Saam met mej Anne van Zyl, mevv Innarie Annandale en Hester Strydom sal hulle die fort hou in Pretoria. Innarie het darem die vooruitsig om saam met haar man op sy rondtes te ry terwyl Hester hoop om 'n draai in Bloemfontein te maak in die nuwe jaar.




NOG 'N VORM!?

KAARTJIES-INSORTEER-ONTTREK-HERNUWING-STATISTIEK-SPAN

Deesdae is daar ongekende kleure en geure by die toonbank vandat mej Mariëtte Bothma tot die Merensky-personeel toegevoeg is - ons wonder net of dit sy is of haar ma wat so 'n ywerige tuinier is!

Erekleure -'n dux-medalje, is onlangs aan mej Magriet Bruyns toegeken vir haar besondere leierseienskappe en prestasie in die breë studentegemeenskap. Baie geluk met dié prestasie Magriet. Is dit waaraan jy naweke so hard "werk"?

Mev Maretha Kuhles is weer haar ou self en baie bedrywig vandat die eksamen verby is. Sy beplan net wat sy nog alles moet doen voordat hulle Duitsland toe gaan. Bon voyage Maretha!

Mej Ilse Pellissier praat deesdae maar min - sou dit wees omdat sy hartseer is om weg te gaan of sou daar dalk 'n ander rede wees? Sterkte met die skoolhou wat voorlê Ilse - ons sal jou mis hier by die toonbank.

Mev Alida Dippenaar is baie besig vandat mnr Otto nie hier is nie. Sy moet die "fort hou" en nog seminare ook uitwerk so tussen die werkery deur. Moedhou Alida - dis amper Kersfees!

Pligsgetrouheid en ywerigheid word by mev Marietjie Verster bespeur. Sy geniet haar werk só baie dat sy die skoonmaker een oggend om kwart oor vyf gedwing het om vir haar die deure oop te sluit! Mooi so Marietjie, hou so aan!

OP DIE SOLDER GAAN DIT SOMS HOLDERSTEBOLDER





Een ding is seker: vir die "topbestuur" hier op die topverdieping lê daar 'n tyd van groot plesierigheid voor.

Mnr Peet van der Merwe het die voortou geneem en is alreeds met vakansie. Hy bly vanjaar tuis, om glo 'n bietjie te "werk". Nog 'n tuisblyer is mej Ingrid Orban wat net wil naaldwerk doen en langs die swembad lê en rus. Mej Amanda Nel en mev Susara van Wyk gaan vir drie weke in die branders baljaar, by Keurboomsrivier en Plettenbergbaai onderskeidelik. Mnr Jos Davies en sy gesin gaan op Tzaneen kuier en mev Marieta Harteveld gaan saam met haar skoonouers Swakopmund toe. Mev Susan Swanepoel bêre die lekker vir later - hulle gaan in Januarie Drakensberge toe. Mej Alna Jordaan gaan eers kyk hoe dit op Kommetjie lyk en verder op haar ouers se plaas kuier.

Die lekkerste vooruitsigte is dié van mej Cora van der Merwe. Kort voor Kersfees gaan sy die getroude lewe aandurf, wittebrood hou in die Drakensberge en dan Laeveld toe waar hulle hul in Nelspruit gaan vestig.

DIE REDAKSIE WENS U ALMAL 'N GESEËNDE KERSFEES EN BAIE VOORSPOED IN DIE NUWEJAAR TOE



"Meneer, jy weet jy mag nie radio's in die biblioteek gebruik nie!"

VERJAARSDAE

Ons hartlike gelukwense vir 'n baie aangename verjaarsdag gaan aan julle almal!

Desember

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7 | Mej A Pienaar | - | Vakreferente |
| 16 | Mev B Gunter | - | Tydskrifte-afdeling |
| 24 | Mnr M J van Vuuren | - | Bindery |
| 26 | Mev A Kleu | - | Aanskafafdeling |
| 26 | Mev L de Villiers | - | IBL |
| 26 | Mev G Wilkes | - | Kelder |
| 31 | Mej J Breed | - | Aanskafafdeling |

Januarie

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Mnr P D de Kock | - | Beplanning |
| 5 | Mnr M Pelser | - | Kleingeld |
| 7 | Mej M Bruyns | - | Leenafdeling |
| 9 | Mev A Fisher | - | Landboubiblioteek |
| 11 | Mnr D Schwartz | - | MacFadyen-biblioteek |
| 15 | Mej M Schoeman | - | Ontsluiting |
| 16 | Mev M Botes | - | Aanskafafdeling |
| 17 | Mnr W Gagiano | - | Reproduksie-afdeling |
| 18 | Mev M Willemse | - | Ontsluiting |
| 24 | Mnr J Schlebusch | - | Tydskrifte-afdeling |
| 24 | Mev B Matzopoulos | - | Aanskafafdeling |
| 28 | Mev A Lessing | - | Ontsluiting |
| 30 | Mnr R Pols | - | Kelder |
| 30 | Mev E du Plessis | - | Aanskafafdeling |

# TOTSIENS

Die einde van die jaar is onafwendbaar ook die tyd van afskeid. BIBLIKASIE wil graag almal op hul onderskeie weë sukses en voorspoed toewens.

Die tiksters moet hierdie maand afskeid neem van mev Dricky Heystek. Dricky en haar man, Joost, vertrek na Worcester waar Joost sy doktorale studies sal voltooi. Dit alles klink baie opwindend en voeg dan nog daarby dat hulle tuiste vir die volgende paar maande 'n woonwa gaan wees, dan klink dit asof Dricky 'n lang uitgerekte vakansie tegemoet gaan.

Mnr Hendrik Bosman was sedert 21 Julie 1976 by die Voorgraadse Studieversameling van die Merensky-biblioteek werksaam. Hy verlaat ons om vir militêre opleiding te gaan.

Nog 'n manlike lid van die personeel wat ons verlaat is mnr Gerhard Potgieter. Gerhard se drome is besig om waarheid te word. Sy groot belangstelling is natuurbewaring en hy het 'n aanstelling aanvaar as wildbewaarder op Bloemhof.

Mej Cora van der Merwe het regtig hier-en-daar grondgevat. Dit is trek-na-Nelspruit, leer-vir-die-eksamen, maak-van-trourok en al die ander reëlings.

Mej Carien Human het almal onverhoeds betrap met haar skielike bedanking om 'n pos vroeg in Januarie by UNISA te aanvaar. Voordat sy haarself egter daar gaan aanmeld, gaan sy eers die see en son van Glenmore-strand opsoek.

Mej Ina Muller word 'n Kapenaar. Sy verruil die Merensky-biblioteek vir die tweeman bibliotekie van die Onderwyskollege te Graaff Reinette en sal moontlik ook 'n woonstelletjie in een van die koshuise aldaar betrek.

Mej Ilse Pellissier keer terug na haar eerste liefde, die onderwys. Ilse gaan die nuwe Aardrykskunde-onnie van die Afrikaanse Hoër Meisieskool wees. Met die skool net om die draai sal ons hopelik nog heelwat van haar te siene kry.

Mej Rita Erasmus wil glo so na as moontlik aan die see bly en het toe 'n pos aanvaar by die Natalse Provinsiale Biblioteekdiens en sal van-af Januarie in Pietermaritzburg te vinde wees.


REDAKSIE:

| | | |
|---|---|---|
| *Redaktrise:* | - | *Mej I M Pellissier* |
| *Sub-redaktrise:* | - | *Mev M L Kuhles* |
| *Sub-redaktrise:* | - | *Mev B von Ehrenberg* |
| *Tikster:* | - | *Mev M-L Erasmus* |
| *Medewerkers:* | | |
| *Bestelafdeling* | - | *Mev E W du Plessis* |
| *Bindery* | - | *Mnr C F Buys* |
| *Leendienste* | - | *Mev M Verster* |
| *Ontsluiting* | - | *Mev H Fourie* |
| *Sosiale Komitee* | - | *Mev M L Kuhles* |
| *Tiksters* | - | *Mev I Venter* |
| *Tydskrifafdeling* | - | *Mev B C Gunter* |
| *Vakbibliotekarisse en -assistente* | - | *Mej C Claassens* |
| *Onderstepoort* | - | *Mej R Erasmus* |
| *BMW* | - | *Mej E Klopper* |
| *Medies* | - | *Mev A vd Watt* |
| *Landbou* | - | *Mej J du Preez* |
| *MacFadyen-biblioteek* | - | *Mnr V E Hulme* |
| *Diskoteek* | - | *Mev C Coertze* |
| *Fisiese Versorgers* | - | *Mnr W S H Porter* |
| | - | *Mej W Shipman* |

# FOTOBLAD


## totsiens



Mnr Gerhard Potgieter
Regsgeleerheid



Mej Ina
Muller
Ontsluiting



Mnr Hendrik Bosman
Voorgraadse Studieversameling



Mej Cora van der Merwe
3de Verdieping



Mev Dricky Heystek
Tikster



Mej Ilse Pellissier
Leendienste



Mej Rita Eramus
Veeartsenykunde-biblioteek

# Redaksie '77



ILSE PELLISSIER

MARETHA KUHLES

BABS VON EHRENBERG

LORRAINE ERASMUS



Die Sosiale Komitee:
Voor: v.l.n.r. mejj. Chrissie Potgieter, Ingrid Orban, mev Maretha Kuhles, mejj Christelle Claassens en Jo Breed
Agter: mejj Valerie Snodgrass en Dalena vd Mer




Mej Marie Nortjé, mevv Denise Wheeler, Susan Scheepers en Linda de Villiers



Mej Anna-Mari Honiball, mev Lorraine Erasmus en mej Alida Smuts

# Afsluitingsfunksie !





Ons gaste in ernstige en vrolike luim: v.l.n.r. proff A N Pelser, E D Gerryts, mnr E J V Hoon, mnr W W Duminy, mnr T C Coetzer en prof N Sauer